

DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEK; 'N ONDERSOEK NA
SY ROL EN STATUS IN DIE UNIVERSITÊRE OPSET

deur

Johannes Alwyn Jacobs

B.A., B.A. Hons. (Bibl.), H.D.B.

Verhandeling voorgelê ter voldoening aan
die vereistes vir die graad

MAGISTER BIBLIOTHECOLOGIAE

in die fakulteit Lettere en Wysbegeerte

Departement Biblioteekkunde

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bloemfontein

1975

VOORWOORD

"DEO OMNIS GLORIA"

Aan professor P.G.J. Overduin my opregte dank en waardering vir sy bekwame leiding.

Die hulp van die volgende persone word eweneens met dank erken:

Die universiteitsbibliotekaris in Suid-Afrika vir die insiggewende inligting wat aan die hand van 'n vraelys voorsien is.

Meneer J.H. Viljoen van die departement Biblioteekkunde vir sy gewaardeerde hulp met hoofstuk vyf van die verhandeling.

Die personeel van die U.O.V.S.-biblioteek wat behulpsaam was met die verkryging van materiaal.

Mevrou C. Wright vir die tik van die verhandeling.

INHOUDSOPGAWE

<u>HOOFSTUK</u>		<u>BLADSY</u>
	<u>VOORWOORD</u>	ii
I	<u>INLEIDING</u>	1
II	<u>TAAK VAN DIE UNIVERSITEIT</u>	5
	1. Algemeen	5
	2. Ontstaan van die universiteit	6
	a. Totstandkoming van die univer= siteit in die Middeleeue	6
	b. Totstandkoming van die univer= siteit in Suid-Afrika	8
	3. Die universiteit en opvoedende onderwys	11
	4. Die universiteit en beroepsopleiding	17
	5. Die universiteit en navorsing	20
	6. Die universiteit en intellektuele en kulturele vorming	26
III	<u>DIE TAAK VAN DIE UNIVERSITEITS= BIBLIOTEEK</u>	32
	1. Algemeen	32
	2. Die universiteitsbiblioteek en uni= versitêre onderwys	33
	a. Die oriëntasie van eerstejaar= studente	42
	b. Oriënteringsbesoeke	43
	c. Gedrukte handleidings	43
	d. Voortgesette voorligting in die gebruik van die biblioteek	43
	e. Samewerking met doserende per= soneel	45
	3. Die universiteitsbiblioteek en uni= versitêre navorsing	47
	a. Aard en funksie van universitêre navorsing	47

(i)	Voorgraadse studente	52
(ii)	Nagraadse studente	53
(iii)	Dosente	56
b.	Spesiale dienste ten behoeve van universitêre navorsing	59
(i)	Lektuurberigdiens	59
(ii)	Rekenaar	64
(iii)	Selektiewe disseminasie van inligting	67
(iv)	Vakreferente	73
(a)	Verhouding tussen biblioteek en vakreferent ...	79
(b)	Plasing van die vakreferent	83
(c)	Finansiële implikasies	84
4.	Die universiteitsbiblioteek en die intellektuele en kulturele vorming van die student	86
IV	<u>DIE BIBLIOTEEK IN DIE AKADEMIESE OPSET VAN DIE UNIVERSITEIT</u>	94
1.	Die beeld van die universiteitsbiblioteek	94
2.	Die oordragfunksie van die universiteitsbiblioteek	97
a.	Die opbou van die voorraad	99
(i)	Die naslaanvoorraad	99
(ii)	Die voorgraadse versameling	99
(iii)	Die nagraadse versameling ..	100
(iv)	Die algemene voorraad van die biblioteek	101
b.	Die bewaar en organiseer van die voorraad	101
c.	Die beskikbaarstelling van die voorraad	103
d.	Die gebruik van die voorraad	106
e.	Biblioteeksamewerking	108
3.	Die onderrigfunksie van die universiteitsbiblioteek	113

4.	Die integreringsfunksie van die universiteitsbiblioteek	117
5.	Die rol van die universiteitsbibliotekaris	122
a.	In die bereiking van akademiese doelwitte	122
b.	In die bevordering van biblioteekkundige navorsing	125
c.	In die handhawing van positiewe en doelgerigte openbare betrekkinge ..	127
d.	In die bepaling van professionele status	129
e.	Wat is akademiese status	132
f.	Waarom akademiese status	133
g.	Die eise van akademiese status	136

V DIE BIBLIOTEEK IN DIE ADMINISTRATIEWE STRUKTUUR VAN DIE UNIVERSITEIT 139

1.	Die biblioteek vanuit die oogpunt van die sentrale administrasie	139
a.	Inleiding	139
b.	Die biblioteek as 'n diensorganisasie	139
c.	Enkele redes waarom die biblioteek as 'n administratiewe eenheid gesien word	141
(i)	Bestuur	141
(ii)	Personeel	142
(iii)	Finansies	143
2.	Die biblioteek as 'n administratiewe eenheid	144
a.	Die administratiewe struktuur van die biblioteek	144
b.	Akademiese of fakulteitsbeheer	146
c.	Die biblioteek as 'n akademiese instituut	149
d.	Die biblioteekkomitee	150
(i)	Adviserende of beherende komitee	151
(ii)	Die samestelling van die komitee	154

(iii) Die funksies van die komitee .	155
e. Die rol van die universiteitsbibliotekaris	156
f. Die verhouding Rektor-Bibliotekaris	160
3. Die biblioteek en die bestuursproses ..	164
a. Algemeen	164
b. Leiding	165
c. Beheer	169
(i) Tipes beheer	170
(a) Beheer deur persoonlike waarneming	170
(b) Beheer by uitsondering ..	171
(ii) Stappe in beheer	173
(a) Die stel van standarde .	173
(b) Evaluering	175
(c) Korrektiewe stappe	177
d. Beplanning	179
(i) Vooruitskatting	180
(ii) Die stel van doelwitte	180
(iii) Programmering	180
(iv) Skedulering	181
(v) Begroting	181
(vi) Bepaling van prosedures	182
(vii) Die vorming van beleid	182
e. Organisasie	184
(i) Departementering	185
(ii) Personeeladministrasie	189
(a) Evaluasie van personeel .	191
(b) Oriëntering van personeel	192
(c) Status van personeel	193
(d) Indiensopleiding van personeel	193
(iii) Die skep van 'n organisasie=struktuur	195
(a) Die lynorganisasie	197
(b) Die lyn- en staforganisasie	198

	(c) Funksionele organisasie .	200
	f. Koördinasie	201
	g. Die belangrikheid van die korrekte toepassing van die bestuursproses in die universiteitsbiblioteek	204
VI	<u>OPSOMMINGS EN AANBEVELINGS</u>	207
	1. Opsomming van vraelyste	207
	a. Die universiteitsbiblioteek	207
	b. Die biblioteekkomitee	208
	c. Die universiteitsbibliotekaris	213
	2. Enkele aanbevelings	215
	a. Algemene beleid ten opsigte van die universiteitsbiblioteek	215
	b. Die biblioteekkomitee	217
	c. Die universiteitsbibliotekaris	218
	d. Beplanning	220
	e. Finansies	222
	f. Vakreferente	225
	g. Gerekenariseerde stelsels	225
	<u>BYLAES</u>	
	I. Lynorganisasie	228
	II. Lyn- en staforganisasie	229
	III. Funksionele organisasie	230
	IV. Vraelys	231
	<u>BIBLIOGRAFIE</u>	232

HOOFSTUK I

INLEIDING

Dat 'n goedgegeruste biblioteek 'n noodsaaklike vereiste vir die universiteit is, is 'n stelling wat vandag nie meer gekwalifiseer hoef te word nie.

Reeds in 1952 het dr. T.B. Davie in sy hoedanigheid as Rektor van die Universiteit van Kaapstad gesê:

"The library is the centrepoin^t around which a university develops."¹)

Daar is dan ook veel gedoen om die versamelings van universiteitsbiblioteke uit te bou en in doeltreffende geboue te huisves, in die volle besef dat die universiteit nie sy taak ten uitvoer kan bring sonder 'n biblioteek nie.

Die blote aanwesigheid van 'n doeltreffende gebou met 'n indrukwekkende versameling is egter nog geen waarborg dat die biblioteek die fokuspunt van die akademiese lewe op die kampus is nie. Die gebruik van die biblioteek is net so noodsaaklik as die biblioteek self, en die vermoë om die biblioteek ten volle te benut miskien net so belangrik as die waarde van 'n graad in die lewe van 'n mens. Vir té veel studente is die biblioteek nog die plek waar boeke gekry kan word in stede daarvan dat dit die plek moet wees waar hulle hul kennis kan verbreed en gelei kan word op 'n weg tot selfstandige denke en volwassenheid.

1. Davie, T.B.: The university library. South African libraries, vol. 20, no. 2, October 1952, p. 25.

Dit kan net bereik word as die besef by almal tuisgebring kan word dat universitêre opleiding nie in die lesingkamer of laboratorium eindig nie, maar in die biblioteek, wat die werk van die lesingkamer moet ondersteun en afrond. Vir hierdie rede is daar goeie geboue, voldoende voorraad en opgeleide bibliotekarisse. Die bibliotekaris is daarom nie die assistent van die dosent nie, maar die vennoot wat die opleiding wat in die klaskamer begin is, moet voortsit.

Dit is verder noodsaaklik dat die doel en funksie van die biblioteek ook vir die universiteitsowerhede duidelik moet wees sodat daar met reg oor die aansprake van die biblioteek geoordeel kan word.

As daar egter met erns gekyk word na die plek wat die biblioteek in werklikheid inneem in die universitêre opset van vandag, dan is daar tog veel te bespeur wat die vraag by menige bibliotekaris na vore laat tree of die aandeel van die universiteitsbiblioteek in die uitvoering van die taak van die universiteit werklik ten volle begryp en na waarde geag word. Is die klag van L. Jolley, bibliotekaris van die Universiteit van West-Australië, naamlik:

"In too many universities librarians exist in glorious but frustrating isolation"¹⁾

nie miskien nog die ondervinding van menige universiteitsbibliotekaris nie?

Die doel van hierdie studie is om enkele aspekte betreffende die rol van die universiteitsbiblioteek van naderby te

1. Jolley, L.: The function of the university library. Journal of documentation, vol. 18, no. 3, September 1962, p. 139.

beskou en lig te werp op sy aandeel in die uitvoering van die taak van die universiteit, en om 'n bydrae te lewer ter oplossing van probleme wat die dienste van die biblioteek enigszins mag belemmer.

Die metode van ondersoek berus hoofsaaklik op die volgende:

Eerstens is 'n deeglike studie gemaak van literatuur wat op die onderwerp betrekking het.

Tweedens is die gegewens wat aldus verkry kon word krities ontleed en getoets aan die eis van 'n persoonlike siening en gevolgtrekkinge waartoe gekom is na 21 jaar ondervinding in 'n universiteitsbiblioteek waarvan die laaste 16 jaar in 'n senior hoedanigheid was.

Derdens is daar gebruik gemaak van gegewens wat deur middel van vraelyste verkry is van twaalf Blanke universiteite in Suid-Afrika, en was dit moontlik om die benaderings hier te lande ten opsigte van enkele aspekte te vergelyk met gegewens wat uit die studie voortgekom het.

Die taak van die universiteitsbiblioteek en dié van die universiteit self kan nooit geskei word nie, en daarom word daar by die aanvang van hierdie studie kortliks verwys na die ontstaan van universiteite in Suid-Afrika en word die taak van die universiteit in die algemeen bespreek. Dit word opgevolg met 'n besinning oor die taak van die universiteitsbiblioteek self en sy aandeel in die akademiese opset van die universiteit.

In hoofstuk V word 'n uiteensetting gegee van die plek van die biblioteek in die administratiewe struktuur van die universiteit met beklemtoning van sy beheer in verhouding tot

die sentrale administrasie en word daar vasgestel tot welke mate die interne organisasie van die biblioteek voldoen aan die beginsels van 'n gesonde organisasiestruktuur.

Die studie word afgesluit met enkele gedagtes oor die toekoms van die universiteitsbiblioteek in die lig van tendense wat nou reeds waarneembaar is, en waarmee rekening gehou sal moet word in enige toekomstige beplanning sodat tydige oplossings gevind kan word.

HOOFSTUK II

DIE TAAK VAN DIE UNIVERSITEIT

1. ALGEMEEN

Die universiteitsbiblioteek is een van die belangrikste steunpilare waarop die bestaan van die universiteit berus, en seker ook een van die belangrikste faktore wat 'n bydrae kan lewer om sy voortbestaan te verseker. Dit is met die hulp van die biblioteek dat die program van die universiteit ten uitvoer gebring kan word, en die plek van die universiteitsbiblioteek kan daarom nooit geskei word van die plek wat die universiteit in die moderne samelewing beklee nie.

Die taak en funksies van die universiteitsbiblioteek word direk bepaal deur die taak en funksies van die universiteit self. Die universiteit is vir die suksesvolle uitvoering van sy onderrig- en navorsingsfunksies op die universiteitsbiblioteek aangewys, en wel tot so 'n mate dat daar vry algemeen na die universiteitsbiblioteek verwys word as die "hart" van die universiteit.

Professor H.J. de Vleeschauwer wys egter daarop dat die universiteit eers teen die helfte van die 19e eeu bewus geword het van sy tweeledige taak van onderrig en navorsing. Dit beteken dat die universiteit vir bykans ses eeue die oordrag van kennis as sy enigste taak gesien het soos blyk uit die volgende aanhaling:

"the uninterrupted transmission of science and knowledge to the rising generation and thus in the preservation and perpetuation of the accumulated knowledge of the forebears". 1)

In daardie tyd was daar van behoorlike biblioteke nie juis sprake nie en dit was eers nadat die universiteit bewus geword het van sy navorsingstaak en die daarmee-gepaardgaande oplewing van die wetenskappe dat die universiteitsbiblioteek as 'n wesenlike faktor op die voorgrond getree het.

In die lig van die bewering egter dat die taak van die universiteitsbiblioteek deur die universiteit self bepaal word, is dit vooraf nodig dat die taak van die universiteit van naderby beskou moet word.

2. DIE ONTSTAAN VAN DIE UNIVERSITEIT

a. Die totstandkoming van die universiteit in die Middeleeue

Alhoewel die ontstaan van die Middeleeuse universiteit nie aan 'n besondere datum gekoppel kan word nie, kan daar tog met sekerheid vasgestel word dat die universiteit gedurende die twaalfde en dertiende eeu reeds 'n duidelike vorm aanneem het.

Die skool te Salerno wat omstreeks 1080 ontstaan het, het hom in hoofsaak toegelê op die onderrig in medisyne, terwyl dié te Bologna (plus minus 1158) meer bekend was vir sy onderrig in die Romeinse Reg. Die leerlinge aan hierdie inrigtings het hulself in 'n gilde of vereniging bekend as die

1. De Vleeschauer, H.J.: The university library; its nature and function (part one). Mousaion, no. 59, p. 11.

"Universitas scholarium" georganiseer na voorbeeld van die handelaars of vakmanne van die tyd.¹⁾ Dit is hierdie sogenaamde gilde of korporasie van studente wat die eintlike begin was van die Middeleeuse universiteit.²⁾

Die doserende personeel op hulle beurt het ook in 'n liggaam verenig wat bekend gestaan het as die "Universitas magistrorum". Hierdie liggaam het gedien tot onderlinge beskerming vir lede van die gilde, en het verseker dat slegs leerlinge met die nodige kwalifikasies aanspraak maak op die titel van "Meester".³⁾

Die begrip universiteit soos ons hom ken was in die Middeleeue bekend as "Studium generale" wat eintlik skool beteken, 'n skool wat tot beskikking was van alle studente. Die "Studium Particulare" daarenteen was 'n skool slegs tot beskikking van diegene uit 'n bepaalde lokaliteit of omgewing.

'n Verdere ontwikkeling vind plaas as daar omstreeks 1180 te Parys 'n "Universitas magistrorum et scholarium" aangetref word wat nou bestaan uit 'n liggaam van dosente en leerlinge, en wat in 1215 selfs 'n statuut verkry waardeur hul regte beskerm word. In die 14e eeu kom die term "Universitas magistrorum et scholarium" reeds algemeen voor, en in die 15e eeu begin die "studium generale" in onbruik raak.⁴⁾

-
1. Fehl, N.E.: The idea of a university in East and West, p. 37.
 2. Coetzee, J.C. & Van Rooy, D.J.: Beginnels en metodes van die hoër onderwys, p. 15.
 3. Fehl, loc. cit.
 4. Fehl, op. cit., p. 38.

Die Middeleeuse universiteit was 'n inrigting vir die dosering van die wetenskap as toerusting vir die vernaamste professies, naamlik teologie, regte en medisyne, en dit is eers na die Renaissance-Humanisme dat 'n tweede aspek na vore tree, naamlik die uitbreiding van die wetenskap deur selfstandige ondersoek.¹⁾

Die hedendaagse universiteit kan met reg gesien word as 'n erfstuk van die twee universiteite te Bologna en Parys. Bologna wat hom in hoofsaak besig gehou het met die professionele opleiding, naamlik om mense op te lei na die eise van die handel en die internasionale regsweese. Parys daarenteen was veel meer teoreties en het hom toegelê op die wetenskap in diens van die mensdom, staat en kerk. Die meeste universiteite in die tyd van die vroeë Renaissance het ontstaan na die beeld van hierdie twee universiteite en ook in die hedendaagse universiteit is beide hierdie eienskappe aanwesig.

b. Die totstandkoming van die universiteit in Suid-Afrika

Seker een van die eerste verwysings na 'n universiteit in Suid-Afrika is die in klousule I van Wet nommer 16 van 1873, meer algemeen bekend as die "University Incorporation act", wat as volg lui:

"Whereas it is expedient for the better advancement of sound learning amongst all classes of her Majesty's subjects in this Colony to establish and incorporate an University at the Cape of Good Hope".

Die wet bepaal dan ook voorts dat hierdie universiteit bekend sal staan as die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop.²⁾

1. Coetzee, op. cit., p. 17.

2. Statutes of the Cape of Good Hope 1652 - 1895, vol. 2, p. 1286 - 7.

Voor hierdie tyd is die hoër onderwys waargeneem deur 'n aantal kollegas waarvan die "South African College" te Kaapstad wat in 1829 gestig is, seker een van die belangrikstes was. Naas hierdie kollege moet egter ook die name genoem word van die Gymnasium te Stellenbosch, later genoem die Victoria Kollege, die Hugenote Kollege te Wellington, die Grey Kollege te Bloemfontein en die St. Andrews Kollege te Grahamstad.

In 1858 word 'n "Board of Public Examiners" in die lewe geroep wat as eksaminerende liggaam vir die verskillende kolleges opgetree het en sertifikate uitgereik het in die Lettere en Wetenskappe aan kandidate wat aan die nodige eksamenvereistes voldoen het. Hierdie Raad het wel geen grade toegeken nie, maar sy werksaamhede kan beskou word as die eerste treë op die pad van 'n universiteit in Suid-Afrika, want na sy ontbinding in 1873 toe die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop volle universiteitstatus gekry het, het die Universiteit die funksie van die Raad oorgeneem as eksaminerende liggaam vir studente van die kolleges.

Die magte van die universiteit van die Kaap die Goeie Hoop is hierna uitgebrei sodat eksamens buite die Kaapkolonie ook ingesluit kon word. Baie van die kolleges het geleidelik weggedoen met opleiding op voor-matrikulasie vlak en het volwaardige kolleges van hoër onderwys geword.

Teen 1910 het die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop byvoorbeeld opgetree as eksaminerende liggaam vir die volgende kolleges:

Suid-Afrikaanse Kollege Kaapstad
Victoria Kollege Stellenbosch
Rhodes Universiteitskollege Grahamstad
Hugenote Universiteitskollege Wellington
Grey Universiteitskollege Bloemfontein
Natal Universiteitskollege Pietermaritzburg
Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie
Johannesburg
Transvaal Universiteitskollege Pretoria¹⁾

Na Unie-wording in 1910 het die hele toneel van universiteitsopleiding vinnig verander, en in 1916 maak die Universiteit van Zuid-Afrika Wet (Wet nommer 12 van 1916) daarvoor voorsiening dat die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop tot "een federale universiteit" by name "De Universiteit van Zuid-Afrika" omskep word, "en haar bestuurszetel word gevestigd te [Pretoria of enig ander centrum dat de Raad met toestemming van de Minister mocht bepalen]".²⁾ Hierdie universiteit het die volgende kolleges onder sy vleuels gehad, naamlik die Hugenote Kollege, Rhodes Universiteitskollege, Grey Universiteitskollege, Transvaal Universiteitskollege, Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie en die Natal Universiteitskollege. In 1921 word ook die Potchefstroomse Universiteitskollege by hierdie lys gevoeg.

Vanaf 1916 verander die hele prentjie ten opsigte van universitêre opleiding egter vinnig soos die volgende verloop aandui:

-
1. Suid-Afrika (Republiek). Raad vir geesteswetenskaplike navorsing. Instituut vir inligting en spesiale dienste. University education in the Republic of South Africa, p. 25.
 2. Unie-Wette. Geklassifiseerde en geannoteerde herdruk, 1910 - 1947, deel 5, p. 330.

- 1918: Die Suid-Afrikaanse Kollege Kaapstad word die Universiteit Kaapstad.
- 1918: Die Victoria Kollege Stellenbosch word die Universiteit van Stellenbosch.
- 1921: Die Suid-Afrikaanse Skool vir Mynwese en Tegnologie word die Universiteit van die Witwatersrand.
- 1931: Die Transvaal Universiteitskollege word die Universiteit van Pretoria.
- 1949: Die Natal Universiteitskollege word die Universiteit van Natal.
- 1950: Die Grey Universiteitskollege word die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- 1951: Die Rhodes Universiteitskollege word die Universiteit van Rhodes.
- 1951: Die Potchefstroomse Universiteitskollege word die Universiteit van Potchefstroom.
- 1965: Die Universiteit van Port Elizabeth kom tot stand.
- 1967: Die Randse Afrikaanse Universiteit kom tot stand.¹⁾

3. DIE UNIVERSITEIT EN OPVOEDENDE ONDERWYS

In die gewone sin van die woord beteken "onderwys" of "onderrig" die oordrag van kennis deur middel van die lewende woord. Onlosmaaklik hang hiermee saam die geskrewe woord wat as agtergrond en voedingsbron vir die lewende woord moet dien. Geen mens kan die lewende woord met vrug hanteer as hy nie eers geput het uit die ryke bron van die geskrewe woord nie.

Gedurende die Middeleeue het die klem in hoofsaak geval op die onderrigtaak van die universiteit, naamlik om die mens te onderrig in die bedrewenheid van 'n besondere beroep. Die meesters was die alleenbesitters van kennis omdat daar nie

1. Suid-Afrika (Republiek]. R.G.N. Instituut vir inligting en spesiale dienste, op. cit., p. 26 - 27.

boeke was nie, en die "studium generale" was die bewaarder en oordraer van kennis. In hierdie tyd het dit veral gegaan om die sogenaamde vrye kunste, naamlik die medisyne, regte en teologie, met ander woorde dit wat nodig was as toerusting van die mens vir sy tyd. Dit het ten doel gehad om die mens voor te berei vir die stoflike vereistes van die lewe, en ook om die mens op te voed en te aktiveer tot 'n sinvolle deelname in die kulturele en sosiale norme van die samelewing aan wie hy behoort en in wie se belang hy 'n bydrae behoort te lewer.

Dit was die taak van die dosent om in die proses van opleiding vir 'n beroep ook die mens te lei tot geestelike mondigheid en vaardigheid, tot menswees in die ware sin van die woord, om selfs materiële welvaart te sien as 'n middel tot 'n doel, 'n middel waardeur die mens in staat gestel word om sy kennis uit te brei en homself te ontwikkel en tot volle ont-plooiing te kom. Oorwegend hier was 'n begeerte tot kennis en 'n drang en liefde vir die waarheid. Die menslike gees moes so ontwikkel word dat dit selfstandig kon dink, ontleed en toepas in belang van die menslike bestaan.

Met verloop van tyd het kennis egter in omvang toe-geneem en het die oordrag daarvan steeds moeiliker en omvang-ryker geword. Vandag is die situasie sulks dat daar met reg gevrees kan word dat die oordrag van kennis dreig om die stu-dent se opleiding in so 'n mate te oorheers met die memoriseer van feite dat die vermoë tot selfstandige denke en ontleding nie tot volle ontwikkeling gelei kan word nie. Te meer nog, daar dit van die student verwag word om by wyse van toetse en eksamens bewys te lewer van dit wat hy wel kan memoriseer.

Op universitêre vlak mag dit in die eerste plek nie gaan om hoeveel die student in staat is om te leer en te memoriseer slegs met die oog op die eksamens nie. Die gevolg is dan weinig meer as 'n klakkelose weergawe van die lesing of diktaat van die dosent. Dit is nie universitêre opleiding nie, dit is nie selfstandige studie nie, en dit bevat geen eienskap van kritiese nadenke nie.

Soos wat dit by die suiwer en toegepaste wetenskappe gaan om onderrig en leiding in die lesingsaal en navorsing in die laboratorium, so moet dit vir die geesteswetenskaplike gaan om leiding en voorligting in die lesingsaal en selfstandige studie en navorsing in die biblioteek. Die biblioteek is niks anders as die geesteswetenskaplike se laboratorium nie.

Anders as wat dikwels die geval by die skool is, mag dit by die universiteit nooit gaan slegs om die oordrag van kennis nie. Geen student kan op dié wyse gelei word op die weg van selfontwikkeling en volwasse oordeel nie. Die universiteit moet nie net kennis bewaar en oordra nie, maar moet ook die opkomende gedagte vorm en so voorberei dat dit 'n onafhanklike en selfstandige bydrae kan lewer ter bevordering van die wetenskap. Sou die universiteit hierin nie slaag nie, sal die mensdom heel gou 'n gevaarlike proses van stagnasie ten prooi val.

Die skolier mag dit wat aan hom oorgedra word, aanvaar en as bewese beskou, maar die student moet dit wat aan hom oorgedra word aan 'n kritiese en grondige ondersoek onderwerp alvorens hy dit as die waarheid aanvaar. Die skolier mag leer en memoriseer met die oog op die eksamen - die student moet

ondersoek en krities oordeel met die oog op sy intellektuele vorming en akademiese afronding.

Baie goed som De Vleeschauwer dit op as hy sê:

"By its very nature the school is a dogmatic institution which aims at transmitting knowledge in the form of fixed inviolable truths, of faithful acceptances, of convictions and of compulsory directives of thought under the silent injunction of sic est against which there is no defence, or at least no defence accepted. The university on the other hand should set about it in an entirely different manner. Its teaching should subject the problematic features, the doubts and the uncertainties in the field of the transmitted knowledge, of proclaimed truth and the commended convictions, to a close scrutiny."¹⁾

'n Ander gevaar is die besondere vlak van spesialisasie wat vandag by universitêre onderwys aangetref word. Dit is 'n ongelukkige feit dat menige dosent die student slegs kan lei op die eng weg van sy besondere vakgebied. In meer as een opsig gaan dit eerder om die kennis van die besondere vakgebied as om die vakgebied te gebruik tot ontwikkeling van die menslike gees en denke. Soos Fletcher dit stel,

"The student then learns from a large number of experts but fails to relate them to a whole."²⁾

Fletcher is ook van mening dat universiteite nooit 'n bydrae sal kan lewer ten opsigte van die geestelike rykdomme waarmee die mensdom gevoed moet word nie tensy hulle onderrig en leiding daarop ingestel is om die mens te inspireer tot die hoë ideaal van 'n sinvolle bestaan ³⁾, dit wil sê nie die mens in sy

1. De Vleeschauwer, op. cit., p. 26.

2. Fletcher, B.: Universities in the modern world, p. 49.

3. Fletcher, op. cit., p. 48.

selfsugtige persoonlike selfbelang nie, maar die mens tot diens van sy medemens en die samelewing aan wie hy behoort.

Sover dit opvoedende onderwys aangaan is die taak van die universiteit om hom aktief besig te hou met die intellektuele en professionele vorming van die student. Hiervoor moet die denke van die student so ontwikkel word dat hy die skepping kan ken en weet hoe om dit te onderwerp en daaroor te heers. Met ander woorde om sy ware roeping as mens na behore te besef en te vervul.

Dit is ook die taak van die universiteit om die omstandighede moontlik te maak waardeur hierdie ontwikkelingsproses tot verwesenliking kan kom.

Beide dosent en student is aktief betrokke by die opvoedingsproses. Aan die een kant die dosent wat die opvoedingssituasie moet beheers en benut, en aan die anderkant die student wat hom aan hierdie situasie moet onderwerp, moet inneem en daarop moet reageer. Hoe hy hierop gaan reageer hang in 'n groot mate daarvan af hoe suksesvol die wisselwerking tussen dosent en student is, of kan ons dit so stel, met hoeveel geloof en vertrouwe die student dit wat die dosent aangebied het, aanvaar en op sy lewe van toepassing maak. Opvoeding bestaan daarin dat dit doelbewus en planmatig hulp en leiding moet verskaf aan diegene wat daaraan onderwerp word. Dit is 'n proses van onderlinge vertrouwe en agting, 'n proses nie net van oordrag van kennis nie, maar ook 'n verantwoordelikheid teenoor die leerling by wyse van vermaning, raad en selfs tug as dit nodig is met die oog op die bereiking van 'n vooropgeste ideale.

Nooit moet opvoedende onderwys gesien word as die uitvloeisel van 'n wetenskapsbeoefening nie. Veel meer die ingryp in die lewe van 'n mens wat uit die kennis en die navorsing as selfstandige ewewigtige mens te voorskyn kan tree om sy plek tussen mense in te neem in diens van sy Skepper en sy medemens.

Die student moet gesien word as 'n mens op pad na volwassenheid en dat hy in hierdie opsig steeds opgevoed moet word. Die aard en behoefte van die student dui daarop dat dit eintlik gaan om die opvoeding van die mens in sy totaliteit, en die universitêre opvoeding moet sulks wees dat dit die student se ontwikkeling volkome kan maak.¹⁾

Die universitêre opvoeding moet gesien word as 'n verlengstuk van die skoolopleiding, op 'n vlak in ooreenstemming met die ontwikkelingspeil en rypheid van die student. Hier in besonder die opvoeding van die student na siel en liggaam tot 'n volwaardige kultuurmens.

Deur die universitêre opvoeding moet die student ook so geleer en gelei word dat dit hom sal aanspoor en 'n begeerte by hom wek tot voortgesette studie en verstandelike ontwikkeling. Ook hier moet die Christelike benadering as riggsnoer dien. Dit moet die koers ondubbelsinnig bepaal en die rigting aandui waardeur die opvoedende onderwys tot sy volle ontplooiing en voleinding kom.

Dat hierdie doelstelling slegs verwesenlik kan word deur die dosent met geloof en oortuiging in sy taak, is seker.

1. Preller, S.J.: Die opvoedingstaak van die universiteit. Koers, vol. 37, no. 5, April 1970, p. 353.

Leermeesters wat besef en erken dat alles uiteindelik gaan om die ontwikkeling van die menslike gees. Die menslike gees wat krities kan ontleed en volwasse kan oordeel. Dit gaan nie slegs om 'n oordrag van gedagtes of idees nie, nie kennis of ervaring nie, maar 'n vermoë om te besin oor die waarde en beperkings van die menslike bestaan.

4. DIE UNIVERSITEIT EN BEROEPSOPLEIDING

Vroeër in hierdie hoofstuk is daarop gewys dat dit een van die eerste funksies van die universiteit was om mense op te lei vir bepaalde professies - teologie, regte, medisyne. Met ander woorde dit het basies daarom gegaan dat mense opgelei is om 'n bepaalde beroep te beoefen en nie om wetenskap as sodanig te bekom nie. Die gemeenskap het van die universiteit professionele mense ge-eis, en deur die eeue het die universiteit hom nog nooit slegs by die beoefening van die wetenskap alleen kon bepaal nie. Die samelewing eis dat mense in meerdere of mindere mate professioneel opgelei moet word, en met hierdie feit moet die universiteit wel deeglik rekening hou. Die Suid-Afrikaanse universiteit in besonder is onlosmaaklik verbind met sy vormingsfunksie en kulturele leiding aan die gemeenskap.

Die mening word egter gehuldig dat die suksesvolle beoefening van 'n beroep juis 'n gebalanseerde verhouding tussen professionele opleiding en akademiese vorming vereis, en daar mag nooit toegelaat word dat professionele opleiding akademiese vorming oorheers nie.

Daar is reeds op gewys dat die opvoedingsaspek tot op die vlak van universitêre opleiding deurgevoer moet word, en omdat die verkryging van kennis in der waarheid altyd vormend

inwerk, is dit duidelik dat universiteitsvakke nie verdeel kan word in beroepsvakke en vormingsvakke nie. Alle akademiese vakke is beroepsvakke omdat hulle 'n wetenskaplike basis tot beroepsuitoefening kan verskaf.¹⁾ Daar is wel 'n verskil tussen die opleiding van byvoorbeeld die medikus en die mikrobioloog, maar beide beroepe verg nog besondere beroepsvoorbereiding.

Professor Du Plessis omskryf die akademiese en kulturele voorbereiding van studente vir bepaalde beroepe as die "toepassingsfunksie" van die universiteit, en hy beweer dat as die universiteit die toepassing van die wetenskap self onderneem dit nogtans gedoen moet word met die oog op vermeerdering van kennis en voorbereiding vir 'n selfstandige beroepsbeoefening, en nie met die oog op winsvermeerdering nie.

Dit is so dat die samelewing en in besonder die beroepswêreld nog altyd na die universiteit opsien om beroepsopgeleide mense en 'n beroepsvoorbereide mens. In eersgenoemde geval gaan dit eintlik om 'n tegniese toegepaste opleiding, terwyl dit by beroepsvoorbereiding in besonder gaan om wetenskaplike voorbereidheid en veral opvoeding vir 'n beroep.

Die student moet nie met toegepaste en tegniese kennis opgelei word vir 'n bepaalde beroep nie, maar moet gevorm word as totale mens om kulturele leiding te gee aan die samelewing. Dit is met ander woorde nie die taak van die universiteit om 'n gespesialiseerde vakkundige te lewer nie, maar om 'n volledig toegeruste leier aan die samelewing te verskaf - 'n student wat

1. Du Plessis, P.G.W.: Universiteitsopleiding in Suid-Afrika vir die sewentiger jare. S.A.vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap, no. 29, Augustus 1971, p. 13.

as wetenskaplike en as bekleër van 'n beroep ook in staat is om kulturele leiding te gee.

Nou is dit onrusbarend dat die hedendaagse universiteit tekens toon dat hy begin swig onder druk van die vraag na beroepsopgeleide mense soos vereis word deur die beroepswêreld met sy onversadigbare drang na welvaart. Menige student sien die universiteit nie meer as 'n plek vir beroepsvoorbereiding nie, maar as 'n skool vir beroepsopleiding, en hoe gouer hy 'n graad of diploma kan verwerf, hoe gouer kan hy 'n goeie verdienste bekom.

Met huiwering, maar met reg kan die vraag egter gevra word of 'n gedeelte van die opleiding wat vandag aan universiteite gegee word, en wat met diplomas en selfs grade bekroon word, nie ewe tuis gebring kan word by kolleges vir gevorderde tegniese onderwys nie? Aan menige kollege word wel sekere kursusse parallel met dié van die universiteit aangebied, maar dit is tog opleiding wat hemelsbreed verskil met dié van die universiteit wat benadering, inhoud en metode betref. By die kollege gaan dit hoofsaaklik om toegepaste wetenskap, en val die klem op die aanleer van 'n wetenskaplike tegniek eerder as op die beoefening van die wetenskap as basiese fondament van alle navorsing.

Die universiteit mag nooit uit die oog verloor dat hy nie sy bestaansgrond het in die behoefte van een of ander instansie nie, maar om die wetenskap te beoefen waar die wetenskap self die voorwerp van studie, navorsing en onderrig is, en om die student te vorm tot selfstandige, volkome toegeruste kultuurmens en leier. Ook in sy wetenskaplike vorming moet die

universiteit die student tot selfstandigheid lei, en hom nie net voorberei vir 'n goeie verdienste nie.

Om in hierdie doel te slaag moet die universiteit beroepsopleiding verhef tot die verhewe vlak van alle akademiese werk; om die opleiding te laat deel in al die doelstellinge van die universiteit.¹⁾

Slegs wanneer die universiteit 'n beroepsvoorbereiding in plaas van tegniese beroepsopleiding verskaf, sou dit nie verkeerd wees om na die universiteit te gaan met die oog op 'n sekere beroep nie.

5. DIE UNIVERSITEIT EN NAVORSING

By die velerlei dinge wat van die universiteit verwag mag word, is twee eienskappe onbetwisbaar aanwesig wat wel met sekerheid verwag kan word, en dit is dat die universiteit in die eerste plek daar is om te sorg vir die verspreiding van kennis, en tweedens om te sorg vir die ontdekking van nuwe kennis, met ander woorde die navorsingstaak van die universiteit.

Soos reeds gemeld, het die Middeleeuse universiteit hom hoofsaaklik bepaal by die verspreiding van kennis en kultuur. Die klem het op die onderrig geval en wel met die oog daarop dat die student gehelp moet word om 'n volle begrip van die lewe te verkry. Wetenskaplike navorsing was in dié tyd grootliks onbekend.

By 'n besinning oor wat wetenskaplike navorsing eintlik behels, kom ons tot die besluit dat dit beskou kan word as die

1. Bingle, H.J.J.: Die beroepstaak van die universiteit. Koers, jrg. 37, no. 5, April 1970, p. 337.

derde stadium van 'n student se universitêre opleiding. Na 'n voorgraadse tydvak waar hy eerstens deur die dosent geleer is hoe om te studeer en tweedens ingelei is in die terrein van die wetenskap sodat hy met die nodige kennis en onderlegdheid sy studies kan aansluit by sy besondere belangstellingsrigting, bereik hy die derde stadium waar hy geleer word hoe om sy bevindings wetenskaplik in skrif saam te stel. Dit is in hierdie stadium waar hy geleer word hoe om te kies, te orden en saam te vat tot 'n geheel.¹⁾

Hier gaan dit nou nie meer om studie en onderrig nie, maar om selfstandige studie en navorsing. Dit gaan om 'n verdere vorming van die wetenskaplike soos dit tot uiting kom deur die navorsing waarmee hy hom geestelik verryk deur die uitbouing van sy besondere spesialisme. Voorgraadse werk is leer- en onderrigwerk. Nagraadse werk is 'n eie bydrae tot die wetenskap. Die vraag waaroor besin moet word is of dit die taak van die universiteit is om enkel maar aan die student die nodige vakkennis mee te deel tot nut van homself en sy medemens en of die universiteit hom ook moet bepaal by die werklike soekers en vorsers waar dit gaan om 'n soeke na die ware kennis, 'n drang na waarheid en 'n dors na wysheid.

Deur die eeue heen vind ons by die mens die onbedwingbare hartstog om te ken, te weet, te soek en te vind die kennis van goed en kwaad, en selfs deur te dring tot die kennis van die ewige en onverganklike.²⁾

-
1. Coetzee, J. Chr.: Nagraadse studie aan ons universiteite. Koers, jrg. 22, no's 5 en 6, April/Junie 1955, p. 270.
 2. Hugo, T.J.: Die Afrikaanse universiteit en sy taak in die volkslewe, p. 53.

Dit is duidelik dat onderrig en navorsing sover dit die universitêre taak betref, nooit geskei sal kan word nie. Soos Fletcher dit stel

"All teaching is the communication of the results of research"¹⁾

en tereg beweer hy dat dit enkel maar gaan om die verhouding tussen opleiding en navorsing, eerder as opleiding of navorsing. Hy sien dit as ideaal dat die dosent ook navorsers moet wees sodat die begeerte tot en die gees van sy navorsing ook in sy onderrigtaak tot uiting kan kom.

'n Passende samevatting in dié verband vind ons in die woorde van prof. K. Posthumus as hy sê:

"Universitair onderzoek en universitair onderwijs zijn schering en inslag van hetzelfde weefsel. Hun draden kunnen worden onderscheiden; zijn kunnen niet worden gescheiden zonder vernietiging van de structuur."²⁾

Vir Posthumus is universitêre onderwys nie opleiding nie maar begeleiding. Dit moet die mens bring tot selfontplooiing. Die student moet deelgenoot van die onderwys en navorsing wees, en aldus moet hy nie onder die indruk verkeer dat sy studies afgesluit is na aflegging van die laaste eksamen nie.

Die snel ontwikkelende wetenskap maak dit tewens onmoontlik om oor 'n studie-tydperk van 'n paar jaar alles omtrent 'n bepaalde vakgebied te wete te kom.

1. Fletcher, op. cit., p. 57.

2. Posthumus, K.: De universiteit; doelstellingen, funksies, strukturen, p. 11.

"Wie meent dat hy is afgestudeerd, is aan studeren nooit begonnen; wie van de universiteit niet meer meeneemt dan een enge vakopleiding is voor het bekleden van leidende maatschappelijke betrekkingen niet geschikt."1)

Navorsing is inderdaad dan 'n integrerende deel van die universitêre onderwys. Immers, die dosent wat op sy beurt te doen gehad het met een of ander vorm van navorsing is beter in staat om sy taak suksesvol uit te voer as die een wat geen aandeel in die navorsing self gehad het nie. Dit is vandag ook welbekend hoeveel waarde universiteite heg aan navorsing wanneer dit kom by die keuring van applikante. Tewens, dit is nie net by universiteite die geval nie, maar by enige inrigting wat te doen het met een of ander vorm van hoër onderwys.

Nou is dit so dat slegs diegene met 'n begeerte tot meer kennis en om die geheimenisse van die onbekende te ontdek en te ontsluit, in staat is om hierdie begeerte oor te dra op sy leerlinge. Deur selfstandige navorsing sal die student veel eerder tot volle intellektuele ontplooiing kom as net deur te studeer en te memoriseer.

Die vraag is egter of almal wat onderrig gee dan ook met navorsing gemoeid moet wees. Hier sou 'n mens wou antwoord met 'n besliste "ja", al sou dit dan slegs in die engste vorm wees. Die dosent wat sorg dat hy op die hoogte bly met die jongste ontwikkeling op sy vakgebied is immers ook besig met navorsing, al is dit dan in beperkte sin. Sou dit al wees wat hy kan bybring, dan verrig hy nog meer, en is hy nog altyd beter

1. Posthumus, ibid., p. 13.

toegerus vir sy onderrig-taak as diegene wat slegs die kennis kan oordra wat hy tot op 'n sekere stadium opgedoen het, met ander woorde geen verdieping van kennis nie, dog slegs ver=vlakking.

Geen ontwikkeling of vooruitgang is moontlik sonder navorsing nie. Die universiteit wat in die voorste linie wil staan sover dit kennis aangaan kan nie bekostig dat die navorsing geheel en al oorgaan in die hande van afsonderlike navorsingsinstansies nie. So tref ons die verskynsel aan dat in verskeie lande, onder andere die V.S.A. en Indië, daar 'n noue verband is tussen die navorsingsinstansies en die universiteit.

Diegene wat met opleiding gemoeid is kom dan ook meestal uit die geledere van hulle wat nagraadse studies afgelê het, en hier spesifiek nagraadse studie wat van die student 'n besondere selfstandige stuk navorsing vereis op grond waarvan hy met 'n akademiese toekenning bekroon is. Deur so 'n studie word die navorser gevorm en voorberei vir die suksesvolle beoefening van sy taak.

Ons kan tot die besluit kom dat opleiding en navorsing hand aan hand gaan, en tereg beweer Stellingwerff dat die universiteit beskryf kan word as 'n organisatoriese kompleks van vakskole waar onderwys gegee word op hoë vlak en waar die onderwys steun op wetenskaplike ondersoek.¹⁾

Die universiteit moet nie alleen sorg vir 'n hoë peil van akademiese navorsing nie, maar dit moet ook die onderrig moderniseer. Die twee take wat so nou aan mekaar verbonde

1. Stellingwerff, J.J.: Inleiding tot de universiteit, p. 35.

is moet mekaar aanvul in dié sin dat die wetenskaplike taak nie so beklemtoon word dat die onderwys verwaarloos word nie en omgekeerd. In die proses van professionele vorming mag die akademiese vorming nooit verwaarloos word nie. In die woorde van professor S. du Toit:

"opleiding van 'n spesifieke beroep beteken nog nie opleiding vir die lewe nie."¹⁾

Dit is 'n onbetwisbare feit dat "kennis" ook "mag" beteken, en alhoewel die wetenskap sy oorsprong te danke het aan mense wat geen ander begeerte gehad het as om die waarheid aangaande die wêreld en die dinge om hul te wete te kom nie, het daar met verloop van tyd 'n nuwe soort wetenskaplike navorser te voorskyn begin tree, naamlik navorsers by wie dit nie soseer meer gegaan het om grondliggende beginsels nie, maar praktiese bruikbare kennis, soos dit tot uiting kom in industrie en tegniek. Menigmaal gaan dit nie meer om die totstandkoming van die goeie nie, maar 'n magstrewe waaruit slegs die kwade te voorskyn tree soos dit tot uiting kom in wapentuie en vernietigende oorloë.

Menige wetenskaplike ontdekking is nie meer tot nut van die mens nie, maar eerder 'n bydrae tot sy vernietiging. Sover dit die universiteit aangaan behoort die benadering ten opsigte van navorsing gans anders te wees. Dit is hier waar navorsing uit liefde vir die vak behoort te geskied, en dit is jammer dat staat en industrie in menige opsig hier 'n invloed

1. Du Toit, S.: Die navorsingstaak van die universiteit. Koers, jrg. 37, no. 5, April 1970, p. 365.

het, hetsy by wyse van aansporing of deur middel van finansiële ondersteuning wat resultate verwag en waar dit nie meer gaan om die kennis self nie.

By die universiteit behoort dit te gaan om die ware wetenskaplike navorsing ter wille van kennis. In die woorde van dr. H.J. Schutte:

"Die grootste taak van die universiteit is om te verhoed dat wetenskaplike navorsing sal vervlak tot 'n magstrewewe."1)

6. DIE UNIVERSITEIT EN INTELLEKTUELE EN KULTURELE VORMING

Dit sou seker interessant wees om die resultaat te sien as 'n meningsopname gemaak sou word van die verwagtinge waarmee studente na die universiteit gaan. Wat verwag hulle van die universiteit? Sou dit gaan om die prestige "om op universiteit te wees", of te kon gewees het, sou dit gaan om die verkryging van kennis, of sou dit gaan om hulself te bekwaam vir 'n beroep? Sou daar selfs diegene wees wat die universiteit sien as die plek waar hulle gevorm kan word tot beter en nuttiger mense wat na voltooiing van hul studies hul plek in die samelewing met reg sal kan inneem en met eer sal kan volstaan?

Nou bly die vraag, wat is die taak van die universiteit betreffende hierdie velerlei verwagtings van die studente? Moet dit by die universiteit maar enkel gaan om in die behoefte van die student te voorsien ongeag wat die behoefte mag wees hetsy verkryging van kennis, beroepsopleiding, navorsing en

1. Schutte, H.J.: Navorsing aan ons universiteite. Koers, jrg. 24, no. 6, Junie 1957, p. 257.

so meer, of is hy veronderstel om terwyl hy voorsien in die behoefte van studie en navorsing ook te konsentreer op die mens waarmee hy te doen kry. Is dit met ander woorde die taak van die universiteit om ook aandag te gee aan die begrip "beter en nuttiger mense"?

Hierop kan baie beslis "ja" geantwoord word. By die velerlei dinge wat van die universiteit verwag mag word, bly dit 'n onbetwisbare feit dat "the teaching of the culture" soos Ortega Y. Gasset dit sien, nog altyd die basiese funksie van die universiteit moet vorm.¹⁾

Met ander woorde nie slegs kennis ter wille van die kennis self nie, nie 'n rasionalistiese verheerliking van die wetenskap ter wille van die wetenskap alleen nie, maar die universiteit in sy taak om die student ook van 'n sinvolle uitkyk op die lewe te voorsien. Die universiteit moet naas die onderwys wat gegee word en die navorsing wat gedoen word ook geestelike bouwerk doen. Waar moontlik moet karakters gevorm word met die oog op ewewigtige kultuurmense.

Die student is in sy wese iemand wat wil leer, eksperimenteer, ondersoek en ontdek, maar dit is die universiteit wat moet sorgdra dat daar nie só opgegaan word in die studie en navorsing dat die mens in sy siel honger ly nie. Dit mag nooit gaan om die materiële waardes sonder dat die geestelike waardes ooit ontdek of benut word nie.

Die lewe aan die universiteit is iets van sy eie. Dit dra 'n karakter van sy eie, het 'n inhoud van sy eie, maar ook 'n invloed van sy eie, en daarom moet "cultivation of the

1. Ortega y Gasset, J.: Mission of the university, p. 59.

mind" steeds die hoofdoel van die universiteit bly, soos Van Riessen dit uitdruk:

"The inner purpose of the training of the students' mind is the building of a wise man of culture who masters the tools of science."¹⁾

Vakopleiding is noodsaaklik, maar die universiteit moet nog altyd die brandpunt van die kultuurlewe wees. Dit is die plek waar dit nie net gaan om "hoor" en "leer" nie, maar om so te hoor en so te leer dat dit vir elke geslag op sy tyd 'n bydrae kan lewer tot 'n beter en sinvoller lewe. Nou is die vraag egter wat word eintlik bedoel met kulturele vorming? Soos die kunswerk van die beeldhouer eers net 'n gedagte was wat deur inspanning, konsentrasie en toegewydheid gevorm is tot 'n bewonderingswaardige eindresultaat, so is kultuur die resultaat van 'n ware opregte en innige soeke na waarheid en die vorming van 'n gesonde oordeel betreffende die sin van dinge. Die vorming van die student moet gepaard gaan met 'n lewensbenadering en beginsel waar die soeke na die waarheid 'n leidende rol speel. Met ander woorde die student moet gevorm word totdat hy in sy totale sin geleer het om mens te wees.

Dit is nie slegs die taak van die universiteit om die beste wetenskaplikes en geleerdes voort te bring nie, maar in hoofsaak om die mensdom te voorsien van kulturele leiers. Mense wat so onderlegd is dat hulle kennis en wetenskap sien in belang van die mens en sy sinvolle voortbestaan.²⁾

-
1. Van Riessen, H.: The university and its basis, p. 8.
 2. Ibid., p. 6.

Dit is die plig van die universiteit om die besondere vermoë en kwaliteite van die student so te benut, te rig en te lei dat die eienskappe van leierskap waaroor hy mag beskik kan ontwikkel en tot volle ontplooiing kan kom. Die universiteit moet as die teelaarde dien waarin hierdie kwaliteite kan groei en tot volle wasdom kom. Niemand kan 'n volksleier word of wees as hy nie 'n gedissiplineerde lewensonderrig ontvang het nie. Niemand kan 'n leier wees tensy hy weet waar hy staan en veral waarvoor hy staan nie.

Alle studente is nie potensiële leiers nie, maar die universiteit moet dit as sy plig beskou om studente so op te lei dat hulle in so 'n mate in hulle vakke bedrewe sal wees dat hulle die leierskap op verskillende terreine van die lewe kan oorneem.

Hiervoor is nodig dat die student in homself 'n vaste en gesonde lewens- en wêreldbeskouing moet hê. As hy dit self nie het nie sal hy niemand anders kan lei nie. Die universiteit moet die klimaat skep waarin hierdie lewens- en wêreldbeskouing tot volle ontplooiing kan kom.

Dit is die taak van die universiteit om aan die student kennis, insig en onderlegdheid oor te dra in die vakke wat hy vir sy studie gekies het, maar dit moet so gedoen word dat nié net hyself daarby sal baat nie, maar ook diegene met wie hy in aanraking sal kom. Hy moet nie net kennis opdoen nie, maar hy moet ook leiding ontvang oor hoe om kennis aan ander oor te dra, want ook die samelewing met wie hy in aanraking kom en waarvan hy deel vorm, moet baat by die kennis wat hy opgedoen het. Die universiteit word sodoende die bron waaruit

die samelewing gevoed en bevrug word, en verrig hy sy taak nie slegs regstreeks deur middel van die student nie, maar ook indirek ver buite sy eie stoflike grense.¹⁾

Geleerdheid moet gesien word as 'n langtermyn be-
legging. Dit moet ingestel wees op die mens se geestelike wel-
syn en nie slegs op sy materiële welvaart nie. Aan die univer-
siteit moet die student die geleentheid hê om wonders te ontdek,
maar boweal om hom homself te ontdek. Hy moet kan sien hoe
dinge inmekaar pas en wat die sin daarvan is. Hy moet deur
middel van die kennis wat hy opgedoen het in staat wees om
krities te kan ontleed en nugter te kan oordeel. Kulturele
vorming gaan dus daarom dat die student uiteindelik in belang
van homself en die mensdom 'n bydrae kan lewer tot 'n vrugbare
en betekenisvoller lewe. Dr. Hutchins het as kansellier van
die Universiteit van Chicago by geleentheid gesê dat die be-
skawing van vandag alleen gered kan word deur 'n morele, intel-
lektuele en geestelike rewolusie wat in staat is om die magte
van die tegnologie en ekonomie die hoof te bied.²⁾ Om mense
weerbaar te maak vir hierdie "rewolusie" is die taak van die
universiteit.

Wat ons egter nooit mag vergeet nie, is dat die mens
slegs tot ware kennis kan kom en waarlik wys kan wees as
Christus op die troon van sy hart sit. Dan val soveel benade-
rings in hul regte perspektief. Dan word kennis en wetenskap
gesien as werktuie in die hand van die mens tot eer van sy

-
1. Thom, H.B.: Die universiteit en sy taak. Tydskrif vir wetenskap en kuns, vol. 16, no. 2, Oktober 1956, p. 52.
 2. Bissell, C.T.: The strength of the university, p. 206.

Skepper, en nie werktuie vir die mens ter wille van homself en ter verheerliking van sy gewaande onafhanklikheid van God nie.

As dit die uitgangspunt is dan vorm studie en kennis die mens tot 'n geestelik volwaardige kulturele wese. Nooit kan die dosent sy student 'n verstandige en gekultiveerde wese maak nie, maar hy kan ontsaglik veel bydra om hierdie deugde in die student te ontwikkel deur die invloed wat uitgaan vanuit sy doseerwerk. In die eerste jare van die student se lewe aan die universiteit is hierdie invloed veel belangriker as wat normaalweg toegegee word, en in menige opsig selfs rigtinggewend ten opsigte van die student se eie lewens- en wêreldbeskouing.

HOOFSTUK III

DIE TAAK VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

1. ALGEMEEN

In hoofstuk II is gewys op die taak van die universiteit in besonder ten opsigte van opvoedende onderwys, beroepsopleiding, navorsing en intellektuele en kulturele vorming.

Dit was nie die bedoeling om 'n volledige oorsig te gee van al die funksies van die universiteit nie, dog slegs om enkele van die belangrikstes uit te lig en enigsins van naderby te beskou.

In hierdie hoofstuk word daar gepoog om die aandeel en die verantwoordelikheid van die biblioteek ten opsigte van die genoemde funksies te bepaal.

Die universiteitsbiblioteek het die bewaring van sy inhoud aanvanklik as een van sy vernaamste verantwoordelikhede gesien. Daar is egter heel gou besef dat 'n biblioteek waarvan die inhoud nie benut word nie weinig rede tot bestaan het, en daar is oorgegaan tot 'n doelbewuste strewe om die inhoud van die biblioteek op die doeltreffendste wyse ter beskikbaarstelling van die gebruiker te stel.

Tans gaan dit selfs verder as dit, as daar meer bepaald gelet word op die gebruik van die biblioteek ter bereiking van 'n spesifieke doel. Die universiteitsbiblioteek sien homself as 'n middel tot 'n doel, en beywer hom om deur die beskikbaarstelling van sy voorraad daardie doel te bereik. Soos professor De Vleeschauwer dit sien:

"It should be borne in mind that the university library is always an instrument and can never develop into an independent institution with a purpose and raison d'etre of its own. Its destiny is to serve the university and everything must be reduced to that function as the ultimate justification of its existence."¹⁾

Deur hierdie nuwe benadering kry die biblioteek dan ook 'n aandeel in die opvoedkundige program van die universiteit as sulks. Die biblioteek bestaan nie ter wille van homself nie, maar vorm een van die belangrikste komponente waardeur die opvoedkundige program van die universiteit ten uitvoer gebring kan word.

Die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging stel dit so:

"Die universiteitsbiblioteek is die belangrikste enkele eenheid aan die universiteit verbonde wat as basiese opvoedkundige instrument dien vir alle studiedepartemente in die beoefening van hulle doseer- en navorsingstake."²⁾

Lyle sluit hierby aan as hy sê:

"... the library becomes a teaching instrument in itself."³⁾

2. DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEK EN UNIVERSITÊRE ONDERWYS

In die loop van 1963/64 is daar aan die Grand Canyon College te Phoenix in Arizona 'n ondersoek onderneem om vas te stel tot welke mate die kollegebiblioteek geïntegreer word in

-
1. De Vleeschauer, H.J.: The university library; its nature and function (Part one). Mousaion, no. 59, p. 42.
 2. Suid-Afrikaanse biblioteekvereniging: Memorandum insake universiteitsbiblioteke aan die kommissie van ondersoek na universiteitswese, p. 3.
 3. Lyle, G.R.: The administration of the college library, p. 10.

die opvoedkundige program van die kollege as sulks. Daar is gevoel dat die hoogste opvoedkundige standaard slegs bereik kan word as die biblioteek doeltreffend aansluit by die onderrig van die klaskamer en dit daadwerklik ondersteun.

Daar is besef dat die onderrigfunksie en die funksies van die biblioteek onlosmaaklik aan mekaar verbind is, en in werklikheid van mekaar afhanklik is. Verder, dat die doeltreffendheid van 'n biblioteek nie aan die omvang van sy voorraad of sy fasiliteite gemeet kan word nie, maar slegs aan die gebruik daarvan. Daarom is gepoog om die boeke wat deur studente gebruik is te korreleer met die klasonderrig.

Hierdie ondersoek het heelwat insigte geopenbaar, maar wat veral van belang is, was die konklusie

"that the key to extensive use of the library on the part of students is the manner in which the instructors organize and teach their respective courses. Whatever other factors may have a part, the crux of the matter lies in the classroom rather than in the library itself."¹)

Hierdie ondersoek bevestig opnuut dat die aandeel van die biblioteek in die onderrigfunksie van die universiteit grootliks bepaal word deur die doseermetodes wat aan die universiteit toegepas word. Alhoewel hierdie metodes van universiteit tot universiteit mag verskil, is die neiging tog by almal daarop ingestel dat dit die selfwerksaamheid van die student op die oog het.

Die dosent moet sy klasonderrig so inklee dat die student verplig word om selfstandig te ondersoek, te analiseer

1. Ritter, R.V.: An investigation of classroom-library relationships on a college campus as seen in recorded circulation and GPA's. College and research libraries, vol. 29, no. 1, January 1968, p. 31.

en gevolgtrekkings te maak. Die dosent moet al hierdie eien= skappe wat by die student aanwesig mag wees eksploiteer en benut, byvoorbeeld by wyse van die seminaar of groepbespreking wat onafhanklike denke prikkel en aanspoor in teenstelling met die stereotipe lesings en notas of voorgeskrewe studie uit handboeke wat weinig inisiatief of selfstudie vereis.

Baie hang af van die leiding wat daar uitgaan van die kant van die dosent. Die student moet geleer word om vir hom= self te dink en om sy gedagtes uit te spreek. Hy moet na die bronne verwys word maar die dosent moet hom vergewis dat die student in staat is om dit te gebruik. Hy moet geleer word om vir homself te ontdek en te oordeel. Onder leiding van die dosent moet die student in staat wees om die menslike gedagte te ontleed en te verklaar. Ten opsigte van 'n proses van selfopvoeding soos dit tot uiting kan kom deur middel van dis= kussie, opstel of rapport. Aldus sal die student hom nie ge= heel en al op die handboek of notas verlaat nie, en word hy ge= lei op die weg tot 'n afgeronde en selfdenkende mens.

Die bereiking van hierdie ideaal verg egter van die dosent 'n grondige kennis van die bronne in die biblioteek en veral hoe om hierdie opgegaarde kennis in die biblioteek te laat aansluit by sy klasonderrig. Die biblioteek moet steeds gesien word as 'n verlengstuk van die klasonderrig. Maar, dit is nood= saaklik dat die dosent self bewus is van die vermoë waaroor die biblioteek in dié opsig beskik.

Dit kan nie ontken word dat baie studente na die biblioteek kom met opdragte van dosente wat 'n duidelike vraag= teken plaas op die bereiking van bogenoemde ideaal. Hoeveel

studente kom nie daarmee vorendag dat hy soveel boeke en soveel tydskrifte oor 'n bepaalde onderwerp moet raadpleeg nie, met menigmaal geen idee van welke boeke of tydskrifte nie. Hoeveel maal gebeur dit nie dat groot getalle studente dieselfde opdrag kry nie en 'n groot deel gewoonlik nooit by die bronne self uitkom nie, maar "gelukkig" genoeg is om die notas by vriende te kry wat die moeite gedoen het om die verlangde informasie te bekom. By die bibliotekaris is daar dan ook hoë agting vir die dosent wat sy studente na die biblioteek verwys met ten minste 'n aanduiding van waar die verlangde informasie bekom kan word.

Die ideaal van selfopvoeding rus egter nie op die skouers van die dosent alleen nie. Daar is reeds gesê dat die aansporing en leiding van die dosent moet uitgaan, maar dit is vir die biblioteek om te sorg dat die taak ten uitvoer gebring word. Die doel en funksie van die biblioteek is om in diens van die universiteit te staan en deur middel van 'n verteenwoordigende voorraad wat doeltreffend ontsluit is en beskikbaar gestel word, moet hy in die behoeftes van die student voorsien.

Die biblioteek se strewe moet wees om die intellektuele erfenis van die mens soveel as moontlik in sy voorraad volledig te dek. Die oordrag van kennis is nie primêr die taak van die biblioteek nie, maar hy is daar om die gesproke woord van die klaskamer te ondersteun en uit te brei.

Professor De Vleeschauwer sien tereg die oordrag van kennis in die klaskamer as een deel van die student se kursus. Die afronding van die kursus vind in die biblioteek plaas waar daardie kennis aangevul en uitgebrei word. Dit is die gesproke

woord van die klaskamer en die geskrewe woord van die biblioteek wat die prentjie volledig maak.¹⁾

Daar is reeds verwys na die opvatting dat die biblioteek die "hart" van die universiteit is. Passend bevestig professor Paul Buck, eertydse direkteur en bibliotekaris van die Harvard College, dit in die woorde:

"If the faculty may be compared to the brain of a university, it is equally true that a great university library resembles a powerful heart beating the lifeblood of learning through the whole university body, nourishing every part of it, enabling it to draw strength from man's accumulated thought."²⁾

Vir professor Buck is onderwys wat aan die universiteit slegs met behulp van die basiese handboeke geskied iets uit die borse. Vir hom is dit soos 'n reisiger wat van niks anders notisie neem as dit wat in die toergids vermeld word nie. Vir so 'n persoon is die eintlike waarde van die toer verlore. So verloor die student wat niks verder kom as sy handboeke nie die ryke inhoud van kennis en ervaring wat hy kon ondervind deur middel van die boeke wat tot sy beskikking is in die biblioteek, en verbeur hy "the variations and depth of experience to be found in living books."³⁾

So 'n student mis met ander woorde die geleentheid om deur die biblioteek gelei te word tot ver buite die eng en beperkte begrip en kennis van leermeester en handboek. Nêrens anders word die student in staat gestel om deur middel van grondige selfstudie en -ondersoek die waarheid te toets van die kennis wat hy bekom het in die klaskamer of uit die handboek nie. Dit is in die biblioteek waar sodanige kennis geweeg en

1. De Vleeschauer, op. cit., p. 57.

2. Buck, P.: Libraries and universities, p. 50.

3. Ibid., p. 10.

getoets kan word aan die hand van die opgetekende bevindinge van alle voorgeslagte.

Dit is in die biblioteek waar die student geleer en gelei kan word om wetenskaplik te dink en selfstandig te ontwikkel. Immers, in die lewe van die student bereik hy heel gou die stadium waar die gesproke woord gedeeltelik of geheel van die toneel verdwyn, en hy aangewese is slegs op die geskrewe woord. As hy hierdie stadium bereik, is hy ook geheel en al van die biblioteek afhanklik, of anders gestel, dit is die biblioteek wat die onderrigfunksie nou in 'n groot mate moet oorneem. Die wetenskaplike gedagte is die verantwoordelikheid van die dosent, maar die boek wat dié gedagte moet aanvul en hierby aansluit is die verantwoordelikheid van die biblioteek.

Die biblioteek beskik oor 'n onmisbare deel van die akademiese toerusting wat die student nodig het en hy moet dit tot beskikking van die student stel deur middel van die regte boek op die regte tyd. Hier tree die direkte aandeel van die biblioteek in die opleidingsfunksie van die universiteit dan ook op die voorgrond.

Dit is noodsaaklik dat die voorraad van die biblioteek tot so 'n mate selfgenoegsaam sal wees, en sy dienste so georganiseer dat daar uitvoering gegee kan word aan die begrip "teaching with books".

Vir hierdie doel moet die biblioteek oor 'n groot verskeidenheid materiaal beskik, sover as moontlik die oorspronklike tekste self. Die werke wat die student raadpleeg moet hom op die hoogte bring met die volle agtergrond van die probleem. Dit moet lig werp op die besondere historiese of teore-

tiese probleem wat ondersoek word.

Dit plaas op die biblioteek ook die verpligting om genoeg eksemplare van werke te besit en om sy voorraad volledig en op datum te hou. Dit op sy beurt vereis toereikende fondse, doelmatige geboue, behoorlike ontsluiting, doeltreffende beskikbaarstelling, ensovoorts.

Die fenomenale toename in publikasies in die jongste tyd maak dit noodsaaklik dat biblioteekmateriaal nie net behoorlik ontsluit moet word nie, maar dat gebruikers ook op 'n baie doeltreffende wyse gehelp moet word om by die verlangde materiaal uit te kom.

Dit is verder noodsaaklik dat studente met die werke self in aanraking moet kom soos wat dit byvoorbeeld moontlik is deur middel van die oopprakstelsel, en gepaardgaande daarmee bekwame lesersleiding en onderrig in die gebruik van die biblioteek. Al hierdie aspekte moet in lyn gebring word met die algemene opvoedkundige beleid, naamlik om die student aan te moedig om van meet af aan goeie en nuttige boeke te gebruik. Dit moet ook die benadering van die dosent wees dat die biblioteek daar is om die student by te staan in die proses van selfopvoeding. Die onderrig van die dosent moet op hierdie beginsel gebaseer wees. Die vereistes wat die dosent stel moet die student geen ander keuse laat as om op verantwoordelike en kritiese wyse selfstandige navorsing te doen en sodoende die vermoë te kweek om so te analiseer en so te oordeel dat hy tot selfstandige volwasse oordeel kan kom nie.

Maar, dit is absoluut noodsaaklik dat die biblioteek in alle opsigte in staat moet wees om sy deel ten volle by te dra, al moet hy deur middel van interlening gerugsteun word om

aan die vereiste te voldoen.

Die opvatting dat die biblioteek se aandeel in die onderrigfunksie van die universiteit daaruit bestaan dat hy moet voorsien in die behoeftes van dosente sover dit hul onderrigtaak betref, en studente sover dit hul studietake betref, is 'n halwe waarheid. Die biblioteek vervul in hierdie opsig geensins 'n passiewe rol nie, maar lewer 'n positiewe bydrae tot die akademiese en kulturele opleiding van die student en wel tot so 'n mate dat dit nie net die aandeel van die dosent aanvul nie, maar selfs kan oortref. Professor De Vleeschauer stel dit so:

"Teaching is limited to the spoken world while the library can open to its readers the entire world of the book."¹⁾

En gaan die biblioteek nie vandag al baie verder as die wêreld van die boek nie? Daar is onder andere mikrofilms, mikrofiche, mikrokaarte, films en filmstrokies, skuifies, kunsafdrukke, plate, portrette, kaarte, bandopnames, videobande, verskillende soorte katalogi, indekse, bibliografieë en ander ontsluitingsmateriaal. In die biblioteke self is daar seminaarkamers en privaat studieruimtes waar studente in afsondering kan studeer, en waar samesprekinge met dosente en studieleiers gehou kan word. Kortom, is dit nie tog moontlik vir die student om op sy eie tyd en teen sy eie tempo onafhanklik te studeer nie, en dat die dosent se aandeel beperk is tot leiding, aansporing en toesig oor die studieprogram nie, en dat klasse gegee sal word wanneer nodig hoofsaaklik ter wille van bespre-

1. De Vleeschauer, H.J., op. cit., p. 49.

king of motivering nie? Is dit nie veel eerder in die gees van die Engelse benadering, naamlik "reading for a degree" dan die Amerikaanse en selfs ons benadering hier te lande van lesings en diktate wat wesenlik weinig verskil van die "spoonfeeding" van die tradisionele skool nie?

Nie dat hier enigsins beweer wil word dat die biblioteek die onderrigtaak van die dosent kan oorneem nie. Nee, die fakulteit en biblioteek is ewe belangrik vir die onderrigtaak. Die fakulteit wat die begeerte tot studie en kennisverbreding by die student moet wek en dit voortdurend moet prikkel, en die biblioteek wat deur middel van sy voorraad die "lewensmiddele" vir die doel moet voorsien. Teenoor die biblioteek het die dosent egter in die opsig die verpligting om homself op die hoogte te hou met die literatuur wat daar oor sy vakgebied gepubliseer word en om die biblioteek te adviseer ten opsigte van wenslike aankope. Dit verg egter ook van die dosent die besondere verpligting om nie net sy besondere gespesialiseerde belangstelling in gedagte te hou nie, maar die behoeftes oor die hele terrein van sy vakgebied op beide voorgraadse en na-graadse vlak.

Op beide dosent en biblioteek rus die verpligting om die student sover te kry dat hy met die nodige nuuskierigheid, genot en erns die boeke raadpleeg wat tot sy beskikking is. Dit moet vir die student 'n plesier en 'n voorreg wees, nie net gedurende sy studiejare nie, maar vir die res van sy lewe.

Die biblioteek het ook 'n direkte aandeel in die onderwysprogram van die universiteit wat as volg uiteengesit kan word:

a. Die oriëntasie van eerstejaarstudente

Die eerste kennismaking van die student met die biblioteek is van die uiterste belang en moet met groot oorleg en doelgerigtheid geskied. Onder geen omstandighede moet die student by hierdie geleentheid beïndruk word met die duisende boeke waaroor die biblioteek beskik nie. Daar moet gewaak word teen 'n eerste indruk op die gemoed van die student van 'n oorweldigende massa boeke wat met groot ontsag benader moet word. Veel eerder moet die besef by die student tuisgebring word dat hy sonder vrees of huiwering geleer en gelei sal word hoe om by die verlangde materiaal uit te kom, en dat hy voortdurend kan staatmaak op die hulp en bystand van die biblioteekpersoneel.

Dit is noodsaaklik dat die student so spoedig moontlik kennis maak met die biblioteek en bewus gemaak word van die uiters belangrike aandeel wat die biblioteek sal hê in die suksesvolle voltooiing van sy studieprogram; en voorts ook in die lewe van elke kultureel-ontwikkelde mens.

In die meeste universiteitsbiblioteke word daar lesings aan eerstejaarstudente gegee waar die biblioteek aan hulle bekendgestel word. By hierdie geleentheid word daar in hoofsaak aandag gegee aan sake soos die doel en funksie van die biblioteek, sy inhoud, reëls vir gebruik, leenprosedures, verskillende afdelings en hul benutting, plan van die gebou, ensovoorts.

Die algemene benadering is dat studente nie by hierdie geleentheid verwar moet word met sake soos katalogisering, klassifikasie of ingewikkelde gebruike nie. Dit is ongelukkig

dat hierdie inleidende lesings in menige geval die enigste geleentheid is waar studente as georganiseerde groepe voorligting in die biblioteek ontvang. Hierdie kennismaking behoort egter opgevolg te word in die sin dat studente op 'n latere stadium 'n stelselmatige en funksionele opleidingsprogram sal ondergaan wat sal lei tot onafhanklike doeltreffende biblioteekgebruik.¹⁾

b. Oriënteringsbesoeke

'n Verdere belangrike stap in die poging om die biblioteek aan studente bekend te stel is om hulle groepsgegewyse deur die biblioteek te neem en hul te laat kennis maak met die verskillende afdelings, versamelings, leeskamers, boekmagasynes, ensovoorts, sodat hulle 'n geheelbeeld kan kry van die biblioteek as sulks. Dit is noodsaaklik dat hierdie groepe vergesel word van 'n opgeleide bibliotekaris wat in staat is om dinge interessant en prikkelend mee te deel en vrae te beantwoord.

c. Gedrukte handleidings

'n Ander belangrike wyse van voorligting is natuurlik duidelike en goedgeïllustreerde handleidings wat aan elke student beskikbaar gestel word en wat die biblioteek en sy inhoud, sy reëls en sy regulasies in duidelike taal bekendstel.

d. Voortgesette voorligting in die gebruik van die biblioteek

Daar moet steeds in gedagte gehou word dat die student by die aanvang van sy akademiese loopbaan met soveel nuwe dinge

1. Overduin, P.G.J.: Die biblioteek in die onderwys. Intreerede uitgespreek by die aanvaarding van die amp van hoogleraar in die biblioteekkunde, p. 13.

te doen kry dat daar nie veel blywende waarde geput kan word uit alles waaraan meegedoen word nie.

Die gevoel is egter dat al sou daar niks meer bereik word met die oriënteringslesings wat deur die biblioteek gegee word as om die gedagte by die studente tuis te bring dat hulle te enige tyd die vrymoedigheid moet hê om die biblioteekpersoneel te nader vir hulp of inligting nie, dan is daar ook al heelwat bereik, en daarom is dit noodsaaklik dat universiteitsbiblioteke oor die dienste van 'n lesersadviseur moet beskik wat voltyds tot die beskikking van studente moet wees. Op die skouers van hierdie persoon rus miskien meer as by enige ander lid van die biblioteekpersoneel die verantwoordelikheid om aktief mee te doen aan die onderrigtaak van die universiteit. Enige lesings in die gebruik van die biblioteek is 'n toevoeging tot die klas=onderrig, maar die taak van die lesersadviseur is 'n ononderbroke aanvulling van die onderrigtaak. Dit is die lesersadviseur by uitstek wat uitvoering moet gee aan die begrip "teaching with books."

Soos in die geval van die lesing in die biblioteek moet die taak van die lesersadviseur uitgevoer word deur mense wat professioneel en akademies daartoe bevoeg is. Mense wat 'n begrip het van die vereistes van universitêre onderwys en wat in staat is om die diens van die biblioteek en die kennis uit boeke te laat aanpas by die onderrig- en navorsingsvlak van die universiteit in geheel. Dan alleen bestaan die biblioteek nie ter wille van homself nie, maar is hy 'n saambindende krag wat studente op alle vlakke saamtrek by die bronne van dokumentasie en ondersoek. Tereg beweer Harvard-Williams

"The library is not only a university department, it is a university service to all departments and, in one's more idealistic moments, one might look upon it as one of the pivots on which the university revolves."¹⁾

e. Samewerking met doserende personeel

Dit is noodsaaklik dat daar goeie samewerking tussen die doserende personeel en die biblioteek moet wees ten einde die sukses van die onderwysfunksie aan die universiteit te verseker. Die funksionele sukses van die biblioteek hang af van die mate waarin die biblioteek geïntegreer kan word in die onderwysprogram van die universiteit. Dit vereis die nouste samewerking tussen dosent en biblioteek, in die besef dat die een nie sonder die ander kan klaarkom nie. Hierdie onderlinge afhanklikheid lê ten grondslag van 'n koördinerende van kragte in belang van die onderrigtaak.

By beide fakulteit en biblioteek moet dienste en kragte aangewend word om 'n studie te maak van die oogmerke van die universiteit as geheel en hoe dit ten beste verwesenlik kan word. Daarom is die beste versameling boeke nutteloos as studente nie geleer word hoe om dit te benut in aansluiting en uitbouing van die klasonderrig nie.

Hierdie samewerking tussen fakulteit en biblioteek in belang van die onderwysprogram lei nie net tot groter begrip aan die kant van die biblioteekpersoneel vir die probleme van die doserende personeel nie, maar ook tot 'n groter besef en meer positiewe erkenning by die doserende personeel vir die plek wat die biblioteek inneem in die universitêre opset as sulks.

1. Harvard-Williams, P.: The teaching function of the university library. Universities review, February 1958, p. 61.

Die biblioteek is egter nie net 'n departement van die universiteit nie. Die biblioteek is direk betrokke by elke aspek van die onderwys- en navorsingsprogram van elke departement van die universiteit, en daarom is dit ook noodsaaklik dat die doserende personeel 'n aandeel het in die sake van die biblioteek. Meestal is dit dan ook so dat 'n biblioteekkomitee bestaande uit lede van die doserende personeel benoem word om in 'n adviserende hoedanigheid te dien en medesegenskap het sover dit die besteding van fondse vir die uitbouing van die studievoorraad van die biblioteek betref.

Die doserende personeel het ook 'n verantwoordelikeheid ten opsigte van die biblioteek in dié sin dat hulle die student voortdurend na die biblioteek moet verwys, en ook by die student die besef moet tuisbring dat die gesproke woord nie selfgenoegsaam is nie, maar aangevul moet word met die geskrewe woord. Dit is hulle wat studente moet verwys na besondere materiaal wat in die biblioteek te vinde is. Dit bring natuurlik mee dat hulle self die stof oor hulle besondere vakgebiede moet ken, en sodoende moet toesien dat die leerplan sover moontlik sentreer om die aanvullingsmateriaal waaroor die biblioteek beskik.

Die samewerking tussen fakulteit en biblioteek berus op 'n wedersydse vertroue en goeie gesindheid aan beide kante, maar ook 'n eerlike strewe om aan die biblioteek sy regmatige plek toe te ken in die universitêre opset. 'n Plek wat nooit gering geskat kan word en daarom ook nie misken mag word nie. Ook die fakulteit moet onthou dat

"The character and efficiency of a university may be gauged by its treatment of its central organ - the library."¹⁾

3. DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK EN UNIVERSITÊRE NAVORSING

a. Aard en funksie van universitêre navorsing

Navorsing is 'n wesentlike eienskap van die universiteit, en hoe meer gevorderd hierdie navorsing is, hoe groter is die eise wat aan die universiteitsbiblioteek en sy voorraad gestel word. Dit is die taak van die biblioteek om die materiaal te voorsien wat nodig is vir die studie- en navorsingsbehoefte van studente en dosente. In die woorde van Paul Buck

"Research depends upon books and libraries to store up results and serve as its memory."²⁾

Veral by die geesteswetenskaplike vakke sê hy is die navorsing hoofsaaklik aangewys op die inhoud van die boek en geskrif, en by implikasie dus afhanklik van die biblioteek.

Die geweldige toename in die navorsingsaktiwiteite in die algemeen en aan universiteite in die besonder, en die feit dat tussen 80% en 90% van alle wetenskaplikes wat ooit geleef het na bewering vandag leef, is seker rede genoeg vir die verskynsel dat die voorraad van menige biblioteek in die bestek van 15 tot 20 jaar verdubbel of byna verdubbel het.

Hierdie verskynsel ten spyte, is dit nogtans so dat geen biblioteek selfvoorsienend kan wees op alle vakgebiede nie.

-
1. Great Britain. University grants committee. Report of the committee on university teaching methods, p. 94.
 2. Buck, P., op. cit., p. 15.

Tewens, die probleem is vandag van so 'n aard dat biblioteke nie meer met sekerheid kan oordeel waar basiese behoeftes eindig en gespesialiseerde behoeftes begin nie. Vir die akademiese en navorsingsbiblioteek is dit veral nie meer so maklik om te bepaal wat basiese behoeftes presies is nie. Die stroom van publikasies op elke vakgebied maak die selekteer van materiaal vir navorsing steeds moeiliker.

Die omvang van die literatuur en die hoë koste daaraan verbonde maak dit verder onmoontlik vir enige navorser om 'n priyaat versameling vir eie gebruik op te bou soos in die verlede die geval was, en is hy tans noodwendig aangewese op die biblioteek.

Die mate waartoe die universiteitsbiblioteek in staat sal wees om onmiddellik in die behoeftes van die navorser te voorsien sal grotendeels afhang van die finansiële vermoë van die biblioteek self. Hoe groter fondse, hoe meer selfvoorsienend sal die voorraad van die biblioteek kan wees, maar om egter te verwag dat elke universiteitsbiblioteek ten volle onafhanklik behoort te wees is 'n hersenskim, gesien in die lig van die huidige stroom van literatuur en die koste daaraan verbonde.

Die voorraad van alle universiteitsbiblioteke, en tewens van alle biblioteke in die land, behoort gesien te word as 'n nasionale bate, en behoort as sulks vir onderlinge gebruik beskikbaar te wees. In die lig hiervan sou dit dus onsinnig wees vir elke universiteitsbiblioteek om sonder meer alles aan

te koop wat deur navorsers benodig word. Veel eerder is dit die plig van elke bibliotekaris om met goeie oordeel te besluit of mindergebruikte materiaal nie eerder geleen as aangekoop behoort te word nie.

In dié verband sou 'n stelsel van koöperatiewe aankope deur biblioteke in 'n bepaalde land 'n stap in die regte rigting wees, en kan daar ook nie veel fout te vind wees as navorsing van een of ander aard na bepaalde instansies of inrigtings gekanaliseer word nie. Al sou die navorsing self dan nie altyd by die betrokke instansie gedoen kan word nie, dan sou 'n koöperatiewe aankoopbeleid nog die voordeel hê dat alle biblioteke in die land kennis dra van die besondere vakgebiede wat by die onderskeie biblioteke opgebou word en waar dit sonder vertraging direk aangevra kan word.

Wat die voorraad van die universiteitsbiblioteek self betref moet gepoog word om die versameling nie net kwantitatief nie, maar ook kwalitatief uit te bou oor alle vakgebiede wat vir die universiteit van belang is, met ander woorde nie net in omvang nie, maar veral in diepte.

"Just as the undergraduate is wasting his time if he cannot obtain ready access to the books he wants, so the time and energies of senior members of the university can be squandered by inadequate research collections."¹⁾

Hierdie voorraad van die universiteitsbiblioteek moet ten volle tot beskikking van die navorsers wees, en hulle behoort met die minste moeite by die verlangde materiaal uit te kom. Dat dit hoë eise stel aan die ontsluitingsproses van die

1. Great Britain. University grants committee. Report of the committee on libraries, p. 49.

universiteitsbiblioteek is seker. Die Suid-Afrikaanse Biblio-
teekvereniging laat hom hieroor as volg uit:

"Die hoë eise wat vandag aan biblioteek- en inlig-
tingsdienste insonderheid aan die universiteits-
biblioteek, gestel word, vereis voortdurende navor-
sing na verbeterde bestuurstechnieke, ontsluitings-
roetines, meganiseringsmetodes, en na die doeltref-
fende gebruik van reprografiese hulpmiddels, reken-
outomate, ensovoorts, vir snelle en doeltreffender
dienslewering wat op sy beurt ander universiteits-
navorsing kan stimuleer en kan steun."¹⁾

Nou is dit egter so dat die navorser wel by baie van
die materiaal self kan uitkom, maar in ander gevalle moet hy
gehelp word om dit te bekom. Dit geld veral in gevalle waar die
biblioteek self nie oor die materiaal beskik nie, en dit van
elders geleen moet word. In so 'n geval moet die biblioteek
in gedagte hou dat tyd vir die navorser van die uiterste belang
is, en dat hy reg het om te verwag dat geen onnodige vertraging
sy navorsing aan bande behoort te lê nie. In geval van publi-
kasies wat in die buiteland geleen moet word kan 'n vertraging
met reg verwag word, maar ten opsigte van binnelandse publika-
sies behoort vertragings tot 'n minimum beperk te wees. Aan
die ander kant moet navorsers in gedagte hou dat hul navorsing
nie kan geskied ten koste van ander wat ook aanspraak op die
gebruik van die materiaal het nie.

Dit is noodsaaklik dat die interbiblioteekleningstelsel
waaraan alle biblioteke in die land deelneem, so doeltreffend
moontlik funksioneer en dat sodanige lenings die onmiddellike
aandag in elke biblioteek behoort te geniet. Die ingebruikneming

1. Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging. Memorandum, op. cit.,
p. 4.

van teleksdienste in die jongste tye het veel bygedra om die beskikbaarstelling van materiaal te bespoedig. Die werk van menige navorser word soms vertraag en gekortwiek omdat 'n spesifieke stukkie inligting nie betyds ter hand kan kom nie. Aan die ander kant is dit seker ook nie onredelik om te verwag dat die beskikbaarheid van materiaal in aanmerking behoort geneem te gewees het alvorens die navorsing aangepak is nie. Die universiteitsbiblioteek mag egter nooit toelaat dat hy as die struikelblok in die weg van suksesvolle navorsing beskuldig word nie.

Afgesien van 'n doeltreffende aktiewe voorraad behoort elke universiteitsbiblioteek soveel as moontlik ontsluitingshulpmiddele soos bibliografieë, katalogi en indekse van tydskrifmateriaal te besit sodat dit moontlik is om navorsers op hoogte van hul vakgebiede te hou.

Dit is vanselfsprekend noodsaaklik dat navorsers kennis dra van die literatuur wat op hul vakgebied gepubliseer word. Niks mag die navorser se aandag ontgaan wat sy belangstellingsveld of studierigting betref nie.

In al hierdie probleme kan die biblioteek die navorser tot diens wees. In die biblioteek kan die nodige bibliografieë saamgestel word, want die bibliografiese afdeling van die biblioteek stel nie net bibliografieë op aanvraag op nie, maar is ook in staat om sodanige inligting voortdurend aan die betrokke navorsers beskikbaar te stel. Die personeel van die bibliografiese afdeling in die biblioteek beskik meestal self oor een of ander wetenskaplike agtergrond, en dit is selfs wenslik dat elke bibliotekaris op die personeel in een of ander onderwerp

175322



onderlê is, en hom beywer om alle bibliografiese gegewens oor die betrokke onderwerp te versamel. Dit kan egter nouliks van die bibliografiese of naslaanpersoneel alleen verwag word om alle onderwerpe te dek. In hierdie verband moet daar noue samewerking wees tussen fakulteit en biblioteek. Die biblioteek moet aktief deelneem aan die akademiese en navorsingsaktiwiteite van die fakulteite. Die biblioteekpersoneel moet hul nie slegs besig hou met die roetine biblioteek-aktiwiteite nie, maar moet 'n skakel vorm met die akademiese aktiwiteite aan die universiteit.

In die biblioteek behoort bibliografieë van soveel as moontlik onderwerpe bygehou te word, met die oog op die stigting van nuwe departemente, en ook met die oog op die uitbouing van 'n gebalanseerde boekevoorraad.

Wat die navorser aanbetref moet daar in gedagte gehou word dat hy hom slegs met 'n onderdeel van die hele navorsingsgebied besig hou en as hy informasie oor 'n wyer terrein sou verlang moet hy hom noodgedwonge op die hulp van die biblioteek verlaat. Die universiteitsbiblioteek is in hoofsaak gemoeid met die navorsingsbehoefte van die volgende groepe:

(i) Voorgraadse studente

Alhoewel daar in hierdie geval nie juis van navorsing in die ware sin van die woord gepraat kan word nie word dit tog in 'n mate verrig by die indiening van een of ander selfstandige stuk werk of studie-taak wat in die loop van die student se studies van hom verwag word. Reeds in hierdie stadium vereis dit

van die student 'n verantwoordelike kritiese ondersoek en 'n vermoë om bevindinge te ontleed en te formuleer.

Al gaan dit hier meestal om één besondere onderwerp vereis die navorsing op hierdie stadium reeds 'n groot mate van selfstandigheid en nugtere oordeel. Dit spruit reeds hier voort uit 'n gees en begeerte van ontdekking in eie krag en na eie vermoë. Hierdie navorsing vorm meestal deel van die studievereistes by die gevorderde kursusse, en is self in hoofsaak aangewys op die gespesialiseerde bronne van die biblioteek. Die gewone handboeke is meestal hier nie voldoende nie, en die student is nou aangewys op werke van 'n gespesialiseerde aard soos byvoorbeeld tydskrifartikels, boekresensies en bibliografiese opnames.

Die student moet met hierdie bronne en ontsluitingsmiddele kennis maak en met behulp van die biblioteekpersoneel opgelei word in die gebruik daarvan.

(ii) Nagraadse studente

Ervaring het getoon dat baie studente ten spyte van die pogings van die biblioteekpersoneel om hulle in te lei in die volle benutting van die biblioteek tog nog hul voorgraadse studies voltooi met slegs 'n beperkte kennis van die volle potensiaal van die biblioteek. Soos blyk uit die opmerkings betreffende die direkte aandeel van die biblioteek in die onder-

wysprogram kan die rede vir hierdie verskynsel nie ten laste van die biblioteek gelê word nie.

Wat ookal die geval mag wees is die posisie ten opsigte van die nagraadse student dat kennis van dokumentasie soos vereis word by die skrywe van verhandelings of navorsingswerke nou 'n dringende vereis-te geword het. Kennis van die referensietegniek en die gebruik van bibliografiese bronne wat voorheen vir die student nuttig sou gewees het, is nou noodsaaklik.

Van die volgende aspekte moet die student nou kennis dra en in die gebruik daarvan onderrig word:

- (a) Bibliografiese gebruike, met ander woorde hoe om 'n werkstuk te dokumenteer, die gebruik van voetnote soos vereis word ten opsigte van boeke en tydskrifte, die numering en plasing daarvan, die opstel van bibliografieë, ensovoorts.
- (b) Die gebruik van die verskillende soorte katalogi, byvoorbeeld dié van die biblioteek self insluitende die indeks, handelskatalogi soos byvoorbeeld Cumulative Book Index, Publishers Weekly, ensovoorts, ten einde 'n oorsig te kan kry wat daaroor 'n bepaalde onderwerp gepubliseer is.
- (c) Kennis van die verskillende klassifikasiesisteme soos gebruik word in die verskillende biblioteke, byvoorbeeld Dewey, Library of Congress, Universele Desimale Klassifikasie, ensovoorts.

- (d) Nasionale bibliografieë, byvoorbeeld Suid-Afrikaanse Nasionale Bibliografie, Library of Congress (volgens outeur en volgens onderwerp), Deutsche Bibliografie, Brinkmans, British National Bibliography, ensovoorts.
- (e) Tydskrifindekse en die gebruik daarvan.
- (f) Lyste van tesse en verhandelinge, nasionaal en internasionaal (gepubliseer en ongepubliseer).
- (g) Verskillende soorte staatspublikasies en die gebruik daarvan.
- (h) Kennis van die gebruik van verskillende soorte oudiovisuele apparaat.
- (i) Kennis van die gebruik van ekserptydskrifte, boekresensies, nuusopsommings, ensovoorts.
- (j) Laaste maar nie die minste nie, kennis aangaande die gebruik van ensiklopedieë, woordeboeke, jaarboeke, en ander publikasies waar informasie (biografies en statisties) verkry kan word.

Nou kan daar seker met reg gevra word of hierdie onderrig nie by die aanvang van die student se universitêre loopbaan die nodige aandag behoort te geniet nie. Dit is beslis so, maar die vraag is nog altyd of die nodige tyd daarvoor op die studieprogram ingeruim sal kan word. Indien wel, is skrywer hiervan

geneig om te beweer dat die student met groter gemak en miskien met beter gevolge sy voorgraadse studies sal kan aflê.

Tot dusver rus die onderrigtaak ten opsigte van bogenoemde aspekte egter nog tot 'n groot mate op die skouers van die biblioteek en sy personeel, en dit is 'n absolute vereiste dat die biblioteekpersoneel hiertoe ten volle bevoeg behoort te wees.

Nie alleen vereis nagraadse studente besondere aandag by die gebruik van die biblioteek en sy inhoud nie, maar ook ten opsigte van studeerfasiliteite behoort daar vir hulle spesiale voorsiening gemaak te word. Hierdie mense se behoeftes verskil van die van voorgraadse studente daarin dat hulle tegelyk 'n hele aantal werke gebruik, meestal oor 'n langer tydperk as die voorgraadse student. Daar behoort vir diesulkes spesiale voorsiening vir aparte (desnoods sluitbare) studieruimtes gemaak te word, en moontlik spesiale leenfasiliteite.

Wat die behoeftes van nagraadse studente ookal mag wees, die biblioteek is bewus daarvan, en altyd bereid om sover dit binne sy vermoë is in hierdie behoeftes te voorsien.

(iii) Dosente

Daar is reeds op gewys dat die nagraadse student afhanklik is van die hulp en bystand van die biblioteek vir die suksesvolle voltooiing van sy verhandeling of

tesis. Dit geld tewens vir enige navorsing wat deur studente gedoen word. In geval van die geesteswetenskappe in besonder is die student geheel-en-al van die biblioteek afhanklik en nie slegs gedeeltelik nie.

Wat egter vir die navorsing van die student geld, geld in nog 'n groter mate vir die navorsing van die dosent. Soos professor De Vleeschauwer dit uitdruk:

"Without the services of a well-equipped and well-organized library all scientific work comes to a standstill or degenerates into a literary rehash of well-known things."¹

Dit is 'n bekende feit dat dosente dan ook meestal gemeet word aan die gehalte van hul gepubliseerde werke eerder as aan hul akademiese kwalifikasies. So sterk voel professor De Vleeschauwer oor hierdie aspek dat hy hom as volg daaroor uitlaat:

"The primary calling of the university lecturer is not to be a teacher but to be a scholar and a research worker."²

Meestal is daar 'n goeie verstandhouding tussen die akademici en die biblioteek, en ook 'n waardering vir die dienste van die biblioteekpersoneel. Hier in besonder, is daar 'n besef dat die bibliotekaris nie slegs 'n skakel is tussen die boek en die leser nie, maar dat hy aktief betrokke is by die navorsingswerk

1. De Vleeschauwer, H.J., op. cit., p. 58.
2. Ibid., p. 60.

wat aan die universiteit verrig word.

Dosente is egter nie net vir hul aktiewe navorsingswerk aangewys op die samewerking en bystand van die biblioteek nie. Die resultate van hul navorsing moet gepubliseer word, so nie was die navorsing tevergeefs, en dit is hier waar die biblioteek andermaal 'n aktiewe aandeel het. Die bibliotekaris weet meestal meer van die redaksionele tegnieke en die samestelling van die wetenskaplike boek as die navorser self en word daar van hom verwag om ook in hierdie opsig hulp te verleen.

Dan is dit ook nog so dat baie van hierdie publikasies in die biblioteek gebind en vandaar versprei word. Voorwaar geen geringe aandeel aan die kant van die biblioteek nie.

Dit is nie 'n maklike taak vir die universiteitsbiblioteek om vandag in die behoeftes van dosente en navorsers te voorsien nie. Die navorsing wat gedoen word raak al meer gespesialiseerd, en so ook die literatuur wat benodig word. Dat biblioteke al hierdie literatuur in hul voorraad behoort te hê kan nouliks meer verwag word, nie net op grond van die hoogs gespesialiseerde aard daarvan nie, maar ook vanweë die buitengewone hoë koste daaraan verbonde.

Geen biblioteek is in staat om selfvoorsienend te wees nie, en dit het tyd geword dat akademici en navorsers besef dat navorsing in toenemende mate op die samewerking van die biblioteke en die onderlinge be-

skikbaarstelling van hul voorraad aan mekaar berus, en dat geen ongeduld of vooroordeel of selfsugtige eise enigiets aan die prentjie sal kan verander nie. Klink die volgende opmerking nie vir meer as een bibliotekaris bekend nie?

"It's all very simple - have the titles I need when I need them, and of course where I need them. Be sure that they go to the law library."¹⁾

Ook navorsers moet onthou dat dit in die biblioteek nie mag gaan om die belang van die enkeling nie, maar om 'n gemeenskaplike doel in wie se belang almal moet saamwerk.

b. Spesiale dienste ten behoeve van universitêre navorsing

(i) Lektuurberigdiens

Dit word van akademici en navorsers verwag om gereeld bydraes van 'n betekenisvolle aard te lewer. Dit bring mee dat hulle voortdurend op hoogte moet wees betreffende die ontwikkeling op hul besondere vakgebiede. Iets wat steeds moeiliker word, en tewens vandag so veeleisend geword het dat geen navorsers of dosent kan hoop om die taak eiehandig te hanteer nie.

J.H. Sneider het daarop gewys dat wetenskaplikes soveel as 25% van hul tyd bestee om op hoogte te bly betreffende die ontwikkeling op hul vakgebiede, en as daar gelet word op die geweldige stroom van wetenskap=

1. Logsdon, R.H.: The librarian and the scholar: eternal enemies. Library journal, vol. 95, no. 16, September 15, 1970, p. 2871.

like publikasies wat vandag die lig sien, dan kan hierdie stelling geensins in twyfel getrek word nie.

Dit is bereken dat die aantal tydskrifte, met 'n wetenskaplike inhoud in 1963 reeds soveel as 35 000 beloop het,¹⁾ en dit is bekend dat die getal vandag geweldige afmetings aanneem, hoofsaaklik vanweë die feit dat die wetenskappe in al fyner en kleiner onderdele verdeel word.

R.B. Zaaiman stel dit so:

"Die hantering van kennis het meer gespesialiseerd geraak, en is volgens vakgebied verdeel namate die veld van wetenskaplike navorsing en tegniese uitvoering verdeel is in kleiner en kleiner vakterreine."²⁾

Professor Kesting sluit hierby aan as hy sê:

"Dat die klem in toenemende mate val op eksaktheid en noue begrensheid ten opsigte van navorsingsresultate in die wetenskap."³⁾

Die tydskrifte raak al meer gespesialiseerd en neem toe namate die artikels oor elke besondere vakgebied toeneem.

Die informasie wat in hierdie tydskrifte te vinde is het meestal 'n beperkte lewensduur sover dit hul

-
1. Kolder, H. & Simpkins, I.F.: Selective dissemination of information and the academic science library. College and research libraries, vol. 28, no. 1, January 1967, p. 53.
 2. Zaaiman, R.B.: Nuwere ontwikkelinge op die gebied van die gespesialiseerde biblioteek en inligtingsdienste, in Van Rooy, H.C. en Viljoen, A.J. reds. Nuwe ontwikkelinge op die gebied van die biblioteekwese en inligtingsvoorsiening, p. 110.
 3. Kesting, J.G.: Die konvensionele biblioteek en huidige navorsingseise, in Van Rooy, H.C. en Viljoen, A.J. reds. Nuwe ontwikkelinge op die gebied van die biblioteekwese en inligtingsvoorsiening, p. 71.

waarde vir die navorser aangaan en dit is noodsaaklik dat dit so spoedig moontlik in die hande van die gebruiker gestel word.

Die meeste navorsers bou vir persoonlike gebruik 'n indeks op oor hul vakgebiede, en alhoewel dit aanvanklik met groot sukses gedoen kon word, het ons reeds daarop gewys dat hierdie goeie gebruik 'n onmoontlike taak geword het. Navorsers beskik nie meer oor die tyd om hierdie taak te vervul nie, en waar dit oorgedra word in die hande van 'n sekretaresse of assistent, neem die gevaar toe dat artikels of gegewens wat van belang is die aandag mag ontgaan. Daarbenewens het gespesialiseerde arbeid so duur geword dat dit vergesog is om te verwag dat akademici en navorsers self belas moet wees met die bibliografiese arbeid wat verbonde is aan die beoefening van hul wetenskaplike beroep.

In dié verband sê Wilfred Ashworth van die navorser

"He is a specialist in science and his natural aptitude is for scientific work so that it is undoubtedly a waste if he is called upon to spend time in doing what can obviously be done with more efficiency by a specialist in the methods of librarianship."¹⁾

Die biblioteek het nog altyd in hierdie opsig 'n wesenlike diens gelewer, al het dit aanvanklik uit niks meer bestaan nie as om navorsers in kennis te stel wanneer nuwe aanwinste in die biblioteek ontvang

1. Ashworth, W.: The information officer in the university library. Library association record, vol. 41, no. 12, December 1939, p. 583.

word wat op hul vakgebied betrekking het. Dit het natuurlik vereis dat navorsers vooraf hulle besondere belangstellings aan die biblioteek bekend moes maak sodat nuwe aanwinste teenoor hierdie lyste gekontroleer kon word en navorsers dienooreenkomstig in kennis gestel word.

Hierdie diens was aanvanklik tot boeke beperk, maar dit het later uitgebrei om selfs tydskrifartikels in te sluit. Dit het egter heel spoedig geblyk dat hierdie taak so in omvang toeneem dat dit bo die vermoë van menige biblioteek geword het.

Dit is op hierdie stadium dat meer as een ekserpen indekseerdiens in werking gestel is wat ten doel gehad het om die jongste informasie oor besondere vakgebiede aan navorsers bekend te stel.

Navorsingsbiblioteke het besef dat 'n diens van lektuurberiggewing 'n vereiste geword het ten einde hul doeltreffendheid te verhoog. Hierdeur sou hulle in staat gestel word om 'n positiewe bydrae te lewer tot die onderrig- en navorsingsbehoefte van navorsers en akademiese personeel.

Hierdie diens het begin met 'n gereelde lys van aanwinste aan elke lid van die akademiese personeel, en is uitgebrei sodat dit ook die inhoudsopgawes van tydskrifnommers ingesluit het. Later het die ingebruikneming van elektroniese apparaat dit moontlik gemaak om onderwerpsindekse van die inhoud van tydskrifte beskikbaar te stel.

Geen bibliografiese diens het egter geblyk om heeltemal 'n sukses te wees in die poging om die navorsers op datum te hou met betrekking tot sy besondere vakgebied nie. Dit het steeds moeiliker geword vir die indekserende en ekserpdienste om die hele terrein van kennis te dek, en namate die omvang van die literatuur toegeneem het, het dit onmoontlik geword om op datum te bly. Dit is byvoorbeeld so dat Index Medicus reeds drie maande laat is in publikasie, en dat die gebruikswaarde van die joernaal daardeur aansienlik verlaag word.

Ook die inhoud van die sogenaamde ekserptydskrifte het probleme begin lewer. By Current Contents byvoorbeeld ontbreek dit aan 'n doeltreffende onderwerpsbenadering sover die aanbieding van informasie betref. Sommige ekserpjoernale is onvolledig betreffende die publikasies oor sekere vakgebiede, terwyl ander lektuurberigprogramme soos byvoorbeeld K.W.I.C.-indekse weer gerig is op 'n besondere onderwerp en daarbenevens so opgestel is dat dit van belang is vir groot groepe lesers eerder as individuele navorsers. Die navorsingsbehoefte van die wetenskaplike is baie meer beperk van aard alhoewel dit ook oor verskeie ander onderwerpe kan heenstrek.

As gevolg van hierdie gebreke het daar by akademici en navorsers 'n behoefte ontstaan om 'n meer volledige en meer persoonlikgerigte inligtingsdiens. Dit het vir dié mense al meer onmoontlik geword om lektuur oor

hul vakgebiede self te deursoek met die oog op dit wat vir hulle navorsing van belang mag wees.

Die behoefte na 'n vinnige, doeltreffende en omvattende diens het in hierdie opsig 'n noodsaaklikheid geword.

(ii) Die rekenaar

In die begin van die sestigerjare het die gedagte by bibliotekarisse en inligtingsbeamptes ontstaan om die rekenaar wat toe reeds vry algemeen met sukses vir baie roetine prosesse ingespan is ook te gebruik om hierdie lektuurberiggewing op groot skaal moontlik te maak.

J.E. Brown het hom oor die verwagting ten opsigte van die rekenaar en verwante elektroniese data-prosesse vir die berging en herwinning van bibliografiese gegevens as volg uitgelaat:

"It was decided to concentrate on the utilization of mechanized techniques to exploit the library's resources and facilitate the dissemination of information."¹)

Hierdie besluit is hoofsaaklik op grond van die volgende oorwegings geneem:

- (a) Dit kan van die rekenaar verwag word om die hoeveelheid klerklike arbeid wat aan so 'n inligtingsdiens verbonde is in 'n groot mate uit te skakel.

1. Brown, J.E.: The CAN/SDI project. Special libraries, vol. 60, no. 8, October 1969, p. 502.

- (b) Dit is vir die rekenaar moontlik om met spoed baie roetine-prosesse oor te neem, byvoorbeeld die produseer van kaarte, opstel van lyste, bibliografieë, ensovoorts.
- (c) Die rekenaar word nie moeg nie, en is veronderstel om nie foute te maak nie.
- (d) Die rekenaar se "geheue" is betroubaar en in staat om die massa literatuur te hanteer.
- (e) Die rekenaar is akkuraat, en kan selfs die fynste besonderhede inneem wat op enige latere tydstip herwin kan word.
- (f) Die spoed waarteen die rekenaar in staat is om take te verrig is ver bo die vermoë van die mens.
- (g) Dit kan tot op datum volledige besonderhede verskaf van die jongste aanwinste van die biblioteek. Iets wat vir die navorser van die uiterste belang is.

Dat daar besluit is om die diens van die rekenaar ook in belang van die biblioteek se behoeftes te benut het niemand verbaas nie, veral as daar gedink word aan die berging van die massas inligting en die herwinning daarvan met die mins-moontlike tydsverloop.

Soos Harrison Bryan dit gestel het,

"if only the flood of published material could be adequately processed for later retrieval the problem would be solved."¹⁾

In die gekompliseerde en versnelde lewe van vandag, het tyd 'n oorheersende en kosbare faktor geword. Gebruikers het nie meer die tyd om te wag dat infor=masie deur die biblioteek versamel en beskikbaar gestel word nie.

In die biblioteek het die behoefte ontstaan aan 'n sisteem wat in staat was om die massas inligting sinvol te berg en onmiddellik beskikbaar te stel omdat daar bereken is dat meer as 30% van wetenskaplike man=nekrag verlore gaan as gevolg van die feit dat inlig=ting wat benodig word nie op die regte tydstip aan die regte persoon beskikbaar gestel kan word nie.²⁾

Daarbenewens is bereken dat soveel as 120 miljoen bladsye met wetenskaplike informasie in 1970 in 100 000 tydskrifte gepubliseer is, en om alles te kroon verdubbel hierdie aantal bladsye elke agt en 'n half jaar.³⁾

Selfs die ekserptydskrifte kon hiermee nie meer tred hou nie. In die woorde van professor Kesting:

-
1. Bryan, H.: The explosion in published information - myth or reality. Australian library journal, vol. 17, no. 11, December 1968, p. 400.
 2. Schneider, J.H.: Selective dissemination and indexing of scientific information. Science, vol. 173, no. 3994, July 1971, p. 300.
 3. Schneider, J.H., ibid.

"Dit is lank reeds bekend dat die boek en selfs die noukeurig geredigeerde tydskrif in toenemende mate hul trefkrag verloor het as effektiewe inligtingsmedia by natuur- en toegepaste wetenskaplike navorsing."¹⁾

Geen wonder dat nuwe weë opnuut ingeslaan moes word nie, en dit bring ons by die sogenaamde S.D.I.-diens wat die beskikbaarstelling van gekonsentreerde, spesifieke informasie op die oog gehad het.

(iii) Selektiewe disseminasie van inligting

Hierdie diens word deur H.P. Luhn as volg omskryf:

"That service within an organization which concerns itself with a channeling of new items in information, from whatever source to those points within an organization where the probability of usefulness, in connection with current work or interest is high."²⁾

Die term "selektiewe disseminasie van inligting" het in gebruik gekom hoofsaaklik op grond van Luhn se idee om gegewens deur middel van elektroniese prosesse aan gebruikers beskikbaar te stel. Dit kom neer op 'n deurlopende diens aan die gebruiker waar alles wat op sy vakgebied betrekking het of waarin hy belangstel aan hom beskikbaar gestel word deur middel van die rekenaar. Judith Connor sien dit so:

-
1. Kesting, J.G., op. cit., p. 76.
 2. Luhn, H.P.: Selective dissemination of new scientific information with the aid of electronic processing equipment. American documentation, vol. 12, no. 2, April 1961, p. 132.

"S.D.I. differs from other 'Current awareness services' in that it is a personalized service, providing a specialized bibliography for each individual served suited to his own interests."¹⁾

In teenstelling met ander informasiedienste is S.D.I. ingestel op die individu in plaas van op die groep. Dit stel hom ten doel om die materiaal te groepeer rondom die behoeftes van die individuele navorser, sodat dit nie meer vir hom nodig sal wees om 'n massa informasie deur te soek vir dit wat vir hom spesifiek van belang is nie. Dit is in teenstelling met die benadering van die ekserptydskrif wat 'n aanduiding gee van waar gesoek kan word nou 'n kwessie van ter hand stel van dit waarna gesoek word.

By die ekserptydskrif was die probleem verder dat informasie eers op aanvraag gelewer kon word. S.D.I. stel die informasie self beskikbaar. Dit stel navorsers in staat om voortdurend op hoogte te bly met die ontwikkeling op hul vakgebiede. Dit is 'n groot verbetering teenoor die groep-georiënteerde dienste waar die navorser se tyd in beslag geneem is met die deursoek van materiaal om bruikbare en onbruikbares van mekaar te skei. Dit vereis egter intensiewe navorsing ten opsigte van die indeksering van materiaal sodat niks gemis sal word nie. Die navorser verlaat hom op hierdie diens, want soos Schneider dit stel:

1. Connor, J.H.: Selective dissemination of information: a review of the literature and the issues. Library quarterly, vol. 37, no. 4, October 1967, p. 375.

"Selective dissemination of information is a type of personalized current awareness service which, under optimum conditions involves screening a large number of documents selecting information exactly tailored to meet the specific, unique research needs of each user."¹⁾

Dit is duidelik dat dit 'n groot mate van deeglikheid en presiesheid vereis om die wetenskaplike en sy materiaal bymekaar te bring.

Die S.D.I.-diens kom in kort daarop neer dat artikels wat vir akademici of navorsers van belang is geabstraheer word, en dat masjien-leesbare rekords van elke sodanige geskrif opgestel word. Hierdie rekord bevat die bibliografiese aanhaling tesame met 'n beskrywing van die dokument wat die informasie bevat. Die belangstellingsvelde of belangstellingsprofiel van die navorsers word ook in masjien-leesbare taal opgestel met behulp van 'n standaard woordelys wat gebruik word by die indeksering van die geskrifte. Sommige S.D.I.-sisteme maak gebruik van masjien-leesbare gegewens en terme wat vooraf opgestel is en wat die geskrif vergesel. Dit bespaar personeel baie tyd en arbeid betreffende indeksering, abstrahering en die tik en pons van kaarte. Hierdie terme word meestal opgestel deur gesaghebbende dokumentasiesentrums en kan met gerustheid gebruik word deur biblioteke.

Die eerste gemeganiseerde S.D.I.-diens wat gebaseer was op Luhn se idee is in 1959 in werking gestel

1. Schneider, J.H. , loc.cit.

by die Advanced Systems Development Division van die I.B.M. Corporation te New York en is bekend as S.D.I. 1. In hierdie proses is die inhoud van 'n aantal dokumente aan plus minus 30 gebruikers beskikbaar gestel volgens die belangstellings van elkeen. In 1960 is 'n tweede sisteem bekend as S.D.I. 2, en wat op die ou sisteem gebaseer was ontwerp, en spoedig het meer van die stelsels ontstaan en is die gebruik daarvan beproef deur die staat, die industrie en ook akademiese inrigtings. Alhoewel daar heelwat wysigings was sover dit die omvang, vermoë en koste van hierdie prosesse betref, was die beginsel in alle gevalle dieselfde, naamlik

"a mechanized matching of document descriptors against user-interest profiles."¹⁾

S.D.I.-sisteme het tot datum vele wysigings ondergaan, maar ook veel in doeltreffendheid toegeneem.

Met die magdom publikasies oor elke onderwerp as gevolg van die hedendaagse neiging tot spesialisering het dit ook alweer 'n vraag geword of die S.D.I.-sisteme in staat sal wees om by te hou en nog in die behoeftes van die navorsers te voorsien. Soos D.R. Swanson dit sien:

"As scientific knowledge accumulates, it must necessarily divide and subdivide into increasingly narrow specialities; at some point, a severe onset of the law of diminishing returns may be expected."²⁾

-
1. Connor, J.H., op. cit., p. 374.
 2. Swanson, D.R.: On improving communication among scientists. Library quarterly, vol. 36, no. 2, April 1966, p. 83.

Daar sal besin moet word oor die vraag of hierdie diens nog oor 'n breë groep onderwerpe versprei moet wees, en of daar nie miskien aan die gebruiker slegs 'n hoogs spesifieke en relevante lys van verwysings beskikbaar gestel moet word nie, met ander woorde slegs dit wat vir die navorser van uitstaande belang sal wees.

'n Doeltreffende S.D.I.-diens behoort aan die volgende vereistes te voldoen:

- (a) Dit moet die navorser die moeite spaar om self die publikasies te kontroleer vir dit wat vir hom van belang is.
- (b) Dit moet 'n persoonlike lektuurberigdiens wees wat so 'n breë veld as moontlik dek. Wetenskaplikes is geneig om hulle te verlaat op 'n aantal van die belangrikste tydskrifte oor hul vakgebiede, maar 'n S.D.I. moet verder gaan as dit en ook die minder belangrike tydskrifte insluit wat artikels mag bevat wat vir die navorser van belang mag wees.
- (c) Dit moet vir die navorser moontlik wees om afskrifte van enige artikel sonder versuim te bekom.
- (d) Deelname aan die S.D.I.-diens moet so min as moontlik van die gebruiker se tyd in beslag neem.
- (e) Die gebruik van die diens moet met min moeite

gepaard gaan, in ander woorde geen gekompliseerde prosedures nie.

- (f) Dit moet vir die gebruiker moontlik wees om sy belangstellingsprofiel aan te pas namate sy behoeftes mag wissel of wysig.
- (g) Indien moontlik moet so 'n diens ook verwys na tydskrifte wat nie noodwendig in die voorraad van die biblioteek is nie, maar wat van besondere belang vir die navorser mag wees.

Uit die gebruik van so 'n diens kan daar ook newe-voordele soos die volgende gekry word:

- (a) Dit kan gegewens verstrek wat gebruik kan word as 'n leidraad met die oog op aankope en die uitbouing van die voorraad.
- (b) Dit kan 'n aanduiding gee van leemtes in die voorraad.
- (c) Dit kan statistieke verskaf betreffende die gebruik van tydskrifte.
- (d) Dit kan 'n aanduiding gee van die behoeftes aan vertalings.
- (e) Dit kan ook 'n aanduiding gee of daar 'n behoefte is aan publikasies in vreemde tale, en indien wel watter tale.

- (f) Dit kan 'n aanduiding gee van die patroon van wetenskaplike navorsing wat gevolg word.
- (g) Dit kan ook 'n aanduiding gee of navorsers reeds van sekere verwysings bewus was, en indien wel, hoe het hulle daarvan bewus geraak.

(iv) Vakreferente

Die sogenaamde kennisontploffing van vandag en die daarmee gepaardgaande stroom van literatuur het in die biblioteekwêreld probleme van 'n ernstige aard op die voorgrond laat tree. Uit 'n organisatoriese oogpunt alleen het dit geweldige aanpassings teweeggebring soos byvoorbeeld die beplanning van geboue, organisasie van die voorraad, prosessering, personeel, en so meer. Ook die benutting en beskikbaarstelling van die voorraad het 'n ingewikkelde probleem geword, en dit het vir die gebruiker van die biblioteek al moeiliker geword om die proses van materiaalvinding te bemeester. Tereg het H. Bryan gesê dat die kennisontploffing

"is more an explosion for the users than for the processors of information."¹⁾

Vandaar dat biblioteke wat hierdie probleem wel deeglik besef het, daadwerklike pogings aangewend het om die gebruiker by te staan in sy taak om die voorraad van die biblioteek te benut.

1. Bryan, H., op. cit., p. 400.

Dit word allerweë besef dat katalogusse, indekse en bibliografieë nie meer die enigste ontsluitingsmiddele is wat in die behoeftes van gebruikers kan voldoen nie. So is daar in die voorafgaande afdeling gewys op die pogings wat aangewend word om veral die inhoud van tydskrifte aan gebruikers beskikbaar te stel.

Alhoewel outomatisasie 'n oplossing vir meer as een van die biblioteek se probleme gebied het, moet daar tog erken word dat dit nie ál die probleme kon oplos nie. Harrison Bryan het byvoorbeeld in hierdie verband daarop gewys dat daar by alles wat die rekenaar in staat is om te doen nog nie 'n program ontwerp kon word wat die korrels van die kaf kan skei nie.¹⁾

Daar moet aanvaar word dat oor vele terreine van inligtingsvoorsiening en leserleiding heen, die menslike aspek nooit uitgeskakel sal kan word nie. Meeste universiteitsbiblioteke het dan ook met die oog op hierdie probleem so ver gegaan om 'n lesersadviseur aan te stel wat voltyds tot beskikking van die gebruikers moes wees. Uit die aard van die saak word die tyd van hierdie persoon egter grootliks in beslag geneem deur alledaagse navrae en is hy nie juis in staat om diepgaande aandag aan die behoeftes van navorsers te skenk nie. Vandaar die gedagte dat daar in die rigting van die sogenaamde vakreferent of vakspecialis

1. Bryan, H., op. cit., p. 401.

gewerk moet word. Hieroor laat R. Fenske hom as volg uit:

"Die grondliggende gedagte agter die vakreferent kan gesien word as rustend op twee pole - die biblioteek met sy versamelings en fasiliteite aan die een kant en die gebruiker, veral die navorser, met sy bepaalde behoeftes aan die ander kant. Dit het gaandeweg in die geskiedenis duidelik geword dat om die pole te versoen, tot voordeel van die gebruiker en beter benutting van die biblioteek, 'n tussenganger nodig was om die biblioteek en sy dienste, sommige waar die navorser onbewus van was, aktief uit te dra."1)

Nou is dit nodig om te let op wat met spesialis hier bedoel word. D.C. Weber praat van

"a subject or technical expertise combined with a knowledge of libraries and educational institutions"

en ook

"persons whose specialist talents may be said to dominate his talents as a librarian."2)

Kenneth Humphreys sien dit so:

"a subject specialist is a member of a library staff appointed to develop one or more aspects of a library's technical or reference service in a particular subject field."3)

Weber wys voorts daarop dat hierdie mense nie verwar moet word met die bibliotekaris wat op grond van

-
1. Fenske, R.: Vakreferensiedienste oorsee in Univer-siteit van Suid-Afrika. Departement biblioteek-dienste: Seminaar oor vakreferensiedienste aan universiteitsbiblioteke, 1973, p. 1.
 2. Weber, D.C.: The place of professional-specialists on the university library staff in Branscomb, L.C.: The case for faculty status for academic librarians, p. 68.
 3. Humphreys, K.: The subject specialist in national and university libraries. Libri, vol. 17, no. I, 1967, p. 31.

sy bekwaamheid en ervaring 'n spesialis geword het op een of ander gebied van sy werksaamhede in die biblioteek nie. Vakreferente hoef nie noodwendig uit die geledere van die biblioteekpersoneel te kom nie. Hulle mag selfs meer met die onderwys aan die universiteit gemoeid wees as met die werksaamhede van die biblioteek.

Uit wie se geledere hul ookal mag kom, op hulle skouers rus die besondere taak

"to serve the faculty and graduate students of their assigned academic departments or divisions."¹⁾

Sover dit die taak en funksies van hierdie vakspesialiste aangaan, is die benadering by alle universiteitsbiblioteke nog nie dieselfde nie, maar in hoofsaak kom dit op die volgende neer:

- (a) Om op te tree as lesersadviseur of inligtingsbeampes binne hul betrokke vakgebiede.
- (b) Om leiding te gee ten opsigte van katalogisering en klassifikasie op hierdie gebiede.
- (c) Om behulpsaam te wees met boekkeuring in samewerking met die betrokke doserende personeel.
- (d) Om op te tree as naslaanbibliotekaris ten opsigte van sy vakgebied.

1. Byrd, C.K.: Subject specialist in a university library. College and research libraries, vol. 27, no. 3, May 1966, p. 191.

Vanselfsprekend vereis hierdie taak 'n goeie verhouding en samewerking tussen die vakreferent en die akademiese departement. Dit moet naamlik die strewe van hierdie mense wees om die dienste van die biblioteek in ooreenstemming te bring met die vereistes van die akademiese departemente. In die woorde van Byrd

"highly skilled coordinators, apologists, and elucidators as well, between the library and academic departments."¹⁾

Ook die biblioteek baat by die dienste van hierdie mense, want dit is hulle wat die biblioteek op hoogte moet hou betreffende die ontwikkelinge by die akademiese departemente. Deur hul daaglikse kontak met die akademiese personeel kan hulle ook veel doen om die beeld van die biblioteek uit te dra en sy dienste bekend te stel.

Die algemene gevoel is dat dit veral wetenskaplikes is wat 'n behoefte het aan beter informasiedienste. Baie navorsers is nie vertrouwd met al die prosesse van materiaalvinding en -herwinning nie. Vir vele is die meganiese prosesse en die taal van die masjien vreemd en onbekend. Daar is gevolglik behoefte aan 'n skakel of tussenganger tussen masjien en mens, en tussen materiaal en gebruiker. Solank as wat navorsers uit

1. Byrd, C.K., op.cit. , p. 193.

die voorraad van die universiteitsbiblioteek gehelp kan word is daar vir hulle nie veel probleme nie, maar wanneer materiaal van elders geleen moet word is die hulp van so 'n persoon nodig. Om slegs werke aan te vra is nie moeilik nie, maar om informasie in die ware sin van die woord te verkry, vereis 'n groot mate van tegniese vaardigheid. Daar word byvoorbeeld hier gedink aan die verkryging van informasie uit ongepubliseerde bronne.

Die sukses van die vakreferent sal in hoofsaak afhang van sy vermoë om homself te oriënteer ten opsigte van die behoeftes van die individuele navorser. Elke navorser het sy eie individuele behoeftes, sy eie benadering, sy eie vermoë ten opsigte van die gebruik van materiaal en hierin moet die vakreferent hom kan bystaan indien nodig. Ashworth meen dat die vakspecialis nie net die gebruiker moet voorsien van die informasie wat hy vra nie, maar ook dit wat volgens die mening van die vakreferent nodig mag wees.¹⁾ Miskien som Line die situasie goed op as hy sê dat die vakspecialis teenoor die behoeftes van die individuele navorsers ingestel moet wees soos 'n dokter teenoor sy pasiënte. Dit is noodsaaklik dat die vakreferent diegene wat hy moet bedien persoonlik ken asook die navorsing waarmee hul besig is. Hy moet 'n duidelike begrip hê van die basiese beginsels waarop die vakge-

1. Ashworth, W., loc. cit.,

biede waarmee hy te doen het berus, sodat hy in staat kan wees om die informasie wat hy bedien te meet teenoor die vereistes van die navorsing wat gedoen word. Tussen die vakreferent en naslaanbibliotekaris sal daar 'n besondere kontak en samewerking wees alhoewel dit basies nie dieselfde werk is nie. Die vakreferent se terrein kan veel meer as net die boek en biblioteek wees, en daarom is dit nie wenslik dat hy betrek word by die gewone roetine-werksaamhede van die biblioteek nie, alhoewel hy beskikbaar behoort te wees ook in die biblioteek vir enige navrae oor sy besondere vakgebied.

Die vakreferent se dienste sal veral uit die volgende bestaan:

Die opspoor van alle betrokke verwysings.

Die selekteer van alle bruikbare items uit hierdie verwysings.

Die benutting van alle informatiewe bronne.

Hulp by persoonlike indekse en katalogi.

Die verkryging van vertalings indien nodig.

Hulp by enige proses van herwinning van informasie, veral by elektroniese prosesse.

Hulp by die verkryging van materiaal van elders.

Hulp ten opsigte van boekkeuring.

Die opstel van bibliografieë.

(a) Verhouding tussen die biblioteek en die vakreferent

Die vraag kan gevra word of hierdie diens noodwendig deur die biblioteek gelewer moet word,

en of dit nie miskien ewe-goed gedoen kan word deur persone uit die geledere van die akademiese personeel self wat vir dié doel afgesonder word nie. Daar is selfs diegene wat van mening is dat so 'n diens op 'n deeltydse basis kan geskied, in ander woorde dat persone as dosent-vakreferent aangestel word. Uit hierdie benadering kan onmiddellik probleme voorsien word soos byvoorbeeld plasing, toesig, beheer, verdeling van pligte, ensovoorts.

Daarbenewens moet in gedagte gehou word dat die aard en omvang asook die benadering en selfs die uitvoering van hierdie dienste grootliks sal verskil van departement tot departement en ook van persoon tot persoon. Dit hou die gevaarlike element in dat dienste amateuragtig uitgevoer kan word volgens die vermoë en kennis van elke persoon binne sy besondere vakgebied. Enige diens van die aard wat op 'n deeltydse grondslag geskied kan mank gaan aan goeie samewerking en 'n vrugbare koördinasie van kragte.

Sou elke departement sy eie dienste organiseer, kan dit 'n grootskaalse duplikasie ten gevolg hê. Van kontinuïteit op breë en georganiseerde grondslag kan daar ewe-eens geen sprake wees nie. Dit is te betwyfel of enige deeltydse personeel oor die tyd sal beskik om die diens na behore te vervul. Vandaar die behoefte aan opgeleide vakspecialiste op 'n voltydse basis.

Die vlak waarop die diens aangebied word is van die uiterste belang. Omdat dit op die vlak van die navorsing self geskied, moet daar erken word dat dit veel hoër sal wees as die gewone naslaandienste van die biblioteek. Die vakreferent moet 'n grondige kennis hê van navorsers en navorsingsbehoefte. Vanselfsprekend kan elke vakreferent net 'n beperkte getal navorsers bedien. Volgens meeste gegewens 'n getal van tussen 20 tot 40 navorsers per vakreferent afhangende van omstandighede.

Die vlak waarop die vakreferent in staat moet wees om die diens te verrig sal afhang van sy eie bekwaamheid en kwalifikasies. Vanselfsprekend sal die vakreferent onderleg moet wees in die vakgebied van diegene wat hy moet bedien. Die navorsers moet vertrouwe hê in die vakreferent, en hulle sal dit nie hê as die persoon nie op akademiese vlak homself kan handhaaf nie. Daarbenewens moet sy kennis van dokumentasie en materiaalvinding sulks wees dat dit geen rede tot twyfel by die navorser laat nie. Ook moet hy oor die persoonlikheid beskik wat vertrouwe en goeie samewerking verseker.

Hiermee moet nie die indruk geskep word dat die vakreferent een of ander bonatuurlike wese is nie. Allermens iemand bo die bibliotekaris verhewe. Dit is meer 'n kwessie van 'n besondere funksie en 'n spesiale kwalifikasie as 'n besondere

persoon. Myns insiens sal die ideale vakreferent nog altyd 'n opgeleide bibliotekaris wees wat in een of meer wetenskaplike rigtings bekwaam is.

Die taak en funksies van die vakreferent moet net baie duidelik te onderskei wees van die gewone biblioteekroetines. Hy is in die eerste plek vakreferent en dan biblioteekkundige, en nie andersom nie, vandaar die benaming "vakreferent" of "vakspesialis" en nie "bibliotekaris" nie. Tewens, die hele universiteit moet bewus wees van die feit dat dit 'n diens is wat aangebied word bo en behalwe enigiets wat die biblioteek sover aangebied het. Die verskil in benadering word goed saamgevat in die woorde van R.S. Cahn deur Line aangehaal:

"A librarian will provide books or journals where a specified piece of information is likely to be found; an information officer will provide the information itself, possibly using a librarian to help locate it."¹⁾

Dat hierdie benadering inderdaad verskil van dit wat deur die bibliotekaris gehandhaaf word, is seker en menige bibliotekaris sal beweer dat dit op niks anders as "spoonfeeding" neerkom nie - iets wat vir die bibliotekaris uit die borse is. Die bibliotekaris is van mening dat in die proses van materiaalopsporing daar ook vir die navorser

1. Line, M.B.: Information services in university libraries. Journal of librarianship, vol. 1, no. 4, October 1969, p. 218.

nuwe gedagtes en idees na vore tree wat in werk=likheid dien as 'n prikkeling tot dieper en wyer ondersoek, en 'n waarborg is dat die hele veld van ondersoek gedek word.

Teenoor hierdie opvatting kan geen beswaar ingebring word nie, maar daar is tog die één aspek sover dit die navorser aanbetref wat nie uit die oog verloor mag word nie. In die woorde van Wilfred Ashworth:

"he is a specialist in science and his natural aptitude is for scientific work so that it is undoubtedly a waste if he is called upon to spend time in doing what can obviously be done with more efficiency by a specialist in the methods of librarianship."¹⁾

In die lig van die duur arbeid van vandag is dit voorwaar 'n aspek wat nie te maklik geïgnoreer kan word nie.

(b) Plasing van die vakreferent

'n Aspek waaroor daar twyfel kan bestaan is waar presies die vakreferent geplaas moet word, in die biblioteek of by die navorsers?

Dit moet aanvaar word dat hierdie mense nie van die materiaal geskei sal kan word nie, ook nie van die ander inligtingsbibliotekarisse in die biblioteek nie. Hulle sal die grootste deel

1. Ashworth, W., loc. cit.

van hul tyd in die biblioteek self deurbring omdat hulle vir die uitvoering van hul taak hoofsaaklik afhanklik is van die biblioteek, sy voorraad en sy funksies.

Die algemene gevoel is dat hul nie aan 'n bepaalde kantoor verbonde moet wees of vir 'n bepaalde biblioteekfunksie verantwoordelik gehou moet word nie. Hulle moet vry wees om na willekeur met die navorsers te skakel, en baie van hul tyd saam met die mense deur te bring, maar die gewenste benadering sou seker wees dat hulle onder beheer van die universiteitsbibliotekaris geplaas behoort te word.

(c) Finansiële implikasies

Die finansiële aspek van so 'n diens lewer seker een van die moeilikste probleme.

Dit moet aanvaar word dat so 'n diens nie goedkoop sal wees nie. Dit is werk wat deur senior personeel gedoen sal moet word, en as ons praat van senior personeel dan word personeel met ten minste die status en vergoeding van senior lektore bedoel. Nou is die vraag, moet die biblioteek alleen vir die koste van so 'n diens instaan, of moet die departement in wie se belang die vakreferent eintlik arbei 'n deel van die koste bydra. Dit is algemeen bekend dat menige biblio=

teekbegroting nouliks kan bybly om in sy eie behoeftes te voorsien, en waar hierdie diens eintlik ingestel is in belang van die navorser, is dit dan reg dat die biblioteek alleen hiervoor verantwoordelik gehou word?

Dit moet egter nie uit die oog verloor word dat die biblioteek daar is vir al sy lede, studente en dosente, en as dit van dosente verwyg word om navorsing te doen, dan moet hierdie diens gesien word in die lig van die doel en funksies van die universiteit as geheel en as sulks behoort daarvoor voorsiening gemaak te word in die toekennings aan die biblioteek. Daar kan wel geargumenteer word dat die biblioteek ingestel is op die behoeftes van sy lede in geheel en nie individueel nie, maar hoeveel van die materiaal wat aangekoop word is nie alreeds meer op individuele as algemene behoeftes gerig nie?

Die uitgangspunt behoort te wees dat as daar behoefte aan so 'n diens bestaan, dit ingestel behoort te word en dat die finansiële implikasie 'n saak vir die universiteitsowerhede is, en nie vir die universiteitsbibliotekaris of biblioteekkomitee nie.

Al is die diens dan in belang van slegs 'n deel van die biblioteek se lede, dan is dit 'n deel wat altyd aanwesig sal wees en wat altyd die diens sal benut. Die koste verbonde aan navorsing

vereis dat alles in die stryd gewerp word om die navorsingsproses te bespoedig.

Aan die ander kant moet die biblioteek besef dat 'n groot en duur voorraad wat nie na behore benut word nie ook 'n wanbesteding van fondse is. Het dit nie tyd geword dat dit waaroor die biblioteek beskik ten volle benut moet word en beskikbaar gestel moet word deur persone wat weet waartoe die voorraad in staat is nie? Eerder 'n kleiner voorraad met 'n maksimum benutting as 'n groot voorraad wat ongebruik staan. Sal 'n doeltreffende informasiediens nie uiteindelik blyk eerder 'n besparing as 'n addisionele uitgawe te wees nie?

4. DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK EN DIE INTELEKTUELE EN KULTURELE VORMING VAN DIE STUDENT

M.B. Line sê:

"The function of the university library is to bring together information or knowledge on the one hand and human beings on the other"¹⁾,

maar wat word daarmee beoog om hulle bymekaar te bring? Gaan dit vir die biblioteek bloot daarom dat hy daar moet wees om die student by te staan in sy strewe om 'n graad te verwerf of het die biblioteek 'n belangriker taak as om studieboeke en hulpmiddels te verskaf aan die student wat van sy dienste gebruik maak?

Soos reeds beweer in hoofstuk II ten opsigte van die

1. Line, M.B.: The functions of the university library in Saunders, W.L. ed.: University and research library studies, p. 148.

taak van die universiteit, is dit skrywer se oortuiging dat ook die biblioteek 'n aktiewe rol speel en 'n bydrae lewer ten opsigte van die intellektuele en kulturele vorming en ontwikkeling van die student, meer as wat bibliotekarisse miskien bereid is om toe te gee. Is universiteitsbibliotekarisse nie miskien te geneig om die studente te sien in terme van B.A., B.Comm., of B.Sc.-studente nie, sonder om te besef dat dit mense is op soek na kennis, wysheid en waarheid?

Daar is seker niemand wat nie wysheid begeer nie.

In die woorde van Job

"die besit van wysheid is meer werd as korale"¹⁾,

en tereg beweer T.R. McKeldin en V.W. Clapp:

"Each of us has a choice of being a wise man or a fool, but there is no third choice."²⁾

Vir McKeldin en Clapp is daar 'n groot verskil tussen kennis en wysheid, en sien hulle wysheid as die vrug van kennis. Kennis kan opgebreek word in wetenskap, filosofie, geskiedenis, ensovoorts, terwyl wysheid nooit enigiets anders as 'n eenheid kan wees nie.

Nou is dit so dat geen universiteit 'n mens sonder meer wys of verstandig kan maak nie, maar die universiteit moet aan die student die geleentheid bied om kennis op te doen in die hoop dat hy daardeur ook die wysheid sal bekom, en dit is hier waar die biblioteek aktief by die saak betrek word.

1. Job 28 : 18.

2. McKeldin, T.R. & Clapp, V.W.: The library and the wise man, p. 9.

Die biblioteek bevat die skriftelike neerslag van die menslike kennis en wysheid van die verlede, en hy moet dit in hede en toekoms tot beskikking stel van die vorsers na waarheid en wysheid. Die biblioteek het 'n groter taak as net om intelligente jong mense in aanraking te bring met die besondere outoriteite op elke terrein van die geleerdheid. Die biblioteek moet die student in aanraking bring met die versamelde kennis van alle eeue. Die student wat geleer en geput het uit hierdie kennis sal die lewe wat hy tegemoet gaan veel beter begryp en verstaan, en boonop in staat wees om diegene met wie hy moet saamleef met groter begrip te bejeën en tot diens te wees. En hiertoe is die biblioteek in staat. Sy voorraad wat ten volle tot die beskikking van elke student moet wees, behoort 'n bydrae te lewer tot die verfyndheid en beskaafdheid van elke opgevoede mens wat daarvan gebruik maak. So nie, kan die biblioteek nie daarop aanspraak maak dat hy die "hart" van die intellektuele en opvoedkundige lewe van die universiteit is nie.

Immers, die bydrae van 'n universiteit in belang van die mensdom word nie net gemeet in terme van briljante navorsers of belangrike wetenskaplike ontdekkings nie, maar ook in die mate waartoe hy in staat is om die duisende studente wat nie groot geleerdes word nie, so op te voed en te vorm dat hulle op hulle beurt bevrugterend kan inwerk op diegene in die samelewing met wie hulle in aanraking kom. Harold Lancour, van die biblioteekskool te Illinois stel dit so:

"The work of the scholar is purposeful and his final objective is that he should be able to contribute

to human good."¹⁾

Nou is dit so dat daar seker met reg veel verwag kan word van die student wat wel van die voorraad van die biblioteek gebruik maak, maar kan ons sonder meer aanvaar dat almal wel die biblioteek sal gebruik, en al is dit so, wat van diegene wat in die biblioteek en sy voorraad weinig meer sien as net om hom te help om deur sy studies te kom. Sou die biblioteek ook hier 'n invloed kon hê ten opsigte van kulturele en intellektuele vorming? Intellektueel miskien nog in 'n mate, maar kultureel seker weinig.

Die biblioteek moet aanvaar dat daar 'n groot persentasie studente sal wees wat heeltemal passief sal reageer ten opsigte van enige kulturele aspirasies aan die kant van die biblioteek, maar daar is wel 'n persentasie wat vatbaar is vir sodanige ideale, en die vraag is wie is hulle, hoe word hulle bereik, en hoe word met hulle te werk gegaan om die verwagte ideale te verkry?

Die biblioteek moet nooit verwag dat hierdie soekers na waarheid oor een of ander onderskeidingseienskap sal beskik waaraan hul noodwendig uitgeken sal kan word nie. So maklik is dit nie, en daarom moet die biblioteek daarop ingestel wees om nie net in die behoeftes van die selfstandige soekers en denkers te voorsien nie, maar dat hy hom ook aktief moet beywer om sodanige denkers en soekers in der waarheid op die voorgrond te

1. Lancour, H.: If librarianship is a learned profession. Library journal, vol. 76, no. 13, July 1951, p. 1074.

laat tree. Die bibliotekaris moet nie sit en wag dat hulle te voorskyn moet kom nie, want dit hang van hom af of hulle hoe genaamd te voorskyn sal kom. As sy biblioteek behoorlik toegesorg en georganiseer is, sal hierdie denkers vanself te voorskyn tree, en dit is dan wanneer die biblioteek die geleentheid te baat moet neem. Soos wat voedsel die liggaam kan laat groei en ontwikkel, kan die nodige leesstof die verstand laat groei en ontwikkel. Voorwaar 'n besondere geleentheid wat aldus benut moet word. Baie studente het weliswaar geen intellektuele aspirasies nie. Hulle is tevrede om deur ander gelei te word, maar daar is ook diegene by wie 'n drang tot selfontwikkeling en selfhandhawing aanwesig is en dit is hier waar die biblioteek die geleentheid moet aangryp om te vorm en te lei.

Die biblioteek moet voorsien in die behoeftes van elke soekende gees, maar hy moet ook die gees aktiveer, inspireer en voed op die weg van selfopvoeding en selfstandigwording.

'n Vraag wat hier met reg gevra kan word is of 'n boek 'n mens van opinie kan laat verander, en hier is skrywer geneig om bevestigend te antwoord. In die woorde van A. Broadfield

"To change a person's mind without his choice is wrong, but it is possible to change it."¹⁾

Skrywer is van mening dat namate 'n mens kennis verwerf en waarheid bekom, jy wel deeglik tot ander insigte kan kom op grond waarvan jy van opinie kan verander.

Die bibliotekaris kan 'n mens help om sy opinie te vorm of hom tot sekere gevolgtrekkings te laat kom as hy vrye toegang het tot die volle inhoud van die biblioteek soos dit tot sy beskikking gestel word deur katalogusse, bibliografieë

1. Broadfield, A.: A philosophy of librarianship, p. 25.

en vrye toegang tot die rakke. Om 'n oordeel te vel of tot 'n bepaalde slotsom te kom, berus in die eerste plek op die individu self, maar is dit nie vir die individu veel makliker om te oordeel en te besluit met behulp van die biblioteek nie? Die bibliotekaris moet voorsien in dit wat gevra word, maar moet ook dit voorsien wat waardevol mag wees. Nooit mag hy hom egter bemoei met die beslissing van die leser of hom probeer beïnvloed om tot 'n sekere besluit te kom nie. Hierdie besluit moet in die hande van die leser self gelaat word. Daarom is dit ook verkeerd van die biblioteek om deur middel van die voorraad wat hy aanbied hom te bepaal by dit wat hy graag wil bevorder of aanmoedig. Tensy wetgewing dit vereis lê dit nie op die weg van die bibliotekaris om sommige literatuur doelbewus uit te sluit nie.

Nou moet daar onthou word dat op die weg van kulturele vorming en intellektuele ontwikkeling dit gaan om lees oor 'n baie breër terrein as dit wat sentreer om die leerplan van die besondere kursus. Tereg beweer H.H. Fussler

"During the early stages the books can be prescribed or recommended by the faculty, so that the best of our cultural heritage will be known; but as the student gains maturity, he should be given more and more freedom of choice."¹⁾

En dit is in hierdie behoefte wat die biblioteek moet voorsien. Behalwe op die gebied van die kuns en musiek is die grootste deel van die kultuur waaroor die mens beskik tog maar opgesluit in die boek, en daarom moet dit deur die boek tot beskikking van die mens gestel word. Fussler beweer dat die beste univer=

1. Fussler, H.H.: The function of the library in the modern college, p. 2.

siteit 'n versameling boeke is, en daarom is die universiteitsbiblioteek die goudmyn waar die student met behulp van die fakulteit kan delf in die skatte van die beskawing.¹⁾

Daar is dan ook veel wat die biblioteek kan doen om te voorsien in die leesbehoefte van diegene by wie daar 'n begeerte tot kennisvermeerdering en intellektuele ontwikkeling aanwesig is.

Daar kan veel bereik word deur die voorsiening van interessante en populêre boeke wat deur middel van aantreklike uitstallings onder die aandag van studente gebring word. Boeke wat die student se nuuskierigheid sal prikkel, boeke wat nie om sy leerplan sentreer nie, maar wat hom uitnoui om te lees om sy kennis te verbreed, om sy ontdekkingsdrang te bevredig, en om ontspanning te verskaf na ure van spannende studie. Hierdie uitstallings kan in prominente plekke in die biblioteek gehou word, of die boeke kan selfs met behulp van die stofomslae in die vorm van uitstallings in eetplekke, ruskamers of koshuise onder die aandag van studente gebring word. Stofomslae is meestal kleurvol, en omdat die illustrasies in baie gevalle van so 'n aard is dat dit die nuuskierigheid prikkel, kan uitstallings met behulp van die stofomslae met groot sukses aangewend word. Boeke kan ook met veel vrug in die sogenaamde "browsing rooms" van die biblioteek uitgestal word. Dit is hier waar studente vir 'n wyle ontspan, en dit interessant en ontspannend vind om iets anders as sy lesings en studiemateriaal onder oë te kry. Iets wat sy gedagtes kan aflei en die spanning wat die studies meebring, kan onderbreek. Daarbenewens moet daar ruim voorsie-

1. Ibid., p. 3.

ning gemaak word vir goeie ontspanningsmateriaal wat opbouende en heilsame uitwerking op die gemoed van die student kan hê. Hierdie materiaal moet met oorleg gekies word, in ooreenstemming met die intellektuele en kulturele vlak van die student.

Van die grootste belang is egter dat studente die biblioteek moet sien en ken as 'n plek wat hulle met graagte wil besoek, en wil gebruik vir studie, vir ontspanning en vir die uitbreiding van hul kennis. Slaag die biblioteek in hierdie doel dan het hy ver gevorder in sy strewe om deur middel van die geskrewe woord die student te lei op die weg van kulturele groei en ontwikkeling.

HOOFSTUK IV

DIE BIBLIOTEEK IN DIE AKADEMIESE OPSET VAN DIE UNIVERSITEIT

Soos wat die sakewêreld gesteld is op die openbare mening betreffende hul besondere ondernemings, so is ook die bibliotekaris gesteld op die openbare mening sover dit sy biblioteek betref. In die besigheidswêreld hang die voortbestaan van 'n onderneming in 'n groot mate af van hierdie openbare mening en alhoewel dieselfde nie noodwendig vir die biblioteek geld nie, kan die doeltreffendheid of die sukses van 'n biblioteek tog grotendeels aan die openbare mening getoets word.

Dit is so dat daar soms 'n groot verskil is tussen die "eie" opinie en die sogenaamde "publieke" opinie, en daarom kan geen bibliotekaris onverskillig staan teenoor die beeld wat die gebruiker betreffende die biblioteek in hom omdra nie.

1. DIE BEELD VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

Soos by enige ander biblioteek kan 'n gunstige beeld die universiteitsbiblioteek net ten goede kom, terwyl 'n ongunstige beeld slegs belemmerend inwerk.

Die universiteitsbiblioteek is nie net daar om boeke beskikbaar te stel aan dosente en studente nie. As dit die belangrikste funksie was dan sou dit weinig meer vereis het as om die grootste versameling boeke in die kortste tyd byeen te bring, maar om 'n versameling op te bou

"to enable man to read the meaning of life today in

the wide context of the recorded experience of the entire race"1)

vereis veel meer as dit.

Hierdie "recorded experience" vereis wel 'n omvattende versameling, maar die byeenbring daarvan en die beskikbaarstelling daarvan behels nie net 'n doeltreffende administratiewe proses nie, dit vereis ook 'n ingewikkelde tegniese kundigheid wat seer seker die waardering en erkenning van die gebruikers waardig is. Dit moet aan dosente, navorsers en studente beskikbaar gestel word wanneer en waar nodig, en dit moet nie net die verlede ontsluit nie, dit moet ook die gebruiker in staat stel om 'n beter begrip van die huidige lewensverskynsels te vorm.

Namate die skriftelike neerslag van die mens egter toeneem in omvang en gekompliseerdheid, in die mate raak die taak van die biblioteek ingewikkeld en gespesialiseerd. Die gebruik van die voorraad vereis gespesialiseerde vaardigheid. Soos White die voorraad van 'n universiteitsbiblioteek sien as

"a body of knowledge which requires for its mastery prolonged study by mature minds."2)

Die buitewêreld is veelal geneig om die sukses van studie en navorsing toe te skryf aan die persoonlike bekwaamhede van die navorser self. Sy bekwaamheid word nie ontken nie, maar wat wel uit die oog verloor word, is dat die navorser naas bewame leiding ook vooraf insae moet hê in die opgetekende resultate en bevindinge van sy voorgangers in die besondere

-
1. White, C.M.: The place of the university library in the modern world. American library association. Bulletin, vol. 34, no. 8, September 1, 1940, p. 440.
 2. Ibid., p. 443.

verband. Dit vereis menigmaal 'n studie van alles wat oor die besondere onderwerp gepubliseer is, en dit is hier waar die biblioteek aktief by alle studie en navorsing betrek word.

Vir die akademikus en navorser is die biblioteek die begin- en eindpunt van sy studie. Hy wend hom na die biblioteek om die verlede te ontsluit, en om die huidige situasie te verstaan. Daarom word sulke hoë eise aan die biblioteek gestel. As dit wat benodig word nie in die voorraad aanwesig is nie moet dit gekry of geleen word. Dat die biblioteek nie in staat sou wees om te help nie is ten ene male onaanvaarbaar en ook onverskoonbaar.

Danksy vele middele tot sy beskikking, is die universiteitsbiblioteek vandag in die posisie om aan hierdie hoë verwagtings te voldoen, en is sodoende in staat om vir homself hoë aansien te verseker in die oë van sy gebruikers en die wêreld van vandag.

Net so min as wat die plek van die universiteit in die moderne wêreld misken kan word, net so min kan die plek van die universiteitsbiblioteek in die moderne wêreld misken word. Dit is deur die biblioteek dat die program van die universiteit ten uitvoer gebring kan word. Albei is daarop gerig om die waarheid te ontdek waarvan die voortbestaan van die mensdom in die laaste instansie afhanklik is. Nêrens anders kan hierdie waarheid opnuut ontdek word as in die boek nie, en nêrens is die boek volledig bekombaar as deur middel van die biblioteek nie.

Dit is die biblioteek wat die mens in staat stel om die ryke ervaring van sy voorgangers te benut en daarop voort te

bou, en niemand kan die biblioteek wat aan hierdie hoë verwagting voldoen verkwalik as hy gesteld is op die beeld wat die buitewêreld van hom het nie.

Vir die universiteitsbiblioteek kan 'n ongunstige beeld verrykende gevolge hê, veral as in gedagte gehou word dat diegene wat ten nouste met die biblioteek gemoeid is, te wete die Raad en Senaat van die universiteit ook medeseggenskap het by die bepaling van die fondse van die biblioteek.

So het die beeld van die biblioteek ook 'n belangrike invloed wanneer personeel gewerf word, veral by die jonger geslag wat graag deur middel van die beroep van hul keuse die bereiking van hoë ideale wil sien. Elke biblioteek en bibliotekaris moet dan ook besef dat hy in hierdie opsig 'n verantwoordelike heid teenoor die professie het.

Aan gebruikers van die universiteitsbiblioteek moet te alle tye professionele hulp verleen word. Gebruikers moet direkte kontak met die opgeleide personeel van die biblioteek hê, en hierdie personeel moet in vermoë en temperament aan die verwagtings van gebruikers voldoen.

2. DIE OORDRAGFUNKSIE VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

Die universiteitsbiblioteek het geen ander strewes as die gebruik van sy voorraad ter bereiking van opvoedkundige oogmerke nie. Hy maak bymekaar, rangskik, bewaar en stel beskikbaar om 'n gunstige klimaat te skep vir die oordrag van kennis. Die oordrag van kennis is naamlik die belangrikste funksie van enige opvoedkundige inrigting en die belangrikste bron van kennis is die voorraad van die biblioteek wat in alle

opsigte en te alle tye in die behoeftes van studente en dosente moet voorsien.

Nou is dit egter 'n vraag hoeveel studente werklik bewus is van die aktiwiteite van die biblioteek en wat daarmee beoog word. Dit kan nie ontken word dat baie studente die biblioteek sien as 'n plek waar daar onder gunstige omstandighede gestudeer kan word uit die notas wat in die klaskamers gekry is, of so nie uit die boeke of hoofstukke daaruit wat voorgeskryf is.

Daar is voorheen daarop gewys dat selfstandige biblioteekgebruik baie nou saamhang met die wyse waarop die klasonderrig geskied. As daar van die student weinig meer verwag word as om die lesing van die klaskamer so getrou moontlik weer te gee, dan sal daar ook geen behoefte wees om die voorraad van die biblioteek te gebruik nie. Dit geld ook vir die gebruik van die paar voorgeskrewe handboeke wat die student veronderstel is om self te besit.

Op universitêre vlak behoort dit egter nooit die geval te wees nie. Dit is hier waar die student so onderrig en gelei moet word dat hyself aktief meewerk aan sy eie opvoeding, met die dosent uiters in die rol van leier en raadgewer. As dit die geval is sal die student noodgedwonge na die biblioteek moet kom met die uitsluitlike doel om informasie en gegewens te kry waarmee hy op sinvolle wyse en met oortuiging kan deelneem aan die diskussie in die klas en so bewys lewer dat hy aan die akademiese standaard van sy kursus voldoen.

Dit is eers wanneer die student met hierdie doel voor oë na die biblioteek kom dat daar sprake kan wees van die oordrag

van kennis en die bereiking van opvoedkundige oogmerke deur middel van die voorraad van die biblioteek.

a. Die opbou van die voorraad

By die universiteit gaan dit om studie en navorsing, en die biblioteek is daar om hierdie taak ten uitvoer te help bring. Om materiaal vir studie en onderrig aan te koop is nie so veel van 'n probleem nie, maar wanneer dit gaan om spesifieke materiaal vir die gespesialiseerde terreine van navorsing dan raak dit 'n ingewikkelde taak.

Die voorraad van die biblioteek kan basies in die volgende groepe verdeel word:

(i) Die naslaanvoorraad

Hierdie basiese voorraad wat oor alle terreine van kennis heen strek is 'n vereiste vir elke biblioteek en moet aangekoop word sover as wat die finansiële vermoë van die biblioteek dit toelaat. Meestal lewer die aankoop van hierdie werke dan ook vir die opgeleide bibliotekaris nie veel probleme nie.

(ii) Die voorgraadse versameling

Hierdie voorraad sentreer hoofsaaklik rondom die leerplan van die universiteit en dien ter ondersteuning van die klasonderrig. Uit die aard van die saak sal dit hier vernaamlik gaan om dié vakke wat aan die universiteit gedoseer word en meestal is die opbou van hierdie voorraad nie té ingewikkeld nie, veral

waar die samewerking van dosente ondervind word.

'n Belangrike aspek wat hier in gedagte gehou moet word is die duplisering van voorraad waar studentegetalle dit vereis.

(iii) Die nagraadse versameling

Die uitbou van hierdie voorraad is veel meer ingewikkeld en om dit suksesvol te doen verg die onderbroke aandag van bibliotekarisse en vakspecialiste. Die nouste samewerking tussen die bibliotekaris en die leiers van die verskillende navorsingsprojekte is hier 'n vereiste. Alhoewel bibliotekarisse meestal self in een of ander rigting onderleg is, is dit onmoontlik vir hul om te kan oordeel oor al die verskillende gebiede van navorsing.

Wat die probleme ten opsigte van die uitbou van hierdie voorraad ookal mag wees, een verpligting kan die bibliotekaris nooit van hom afskuif nie, naamlik om toe te sien dat die persoonlike belangstellings van studieleiers en navorsers nie té ver gevoer word sover dit die aankoop van materiaal betref nie. Daar moet sover moontlik gepoog word om die voorraad stelselmatig en eweredig uit te bou rondom die studieprojekte waaraan gewerk word en te verhoed dat die een bo die ander bevoordeel word.

Dit gaan hier om gespesialiseerde en duur materiaal, vandaar die ekstra verantwoordelikheid om binne die perke en vermoë van die biblioteekbegroting te bly.

(iv) Die algemene voorraad van die biblioteek

Hierdie voorraad is hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die bibliotekaris self. Hier gaan dit om boeke buite die leerplan en die klasonderrig of navorsing. James Thompson stel dit passend as hy sê:

"... the other side of the argument must not be overlooked that a university and a university community have a cultural and educational responsibility and interest over and above their many and various specialized studies."¹⁾

Dit is hierdie voorraad wat oor enige denkbare onderwerp moet handel, wat die student kan laat ontspan as hy moeg gestudeer is, wat sy nuuskierigheid kan bevredig as hy wil ontdek en navors, wat hom kultureel en opvoedkundig kan opbou en afrond as hy delf in die opgetekende kennis en waarhede van hede en verlede.

b. Die bewaar en organiseer van die voorraad

Die voorraad van die universiteitsbiblioteek moet nie alleen met groot oorleg en doelgerigtheid aangekoop word nie, dit moet ook met sorg bewaar en ordelik georganiseer word.

Gelukkig word die ontsaglike waarde van so 'n versameling vandag sonder teësprak erken, en lê universiteite hul daarop toe om biblioteekgeboue met sorg te beplan ten einde die

1. Thompson, J.: An introduction to university library administration, p. 47.

veiligheid van versamelings te verseker. Daarbenewens is dit die plig van elke bibliotekaris om toe te sien dat alle regulasies en bepalinge wat betrekking het op die veilige bewaring van die voorraad ten strengste nagekom word.

Daar moet egter ook toegesien word dat die voorraad op so 'n wyse beskikbaar gestel word dat dit die beskadiging en verweer van materiaal tot 'n minimum beperk. Enige prosesse waar werke hanteer word, moet met die nodige sorg en versigtigheid uitgevoer word. Studente moet by die aanvang van hul kursusse gewys word op die verantwoordelikheid dat hul vir die verlies of beskadiging van boeke verantwoordelik gehou word. Dit is ook baie belangrik dat boeke nie op rakke so geplaas of gerangskik word dat die afhaal daarvan moeilik is en die boeke kan beskadig nie. Hier word veral gedink aan boeke wat té styf gepak is en beskadig word as dit aan die rug uitgetrek word. So moet materiaal ook nie aan weerstoestande blootgestel word wat beskadiging in die hand kan werk nie, soos byvoorbeeld son, vogtigheid of stof. Waardevolle materiaal soos byvoorbeeld Africanawerke moet liefers agter geslote deure gehou word en slegs op skriftelike versoek beskikbaar gestel word, terwyl kunswerke van 'n besondere gehalte na gebruik gekontroleer behoort te word. Dieselfde geld vir plate, partiture, bande, mikromateriaal, ensovoorts.

Ten opsigte van die organiseer van die voorraad kan seker veel gesê word, maar dit is voldoende om te beweer dat 'n goed-georganiseerde biblioteek se voorraad goed bewaar, logies en sinvol gerangskik en doeltreffend beskikbaar gestel word.

Die wyse waarop die voorraad georganiseer is moet vir die gebruikers duidelik en verstaanbaar wees. Die rangskikking moet netjies en logies wees met besondere klem op gemaklike en onbelemmerde gebruik. Voldoende beligting en doeltreffende spasiëring is aspekte wat nie uit die oog verloor moet word nie.

c. Die beskikbaarstelling van die voorraad

Die grootste persentasie van die biblioteekpersoneel is op een of ander wyse gemoeid met die proses van beskikbaarstelling. Die ontsluitingsafdeling wat die voorraad sistematies en sinvol moet klassifiseer vir gebruik, die naslaanafdeling, die uitleenafdeling, die magasynmeester, die binder, almal het één doel voor oë, naamlik om die voorraad so doeltreffend moontlik vir gebruik voor te berei.

Hierdie beskikbaarstelling behels die hele voorraad van die biblioteek en die gebruik daarvan met die minste moeite en beslommernis. Selfs waar daar voorwaardelike beskikbaarstelling is moet alle onnodige moeite en omslagtigheid uitgeskakel word. Dit sluit ook in behoorlike voorligting in die gebruik van die biblioteek, byvoorbeeld deur middel van katalogusse, indekse, bibliografieë, ensovoorts, maar dit moet voorligting en leiding wees op so 'n doeltreffende en vriendelike wyse dat dit kan dien om 'n gunstige beeld van die biblioteek na buite uit te dra.

In die opsig rus daar veral 'n besondere verantwoordelikheid op die skouers van die toonbankpersoneel. Die uitleentoonbank is die advertensiebord van die biblioteek en hierdie personeel in besonder kan die beeld van die biblioteek opbou of

afbreek. H.C. Bauer druk dit so uit:

"Circulation assistants are the goodwill ambassadors of the library."¹⁾

Hierdie mense moet die voorraad beskikbaar stel maar hulle moet dit ken en ook die behoeftes van die gebruikers, want ook by die universiteitsbiblioteek verskil die behoeftes van die onderskeie groepe, byvoorbeeld voorgraadse en nagraadse studente, navorsers, dosente, ensovoorts, en die personeel moet in staat wees om elkeen te bedien na die eis van sy besondere behoefte.

Nie alleen moet die onderskeie dienspunte met bekwame personeel beman word nie, maar daar moet ook sorg gedra word dat die diens nie belemmer word deur ondoeltreffende of uitgediende gebruike of reëls en regulasies nie. Juis hier moet nuwe gebruike en metodes bestudeer en op die proef gestel word as dit enigins blyk dat die diens daardeur verbeter kan word. Sodoende kan daar 'n positiewe bydrae gelewer word ten opsigte van goeie verhoudinge en onderlinge samewerking met gebruikers.

Een van die primêre funksies van die personeel in die afdeling beskikbaarstelling is om seker te maak dat gebruikers weet hoe om die biblioteek doeltreffend te gebruik. As hul oortuig is dat gebruikers die volle potensiaal van die biblioteek kan ontgin, dan is dit hul taak om hulself te vergewis tot welke mate die biblioteek met sy voorraad en diens in die behoeftes van die gebruikers voorsien.

1. Bauer, H.C.: Circulation service and public relations. Library trends, vol. 6, no. I, July 1957, p. 53.

Alles moontlik moet gedoen word om die gebruiker tevrede te stel, maar, - en dit is absoluut noodsaaklik - solank as wat dit nie ten koste van sy medegebruikers is nie. In die universiteitsbiblioteek moet daar in besonder hierteen gewaak word. Male sonder tal poog studente en dosente om personeel te oortuig dat daar ten opsigte van hul besondere behoeftes 'n uitsondering gemaak kan word omdat niemand anders oor die besondere onderwerp werksaam is en gevolglik vir die huidige by die betrokke werke belang sal hê nie. Dit is 'n bewering wat niemand met sekerheid kan maak nie en wat nie sonder meer aanvaar kan word nie.

Ook moet die behoeftes van gebruikers nie so hoog geag word dat alle reëls en regulasies oorboord gegooi word om daaraan te voldoen nie. Seker is daar uitsondering binne perke, maar geen biblioteek kan hoop om doeltreffend te fungeer in belang van al sy gebruikers as reëls en regulasies net nagekom word deur enkele pligsbewuste lede nie. Hierdeur sal openbare betrekkinge en onderlinge verhoudinge meer geskaad as bevorder word. Die gebrek aan doeltreffende beheer kan slegs onverskilligheid en bandeloosheid in die hand werk.

Dit is egter noodsaaklik dat gebruikers die reëls van die biblioteek verstaan en die toepassing daarvan begryp. Dan alleen kan daar op goeie samewerking gereken word.

In die universiteitsbiblioteek is dit noodsaaklik dat gebruikers vrye toegang tot die voorraad sal hê. Hier weet gebruikers meestal waarna hulle soek, maar dit is uiters noodsaaklik om toe te sien dat hul weet hoe en waar om te soek. Dit bring ook mee dat meer aandag aan die kontrole en ordening

van die voorraad op die rakke gegee moet word, maar in die lig van die behoeftes van gebruikers is daar kwalik 'n ander weg te volg.

Die personeel van hierdie afdeling kan veel vermag as hul sorg dra dat hul deur bekwaamheid en kennis 'n vertrouensposisie by gebruikers verwerf. Ten opsigte van openbare betrekkinge kan weinig aspekte 'n groter bydrae lewer as die vertroue wat die publiek in die personeel van die biblioteek stel.

d. Die gebruik van die voorraad

G.R. Lyle is van mening dat die gebruik van die universiteitsbiblioteek van die volgende drie faktore afhang, naamlik die leerplan wat aan die universiteit gevolg word, die metode van onderrig wat gevolg word, en die benadering van die dosent ten opsigte van die gebruik van die biblioteek ter ondersteuning van sy klasonderrig. Die eerste noem hy die handboekvlak, die tweede die reserwerakvlak en die derde die selfstandige studievlak.¹⁾

Vir diegene wat in die eerste kategorie val waar die leerplan uit notas en toetse bestaan, dien die biblioteek dan uiters as 'n studeerplek, en vervul hy geen opvoedkundige funksie nie. Vir diegene in die tweede groep gaan die onderrigprogram nie net om die notas van die klaskamer nie, maar word daar ook op die reserwerak gesteun met die beskikbaarstelling van spesifieke titels of hoofstukke daaruit. Die derde stadium word eers daar bereik waar die onderrig so ingeklee word dat

1. Lyle, G.R.: The administration of the college library; 3rd ed., p. 145.

die student genoodsaak is om die biblioteek ten volle te benut, aangesien die dosent slegs as studieleier opgetree het, en hy na die biblioteek verwys is vir die verkryging van sy gegewens. Die biblioteek vervul dan hier die rol van 'n laboratorium waar die student sy probleme self moet ontrafel en sy eie ontdekkings en gevolgtrekkings maak. Dit is baie belangrik dat die bibliotekaris homself deeglik op hoogte sal stel van die gebruik van die voorraad. In dié opsig mag hy hom nie op algemene indrukke verlaat nie. Dit is noodsaaklik om te weet wat gebruik word, deur wie dit gebruik word en hoeveel keer dit gebruik word. Vir dié doel behoort deeglik statistiek gehou te word.

Ongelukkig is dit so dat die hou van behoorlike statistieke nie 'n maklike taak is nie, veral as daar bepaal wil word wie die gebruikers is en wat hulle gebruik. Vir die doel is dit nuttig as gebruikers groepsgewyse geïdentifiseer kon word, byvoorbeeld voorgraads, nagraads, navorsers, dosente, ensovoorts. Die gebruik van elke groep sal dan bepaal kan word as uitgifte volgens onderwerpe gegroepeer word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat sodanige statistieke meestal net geld vir werke wat by die toonbank uitgeleen word. Om statistiek te hou van werke wat in die biblioteek gebruik word, vereis spesiale optredes.

Die volgende faktore oefen 'n wesenlike invloed uit op die gebruik van die voorraad:

- (i) Aard en omvang van die voorligtingsprogram wat in die biblioteek gevolg word.

- (ii) Aard en omvang van professionele en gespesialiseerde hulp en leiding, byvoorbeeld die gebruik van lesersadviseurs, vakspesialiste, ensovoorts.
- (iii) Die aanwesigheid en doeltreffende beskikbaarstelling van volledige bibliografiese hulpmiddele.
- (iv) Funksionele organisasie van die biblioteek, byvoorbeeld goeie leeskamers, studieruimtes, beligting, tafels, stoele, ensovoorts.
- (v) Logiese en verstaanbare ordening van die voorraad.
- (vi) Effektiewe en vinnige prosedures vir uitleen en terugbesorging van materiaal.

Wat die gebruik van die voorraad betref kan die rekenaar 'n belangrike bydrae lewer ten opsigte van die beskikbaarstelling van onderwerpslyste en parate inligting betreffende die beskikbaarheid van materiaal.

e. Biblioteeksamewerking

Geen universiteitsbiblioteek kan aanspraak daarop maak dat hy selfvoorsienend is nie. Vandag meer as ooit tevore met die geweldige toename in navorsingswerk op haas elke terrein van kennis en wetenskap, besef biblioteke in toenemende mate hoe onmoontlik dit word om alles te bekom wat nodig is, veral gesien in die lig van die steeds stygende koste van materiaal. James Thompson som die probleem so op:

"In view of the highly-specialised nature of some of the research work done, the age and scarcity of some of the material required in the humanities, and the ever-increasing amount of information (largely in periodical form and from foreign countries) demanded in the sciences, no university library can contemplate attaining self-sufficiency."¹⁾

In die lig hiervan word allerweë besef dat die voorraad van alle biblioteke eintlik as 'n nasionale bate gesien moet word en gevolglik tot beskikking van mekaar gestel behoort te word. Hierdie benadering word dan ook vry algemeen aanvaar, en die samewerking tussen biblioteke is in dié opsig van so 'n aard dat daar weinig teen ingebring kan word. In 1962 reeds het die Nasionale Konferensie van Biblioteekowerhede hom as volg uitgespreek oor die kwessie van biblioteeksamewerking:

"In die besef van die belangrike rol van biblioteke en biblioteekdienste in die intellektuele ontwikkeling van die volk veral op die gebied van studie, die paraatstelling van inligting, en van navorsing, verklaar die Konferensie dat elke biblioteek naas 'n primêre taak ook die taak het om deel te wees van die nasionale wetenskaplike en opvoedkundige apparaat en dat die studie- en navorsingsmateriaal in elke biblioteek derhalwe toeganklik behoort te wees vir alle lede van die volk wat daarby belang mag hê."²⁾

Hierdie ideaal word verder gevoer deur die gedagte van 'n nasionale netwerk vir biblioteek- en inligtingsdienste waar samewerking op formele en informele basis verseker kan word ter bereiking van die volgende oogmerke:

- (i) Om in die gesamentlike biblioteek- en inligtingsbronne te deel.

1. Thompson, J., op. cit., p. 117.
2. Nasionale konferensie van biblioteekowerhede, Pretoria, 1962. Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika, p. 2.

- (ii) Om stelsels te ontwerp en in werking te stel wat die snelle beskikbaarstelling en verspreiding van inligting bevorder.
- (iii) Om deur 'n minimum mate van duplisering van biblioteek- en inligtingsbronne die doeltreffendste diens so ekonomies moontlik te lewer.¹⁾

Professor Malan is van mening dat so 'n biblioteek- en inligtingsnetwerk in die vorm van 'n formele organisasie tot stand gebring moet word, en dat biblioteke en inligtingsinstansies op kontraktuele basis verplig word om alle bronne en dienste wederkerig beskikbaar te stel.

Hierdie gedagte kan nie sterk genoeg beklemtoon word nie. Biblioteeksamewerking wat op 'n vrywillige basis geskied en sondermeer beëindig kan word, dra reeds die kiem van mislukking. Vir 'n netwerk is 'n formele organisasie deur kontraktuele ooreenkoms 'n vereiste.

Dit is interessant om daarop te let dat elke biblioteek reeds die eienskap van 'n inligtingsnetwerk bevat. Dit is 'n formele organisasie wat deur bepaalde beleid en prosedures bestuur word, dit bestaan uit verskillende afdelings van ontsluiting, naslaan en beskikbaarstelling, en die resultate van hierdie samewerking tussen kragte en tegnieke het tot gevolg dat die biblioteek as 'n bron van kennis en inligting kan dien vir sy gebruikers. Deur middel van katalogusse, bibliografieë of enige ander vorm van inligtings- en ontsluitingsapparaat is dit vir die biblioteek moontlik om die informasie waaroor hy beskik onmiddellik beskikbaar te stel.

1. Malan, S.I.: 'n Nasionale netwerk vir biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika; lesing, p. 7.

Hierdie eienskap wat as 'n enkelvoudige netwerk bestempel kan word, kan op nasionale grondslag toegepas word by wyse van formele ooreenkomste tussen afsonderlike biblioteke met dieselfde doel voor oë, naamlik om die inhoud van al die biblioteke tot beskikking van alle gebruikers te hê.

Dat daar veel probleme op die weg van so 'n ideaal lê, is seker, maar dit is probleme wat deur onderlinge samewerking en oorleg uit die weg geruim sal kan word. Om maar enkele van die vereistes te noem:

- (a) Dit sal eenvormige reëls vir katalogisering en klassifikasie vereis.
- (b) Bibliografiese rekords sal volgens 'n basiese patroon voorberei moet word, byvoorbeeld 'n eenvormige beskrywing van elke item, die byeenbring van alle werke van 'n skrywer, en die groepering van die verskillende uitgawes van werke.
- (c) Masjien-leesbare rekords sal volgens standaard reëls opgestel moet word wat eenvormig gebruik sal kan word. Dit sal ook vir enige vorm van materiaal moet geld.

Dit is duidelik dat die sukses van so 'n netwerk van homogene stelsels afhanklik sal wees en alhoewel dit ingrypend mag voorkom en 'n bedreiging van baie werk en groot koste mag inhou sal die sukses van 'n funksionele netwerk tog uiteindelik die moeite loon. Saam met J.F. Anderson kan ook ons vra

"We should not ask, is co-operation worth the price?"

But, can the nation afford not to have cooperative library networks."¹⁾

Deur middel van 'n doeltreffende interleningstelsel waaraan die grootste persentasie biblioteke (binne- en buite-lands) deelneem, word verseker dat werke wat benodig word en wat nie in die voorraad van die betrokke biblioteek aanwesig is nie, sonder versuim van elders verkry kan word. Die ingebruikneming van teleks het veral in hierdie opsig 'n geweldige bydrae gelewer.

'n Vereiste egter vir 'n doeltreffende interleningstelsel is 'n volledige katalogus van die nasionale besit van 'n land, en dit is 'n absolute vereiste dat alle biblioteke in 'n land aan die totstandkoming van so 'n katalogus meewerk, selfs al is hul voorraad nie vir uitleen beskikbaar nie. Navorsers kan altyd nog na die betrokke biblioteek self verwys word of in staat wees om afdrukke van besondere artikels uit werke te bekom.

Biblioteeksamewerking moet egter nie net tot leenvoorregte beperk wees nie. Dit behoort te strek oor 'n hele reeks van biblioteekaktiwiteite, onder andere die uitgee van publikasies, koöperatiewe aankoopbeleid, katalogisering, berging van mingebruikte voorraad, uitruilskemas, professionele verenigings, ensovoorts.

Vanselfsprekend berus enige mate van samewerking tussen biblioteke op 'n onderlinge gevoel van welwillendheid en vertroue in mekaar se optrede en oogmerke. Ook in hierdie opsig

1. Anderson, J.F.: In the national interest. Library journal, vol. 97, no. 10, May 15, 1972, p. 1774.

mag geen biblioteek sy aspirasies ten koste van 'n ander wesenlik nie. In alle opsigte moet die samewerking 'n middel tot 'n doel wees. Sover dit die universiteitsbiblioteek aangaan, dié doel naamlik om die opleidings- en navorsingsprogram van die universiteit ten uitvoer te bring.

3. DIE ONDERRIGFUNKSIE VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

In hoofstuk III is daar kortliks verwys na die direkte aandeel van die biblioteek in die onderwysprogram van die universiteit soos dit aangetref word by wyse van oriëntasie van eerstejaarstudente, oriënteringsbesoeke en voorligting in die gebruik van die biblioteek.

Die opvoedkundige funksie van die universiteitsbiblioteek kan egter eers in die regte perspektief gesien word wanneer positiewe en doelgerigte biblioteekonderrig die nodige aandag geniet.

Biblioteekonderrig is in menige universiteitsbiblioteek beperk tot die bekendstelling van die biblioteek aan eerstejaarstudente en daarna sporadiese individueelgerigte voorligting aan die toegewyde gebruiker na die eis van sy persoonlike behoeftes. Van 'n doelgerigte opleidingsprogram is daar meestal nie veel sprake nie.

So 'n program moet daarop gerig wees om studente en navorsers bekend te stel met die volle omvang van biblioteekdienste wat aangebied word, en 'n deeglike onderrig in die benutting daarvan. Vanselfsprekend sal hierdie aspekte nie behandel kan word ten tye van die voorligtingslesings aan eerstejaarstudente nie, en sal dit op daardie stadium ook nie van veel nut wees nie.

Dit is eers op tweede- en derdejaarsvlak dat daar aan diepgaande biblioteekvoorligting aandag gegee kan word. Dit is op hierdie stadium nodig dat literatuur intensief gebruik word. Waar dit by eerstejaarstudente hoofsaaklik gegaan het om die bekendstelling van die biblioteek, die katalogusse en algemene naslaanwerke, gaan dit by senior studente om die intensiewe gebruik van die biblioteek. Daar moet besondere aandag gegee word aan die literatuur van die onderskeie vakgebiede en die benutting daarvan deur middel van katalogusse, bibliografieë en indekse.

Om hierdie oogmerke te bereik, is die samewerking van dosente onontbeerlik. Daar sal veel meer aandag aan praktiese voorligting, verkieslik volgens vakgebiede, gegee moet word, en om dit in te pas, is slegs moontlik met die samewerking van die dosente veral as gewone lesure daarvoor afgestaan, of as spesiale lesure vir die doel gereël moet word. So sal die grootte van groepe wat die biblioteek vir die doel besoek ook onderling tussen die bibliotekaris en die dosent gereël moet word.

Oor die aanbieding van hierdie onderrig in die biblioteek is daar verskil van opinie. Daar is diegene wat die mening toegedaan is dat hierdie onderrig waargeneem moet word deur dosente, aangesien dit bibliotekarisse aan die sogenaamde "professionele onderlegdheid" sou ontbreek sover dit die beginsels van die universiteitsdidaktiek aanbetref. Sou die bibliotekaris hom dan verlaat op sy biblioteekkundige agtergrond en kennis, dan sou

"they incur the risk of trying to train little librarians

instead of users of libraries."¹⁾

Aan die ander kant is daar diegene by wie daar geen twyfel bestaan dat hierdie verantwoordelikheid wel op die skouers van bibliotekarisse rus. J.R. Kennedy byvoorbeeld sien dit so dat 'n goeie biblioteek en 'n goeie versameling nutteloos is as dit nie behoorlik benut word nie, en as dit nie effektief benut word nie,

"then librarians are not doing their job."²⁾

Die toegewyde dosent wat gesteld is op die prestasies van studente sover dit sy besondere vak aangaan, sal beseef dat behoorlike gebruik van die biblioteek die enigste waarborg vir goeie resultate is, en sal bereid wees om waar nodig sy studente in die gebruik van die biblioteek te onderrig, maar daar is ook diegene wat oortuig is dat hierdie onderrig nie hul verantwoordelikheid is nie.

Nou is dit seker so dat bibliotekarisse nie altyd maklik die tyd sal kan inruim om hierdie onderrig waar te neem nie, maar waar dosente dit vir een of ander rede nie verrig nie, behoort die bibliotekaris dit sonder versuim te doen. Die bibliotekaris kan nie sondermeer dié verantwoordelikheid van sy skouers afskuif nie.

Aan die ander kant kan daar seker ook met reg getwyfel word of dosente te alle tye in staat sal wees om aan die vereistes van intensiewe biblioteekvoorligting reg te laat geskied.

-
1. Mews, H.: Library instruction concerns people. Library association record, vol. 72, no. 1, January 1970, p. 8.
 2. Kennedy, J.R.: Integrated library instruction. Library journal, no. 8, April 15, 1970, p. 1453.

Die taak ten opsigte van bibliografiese voorligting het byvoorbeeld ingewikkeld en moeilik geword, en daar kan nouliks van dosente verwag word om met die ontwikkeling tred te hou, terwyl dit wel van die bibliotekaris verwag kan word.

P. Aucamp beweer tereg dat die moderne biblioteek vir die gewone gebruikers te ingewikkeld geword het en dat hulle sonder hulp nie bewus sal wees van die talle bibliografiese hulpmiddele wat vir hul gerief geskep is nie.¹⁾

Georganiseerde en doelgerigte biblioteekonderrig het vandag 'n vereiste geword. Toenemende studentetalle maak dit onmoontlik om individueel na die behoeftes van studente om te sien, benewens die feit dat dit 'n verspilling van tyd en krag is om dieselfde inligting by herhaling te verskaf. In hierdie opsig raak die bibliotekaris dan betrokke by die onderrig as hy die dosent bystaan ten einde die biblioteek en sy inhoud vir die student toeganklik te maak.

Daar moet met sorg toegesien word dat hierdie onderrig een doel voorop stel, en dit is dat die student geleer en gelei moet word op die weg van selfstandige gebruik van die biblioteek. Nooit moet die student of navorser onder die indruk gebring word dat die biblioteek sy inligting vir hom byeen sal bring nie. Sou die gebruiker tot hierdie slotsom geraak, dan het die biblioteek in sy onderrigfunksie misluk.

Om hierdie probleem te oorbrug kan daar met vrug van die dienste van vakreferente gebruik gemaak word, veral wanneer dit kom by gevorderde vlakke van studie en navorsing.

1. Aucamp, P.: Biblioteekvoorligting aan studente en navorsers. Suid-Afrikaanse biblioteke, vol. 39, no. 4, Januarie 1972, p. 274

Vakreferente beskik self oor gevorderde akademiese opleiding en dra kennis van die tegniek van materiaalvinding en die gebruik van gespesialiseerde bronne. Hulle stel hul daarbenewens ten doel om op hoogte te bly met dit wat op die verskillende vakgebiede gepubliseer word en is in staat om intensiewe hulp te verleen.

Vakreferente kan voortdurend aandag gee aan die leerplanne van die fakulteite en kan die biblioteek behulpsaam wees om toe te sien dat werke wat daaromheen sentreer betyds tot beskikking van studente is. Hulle is beter daartoe in staat om gespesialiseerde groepe in die gebruik van die biblioteek te onderrig en na die behoeftes van individuele navorsers om te sien. Hulle is in alle opsigte daartoe in staat om die onderrigfunksie van die biblioteek in belang van die fakulteite ten uitvoer te bring.

4. DIE INTEGRERINGSFUNKSIE VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK

Die universiteitsbiblioteek bestaan nie ter wille van homself nie. Sy doel en funksie is om in diens van die universiteit te staan en as sulks direk betrokke te wees by die onderrig- en oordragfunksie van die universiteit.

Die doel en funksie van die biblioteek hang onlosmaaklik saam met die doel en funksie van die universiteit self en soos wat die teorie en die filosofie van die opvoeding nooit staties is nie, so moet die biblioteek in doel en strewe ook nooit staties wees nie, maar self ook bereid wees om na die eis van die tyd by die behoeftes aan te pas.

Dit is noodsaaklik dat die biblioteek gesien word as

'n werkswinkel en nie as 'n leeskamer nie, en daarom moet hy hom ten doel stel om die werk van die klaskamer te sinchroniseer met die studie en navorsing van die biblioteek. Dit op sy beurt vereis dat die bibliotekaris sy voorraad ken en ook kennis dra van die behoeftes van die dosent en student.

Die oogmerk van die biblioteek moet wees dat daar aan die student voorligting gegee en opleiding verskaf moet word op so 'n wyse dat die opvoedkundige program daardeur ondersteun word sonder om die verantwoordelikheid van die fakulteit of die student self weg te neem. H.M. Wriston het dit so gestel,

"If the library regards its function as something distinct and from the total educational function it will strip gears instead of meshing them."1)

Dit is die taak van die biblioteek om aan die student alle moontlike hulp te gee, waar en wanneer nodig, maar dit is die taak van die fakulteit om toe te sien dat deur die onderrig die student verplig word om die biblioteek intensief te gebruik. In die woorde van Donald Davinson:

"It is a concept of teaching being built not around the classroom or the laboratory, but around the library."2)

Die integreringsfunksie vereis van die biblioteek die volgende:

a. Die berging en beskikbaarstelling van literatuur wat nodig is op alle vlakke van studie en navorsing. Nie noodwendig net

-
1. Wriston, H.M.: The place of the library in the modern college in Wilson, L.R. ed.: Library trends; papers presented before the library institute at the University of Chicago, August 3 - 15, 1936, p. 167.
 2. Davinson, D.: Academic and legal deposit libraries; 2nd ed., p. 84.

in boek- of skriftelike vorm nie, maar ook alle vorms van mikromateriaal, plate, films, kunsafdrukke, bladmusiek, ensovoort. Al hierdie materiaal moet doeltreffend bewaar en beskikbaar gestel word.

Die beskikbaarstelling op sy beurt by wyse van doeltreffende leeskamers, seminaarkamers, studievertrekke, naslaan-geriewe, bibliografiese dienste, magasyn, leendienste, ensovoorts.

b. Die biblioteekpersoneel moet op hoogte wees met die behoeftes van dosente en studente en in staat wees om die voorraad van die biblioteek so beskikbaar te stel dat in hierdie behoeftes voorsien kan word. Dit vereis dat die personeel die voorraad moet ken en weet hoe om informasie daaruit te bekom. Hulle moet weet hoe om naslaanwerke te gebruik, maar moet ook in staat wees om die waarde te bepaal van die informasie wat hul byeenbring het, met ander woorde om krities te kan oordeel oor bruikbare en minderbelangrike gegewens.

c. Die personeel moet in staat wees om aan studente die nodige voorligting en leiding ten opsigte van die gebruik van die biblioteek en sy voorraad te gee. Met ander woorde goedopgeleide personeel wat op sinvolle en doeltreffende wyse met studente kan kommunikeer.

Hulle moet in staat wees om waar nodig formele lesings te gee oor die gebruik van die biblioteek en sy voorraad hetsy in die biblioteek of in die klaskamer indien nodig.

d. Die fakulteite moet bygestaan word in hul strewe om op datum te bly met die breë opvoedkundige oogmerke van die univer-

siteit as sulks. Dit is die biblioteek se taak om toe te sien dat materiaal beskikbaar is in aansluiting by die klasonderrig, maar die fakulteit en die biblioteek moet in dié opsig so nou saamwerk dat literatuur betyds gekry en gereedgemaak kan word. Dit mag nie gebeur dat kursusse aangebied word sonder dat daar betyds met die biblioteek onderhandel is oor die nodige studie- en navorsingsmateriaal nie.

e. Lede van die fakulteite moet kennis kry van nuwe aanwinste oor hul besondere vakgebiede, nie net wat die biblioteek bekom het nie, maar ook dit wat gepubliseer word, byvoorbeeld deur middel van resensies, boekaankondigings, ensovoorts.

f. Fakulteite moet ook ingelig word oor hoe die boeke oor die verskillende onderwerpe geraadpleeg word by wyse van statistiek wat deur die biblioteek beskikbaar gestel word. Indien moontlik moet hierdie gegewens ook besonderhede insluit van werke wat in die biblioteek geraadpleeg is, byvoorbeeld gereserveerde boeke, naslaanwerke, tydskrifartikels, ensovoorts. Dit sal die dosent 'n idee gee in hoeverre die studente die biblioteek gebruik en ook hoe suksesvol sy metode van klasonderrig is.

g. Fakulteite moet die biblioteek betyds verwittig wanneer groot getalle studente na die biblioteek verwys word om spesifieke boeke te raadpleeg met die oog op studietake wat afgehandel moet word. Dit sal die biblioteek in staat stel om betyds meerdere eksemplare te bekom of boeke vir die doel te reserveer.

h. Die biblioteek moet hom ten doel stel om die navorsing van fakulteite te bevorder en by te staan, selfs al sou dit meebring

dat materiaal aangekoop moet word wat selde indien ooit weer gebruik sal word. Die biblioteek moet homself in so 'n geval egter oortuig dat hierdie materiaal absoluut onontbeerlik is vir die voltooiing van die betrokke navorsing en ook seker maak dat die materiaal nie van elders geleen kan word nie.

i. Aankope moet in oorleg met fakulteite gedoen word en fakulteite moet ingelig word indien leemtes in die voorraad aan die lig kom.

j. Lyste van nuwe aanwinste moet aan dosente en navorsers beskikbaar gestel word, met vermelding van die vindplek in magasyn, leeskamers en op rakke.

k. Nuwe boeke moet by wyse van gereelde uitstallings onder die aandag van dosente en studente gebring word.

l. Die nodige aandag moet aan die spesifieke behoeftes van studente en hul probleme gegee word met die oog op die doeltreffende benutting van die biblioteek in aansluiting by hul studies en vir die voorsiening van ontspanningsliteratuur.

Ten einde die biblioteek na behore te integreer by die opvoedkundige program van die fakulteite vereis dat die bibliotekaris eerstehandse kennis moet hê van die akademiese aktiwiteite en oogmerke van die fakulteite sodat die program van die biblioteek daarby aangepas kan word. Rogers en Weber beweer heel tereg:

"If the intellectual atmosphere in the classroom and

the nature of class assignments foster the use of a large number of books, the library effort will be rewarded and the student's education will benefit."1)

5. DIE ROL VAN DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEKARIS

a. In die bereiking van akademiese doelwitte

Robert Moody, direkteur van biblioteke aan die Universiteit van Boston, het by geleentheid gevra

"What is the academic role of the librarian? Where does he fit into the academic scheme? Is he playing the organ with the orchestra or is he merely keeping it in tune?"2)

Is dit nie vrae wat vandag nog gevra kan word nie?

Die universiteitsbibliotekaris is in die eerste plek die beampte in beheer van 'n opvoedkundige instelling by name die universiteitsbiblioteek. Sy oogmerke is dieselfde as die van die doserende korps van die universiteit, naamlik die opleiding van geleerdes, en hoe beter hy met die dosente saamwerk, en betrek word by die aktiwiteite van die fakulteite, hoe groter sukses sal hy in die uitvoering van sy taak as bibliotekaris hê. Dit is noodsaaklik dat dosente die bibliotekaris nie sien as 'n administratiewe amptenaar wat belas is met die aankoop van boeke nie, maar as 'n medewerker ter bereiking van 'n gemeenskaplike doel.

-
1. Rogers, R.D. & Weber, D.C.: University library administration, p. 199.
 2. Moody, R.L.: Our academic library leadership: From the faculty? College and research libraries, vol. 21, no. 5, September 1960, p. 362.

Die bibliotekaris moet noue kontak met die dosente hê ten einde op hoogte te kom met hul probleme en hoe daarin voorsien kan word, maar aan die ander kant moet die dosente ook hierdeur op hoogte gebring word met die probleme van die biblioteek. Langs hierdie weg sal die bibliotekaris in staat gestel word om die biblioteek as 'n diensorganisasie te integreer met die opleidingsprogram van die universiteit.

Die bibliotekaris moet hom egter ook vergewis van die probleme van studente sover dit die benutting van die biblioteek betref, en hoe daar ten beste in die behoeftes van studente voorsien kan word. Studente mag die biblioteek nie sien as 'n stoorplek van boeke wat onder streng toesig beskikbaar gestel word nie. Meer as enigiemand anders is dit die taak van die universiteitsbibliotekaris om studente te inspireer om soveel as moontlik te lees oor die grootste verskeidenheid van onderwerpe. Wat vir hierdie doel nodig is moet die bibliotekaris bymekaarmaak en beskikbaarstel.

Vir die universiteitsbibliotekaris gaan dit om die beskikbaarstelling van kennis aan diegene wat daarom vra, en vir hierdie doel moet 'n omvattende voorraad byeen gebring word. 'n Voorraad wat oor alle terreine van kennis heen strek, maar ook 'n voorraad wat met sorg bewaar en uitgebou word en wat met groot doeltreffendheid beskikbaar gestel word.

Die uitbreiding, instandhouding en beskikbaarstelling van georganiseerde kennis ter bereiking van die opvoedkundige oogmerke van die universiteit vorm die vernaamste funksie van die biblioteek. Die opleiding van geleerdes en wetenskaplikes vereis hoofsaaklik twee dinge, naamlik geleerde dosente en

geleerde biblioteke en die bibliotekaris is 'n sleutelfiguur in hierdie proses van opvoeding.

Geen universiteitsbiblioteek kan ooit uitgebou of ten volle diensbaar wees sonder die aandeel van opgeleide en bekwame bibliotekarisse nie, en geen biblioteek kan ooit ten volle by die onderrigprogram van die universiteit geïntegreer word sonder die hulp van hierdie mense nie.

Ten einde hierdie oogmerke ten volle te bereik moet die universiteitsbibliotekaris benewens sy bekwaamheid as professionele biblioteekkundige ook 'n suksesvolle leermeester wees. Professor De Vleeschauwer praat van

"a librarian trained and active as a scholar."¹⁾

Dit gaan hier om die besondere verpligting dat die bibliotekaris die akademiese doelstellinge van die universiteit moet ken en ten uitvoer bring deur middel van die aktiwiteite van die biblioteek.

Die professor-bibliotekaris van weleer was in die eerste plek leermeester en dan bibliotekaris, en alhoewel die prentjie vandag miskien omgedraai is, het die vereiste nietemin onveranderd gebly. Dit was hierdie mense wat toe reeds die nou verband tussen biblioteek en fakulteit besef het.

Die universiteitsbibliotekaris is aktief betrokke by die studie en navorsing wat aan die universiteit gedoen word. Hy is nie net daar om die biblioteek te administreer nie, hy

1. De Vleeschauwer, H.J.: The university library: its nature and function; part 3. Mousaion, no. 61, p. 166.

moet ook toesien dat die biblioteek in alle opsigte aanpas by die akademiese oogmerke van die universiteit as sulks. Hy moet kennis dra van alle aspekte van onderrig en navorsing aan die universiteit, en moet vertrouwd wees met die vereistes daarvan.

Soos wat die dosent die vermoë besit om kennis deur middel van die gesproke woord oor te dra, so moet die bibliotekaris in staat wees om dit deur middel van die geskrewe woord oor te dra. Sonder die biblioteek kan die studie en navorsing nie geskied nie en sonder die bibliotekaris sal geen student of navorser sy weg sonder meer in die biblioteek vind nie. Hierdie oordra en beskikbaarstelling van die inhoud van die biblioteek vereis van die bibliotekaris 'n groot mate van vaardigheid as leermeester.

Die biblioteek is daar ter ondersteuning en aanvulling van die akademiese lewe aan die universiteit. Daarom is die universiteitsbibliotekaris ook vir sy aktiwiteite verantwoordig verskuldig aan die Rektor wat op sy beurt gesien word as verpersoonliking van die akademiese aktiwiteite van die universiteit as geheel.

Die biblioteek moet 'n bydrae lewer op elke terrein van studie en navorsing. Sy diens is 'n meewerkende krag om die doel en funksie van die universiteit self te verwesenlik, en dosente moet die universiteitsbibliotekaris aanvaar as 'n meewerkende kollega wat hom ewe-eens beywer vir die bereiking van akademiese doelwitte.

b. In die bevordering van biblioteekkundige navorsing

Bibliotekarisse moet vir hul professionele ontwikkelings

ling en afronding en die oplossing van hul probleme nie net staatmaak op die lees van professionele literatuur of die bywoon van simposiums of kongresse nie. Aktiewe deelname en betrokkenheid by gevorderde studie en navorsing moet as maatstaf vir dié doel geld.

Bibliotekarisse moet besef dat tegniese vaardigheid en administratiewe bekwaamheid nie die enigste vereiste vir professionalisme is nie. Biblioteekwese in die ware sin van die woord is nie beperk tot die roetine van die biblioteekpraktyk nie, en daarom moet dit vir die bibliotekaris ook gaan om navorsing wat ingestel is op die basiese beginsels van die biblioteekwetenskap.

Dit word terdeë besef dat bibliotekarisse dusver so betrokke was met die uitvoering van hul dagtaak en die probleme wat daaromheen sentreer, dat dit vanselfsprekend is dat hul navorsing ook gerig sou wees op die oplossing van praktiese probleme.

Dit word van bibliotekarisse verwag om tussen 35 en 40 uur voltyds diens te lewer as hul hul taak suksesvol wil verrig en dit laat weinig tyd (en energie) vir studie en navorsing. Daar kan egter nie verwag word dat biblioteekkundige navorsing oorgelaat moet word aan dosente en studente van die departement biblioteekkunde nie. Harold Lancour beweer tereg:

"Mature librarians are needed who can bring to their study the awareness and sensitivity which comes with prolonged professional experience."¹⁾

1. Lancour, H.: If librarianship is a learned profession. Library journal, vol. 76, no. 13, July 1951, p. 1076.

Die universiteitsbibliotekaris moet in hierdie opsig leiding neem en moet hom ook beywer om gunstige omstandighede te skep vir sy personeel om hul studies op gevorderde vlak voort te sit. Daar word byvoorbeeld gedink aan vergunnings soos spesiale verlof, en miskien finansiële bystand in die vorm van beurse indien nodig. Die biblioteek self kan in die eerste plek 'n praktiese bydrae lewer by wyse van die beskikbaarstelling van tik-, dupliseer- en bindgeriewe van navorsingsresultate en akademiese verhandelinge.

Daar moet ook toegesien word dat die nodige erkenning gegee word aan lede van die personeel wat hul op die wyse bewaam. Personeel het die reg om te verwag dat die universiteitsbibliotekaris studie en navorsing sal aanmoedig en ondersteun sover as wat dit in sy vermoë is, en hom ook sal beywer dat personeel vir hul ywer en opoffering beloon word.

c. In die handhawing van positiewe en doelgerigte openbare betrekkinge

Oor wat presies met openbare betrekkinge bedoel word gee Richard Harvell 'n passende omskrywing

"It is the relationship of your library with its borrowers, with the non-borrowers of your community, with your trustees or library committee, with dealers, collectors, salesmen of equipment; with scholars and contest solvers, with your staff and the administration for which you work. Public relations is with the public, and is in its Biblical context the admonition, 'Whatsoever you do unto the least of these'..."¹⁾

In die lig van hierdie aanhaling behels openbare betrekkinge vir die universiteitsbibliotekaris sy verhouding met

1. Harwell, R.B.: Public relations in librarianship. Library trends, vol. 7, no. 2, October 1958, p. 248.

studente, fakulteite, die biblioteekkomitee, die administrasie van die universiteit en die gemeenskap in die algemeen.

In die eerste plek dan sy verhouding met studente.

Die basiese vereiste is hier dat hy tot beskikking van die studente moet wees. Hy moet tyd hê om na hul probleme te luister en bereid wees om hulle tegemoet te kom sover moontlik. Hy moet hom beywer om die gebruik van die biblioteek so goed as moontlik te laat aanpas by die omstandighede van studente, en moet die biblioteek en sy dienste op effektiewe wyse aan hulle bekendstel.

Die bibliotekaris moet ook belangstelling toon in die aktiwiteite van studente op die kampus en bereid wees om hulp te verleen as dit nodig is. Hy moet vir hulle 'n bekende figuur wees, en nie iemand wat by hoë uitsondering besoek mag word nie.

Tussen die fakulteite en die biblioteek behoort daar in 'n besondere mate goeie verhoudinge gehandhaaf te word. Dosente moet die bibliotekaris sien as 'n kollega wie se belangstelling nie net tot die biblioteek beperk is nie, maar wat heenstrek oor alle aktiwiteite van die kampus. Dieselfde geld vir die personeel van die universiteitsadministrasie. Dit moet nie net gaan om goeie verhoudinge met die Rektor en Registrateurs nie, maar met elke amptenaar van die administrasie.

Goeie verhoudinge eindig vir die universiteitsbibliotekaris egter nie by die kampus van die universiteit nie. Hy het 'n besondere plig om die beeld van die biblioteek ook na buite uit te dra. Dit kan bereik word deur die publiseer van artikels in publikasies van aansien, deelname aan simposiums, lesings, praatjies en hulp aan lede van die publiek waar moontlik.

Ten slotte moet die universiteitsbibliotekaris onthou dat tevrede gebruikers nog altyd die beste waarborg vir goeie openbare betrekkinge is. Dit beteken dat die biblioteek die behoeftes van sy gebruikers moet ken en doeltreffend daarin moet voorsien. In die woorde van H.V. Deale

"The academic librarian must do everything possible to know the resources of his own library, to eliminate misunderstanding, to create and build positive relations, and to streamline and improve library services, so that he may make his maximum contribution to survival through learning."¹⁾

d. In die bepaling van professionele status

Niemand kan ontken dat die posisie van die hoof van enige instelling, van watter aard ookal baie te doen het met die aansien wat daardie instansie in die samelewing geniet nie. Dit geld ook vir die universiteitsbibliotekaris, en daarom het sy persoonlike optrede en deelname in die aktiwiteite van die universiteit onteenseglik baie te doen met die beeld wat van die biblioteek gevorm word.

In die biblioteek self kan daar dan ook meestal duidelik onderskei word tussen die take van die professionele en nie-professionele personeel. Eersgenoemde wat die opvoedkundige en navorsingsfunksie van die biblioteek ten uitvoer moet bring, en waarvoor professionele opleiding en tegniese vaardigheid 'n vereiste is, en laasgenoemde wat die klerikale en gewone roetine take van die biblioteek behartig. Die verhouding tussen hierdie twee groepe verskil na gelang van die tipe en omvang van elke biblioteek. In die universiteitsbiblioteek behoort

1. Deale, H.V.: Public relations of academic libraries. Library trends, vol. 7, no. 2, October 1958, p. 276.

die verhouding na berekening 50 - 50 te wees of ten minste een-derde professioneel teenoor twee-derdes klerikaal.

Waar die kwessie van akademiese status vir professionele personeel ter sprake kom is dit noodsaaklik dat 'n definitiewe onderskeid tussen die take van die twee groepe gemaak word. In enige biblioteek is daar natuurlik die sogenaamde grensgevalle waar take met eweveel regverdiging deur professionele en nie-professionele personeel verrig kan word, maar in die universiteitsbiblioteek behoort 'n definitiewe skeiding moontlik en uitvoerbaar te wees.

Die professionele funksie van die universiteitsbibliotekaris behels die volgende:

- (1) Die bepaling van die doel en funksies van die biblioteek. Elke biblioteek bestaan ter wille van sy gebruikers, en sy allesoorheersende taak is om die aktiwiteite van die biblioteek te koördineer met die behoeftes van die gebruikers. Daarom moet universiteitsbibliotekarisse hul nooit in 'n posisie van afsondering bevind nie. Dit geld nie net hul verhouding met die akademiese personeel nie, maar ook hul verhouding met die beherende administratiewe beamptes van die universiteit.

Die universiteitsbibliotekaris moet weet wat die doel en funksies van die universiteit op sigself is, maar hy moet ook weet hoe hierdie oogmerke bereik kan word binne die raamwerk van die algemene administratiewe bestuur van die universiteit. Hy moet met ander

woorde deel hê in die akademiese beplanning van die universiteit soos deur die Senaat bepaal, maar hy moet ook deel hê in die administratiewe en finansiële beplanning sover die biblioteek daarby betrokke is.

- (ii) Die beplanning en formulering van die beleid waardeur die biblioteek se doel ten uitvoer gebring kan word.

Oogmerke en aktiwiteite moet gekorreleer word. Elke biblioteek moet weet wat sy doel is, maar moet ook weet hoe hierdie doel ten beste bereik kan word. Hierdie taak rus op die skouers van die universiteitsbibliotekaris en sy senior personeel, en behels kort- en langtermyn beplanning. Dit gaan nie net om die uitvoering van huidige take en aktiwiteite nie, maar ook die beplanning van toekomstige take soos toename in ledetal, uitbreiding van aktiwiteite, uitbreiding van geboue, ensovoorts.

- (iii) Doeltreffende organisasie en bestuur van die biblioteek.

Beleid en aktiwiteite moet beplan en omskryf word sodat dit nougeset uitgevoer en nagekom kan word. Behoorlike kontrole sal verseker dat enige onreëlmatighede of gebreke in beplanning of beleid onmiddellik aan die lig kom en reggestel kan word.

Alle aktiwiteite moet tot een sinvolle geheel gekoördineer word met één ideaal voor oë, naamlik om die biblioteek aan sy doel te laat beantwoord.

Daar is reeds gewys op die besondere bydrae van die universiteitsbibliotekaris sover dit die bereiking

van die akademiese oogmerke van die universiteit betref, maar nou is dit 'n vraag of hierdie bydrae na reg waardeer word, en of die nodige erkenning daaraan verleen word. As die bydrae van die biblioteek erken word as 'n onmisbare deel van die akademiese proses aan die universiteit, geniet diegene wat dit ten uitvoer bring dan byvoorbeeld dieselfde voorregte en status as die doserende korps van die universiteit?

By die besef dat die biblioteek ten volle geïntegreer moet wees by die onderrig- en navorsingsprogram van die universiteit en dat bibliotekarisse 'n onmisbare skakel in die opvoedkundige program van die universiteit vorm, het die Association of College and Research Libraries in Amerika reeds in 1959 aanbeveel dat akademiese status aan professionele bibliotekarisse toegeken word.

e. Wat is akademiese status?

Dit is seker nodig dat daar vooraf lig gewerp word op die vraag wat presies met akademiese status bedoel word.

In Amerika word daar meestal in dié verband onderskei tussen twee begrippe, naamlik "fakulteitstatus" en "akademiese status". Eersgenoemde sou dan vir die bibliotekaris die voorreg inhou tot die bywoning van fakulteitsvergaderings, deelname in akademiese optredes, gelykwaardige vergoeding, rang, ensovoorts, terwyl laasgenoemde meer bepaald betrekking het op sekere akademiese standaarde waaraan voldoen is en vergoeding wat verge-

lykbaar is met dié wat die akademiese personeel ontvang. Dit gaan in laasgenoemde geval dus veel eerder om vergoeding as om status wat toegeken word.

In Suid-Afrika is dit dan ook die geval dat daar meestal weinig onderskeid gemaak word tussen die salarisse van senior bibliotekaris en die van akademiese personeel, maar wat "status" aanbetref is daar helaas in menige opsig 'n onbetwisbare verskil.

Wanneer daar in die volgende bladsye van "akademiese status" gepraat word, word daarmee nie slegs vergoeding en voorregte bedoel nie, maar in besonder ook die "rang" wat aan die universiteitsbibliotekaris toegeken word.

f. Waarom akademiese status?

Die vraag kan seker met reg gevra word waarom is universiteitsbibliotekaris dan gestel op die status wat hul beroep geniet aan die universiteit.

R.B. Downs haal die woorde van Robert Vosper van die Universiteit van Kansas aan as hy sê:

"My personal conviction ... is that professional librarians should and can maintain a position of dignity and importance on the campus simply as librarians and without necessarily tying themselves onto a faculty pattern."¹⁾

en dit is tereg so, maar kan dit ontken word dat die begrip "bibliotekaris" tog nog in die benadering van menige dosent weinig meer inhou as 'n soort van "superklerk". Kan dit ontken word dat in die geledere van akademici daar juis besondere waarde ge-

1. Downs, R.B.: The current status of university library staffs. College and research libraries, vol. 18, no. 5, September 1957, p. 381.

heg word aan akademiese status. Sou die toekenning van die rang van professor aan die universiteitsbibliotekaris nie juis die twyfel uitskakel oor sy plek in die akademiese opset van die universiteit nie? Sou dit nie die nodige erkenning verleen aan sy taak aan die universiteit nie? Soos Norman Kilpatrick van die Florida State University dit stel:

"there is less and less reason for a university to make hard and fast distinction between the faculty that teach in the classrooms and those who teach outside the classroom."¹⁾

Sou hierdie gelykstelling van professionele en akademiese personeel nie juis tot 'n beter begrip van die rol van die biblioteek in die opvoedkundige program van die universiteit lei nie, en as aansporing dien vir fakulteite om deur samewerking die biblioteek tot sy volle potensiaal te help ontwikkel nie? Massman haal die woorde van M.A. Gelfand aan wat die situasie paslik as volg opsom:

"If the library is an integral part of the instructional program, it follows logically, in Gelfand's view, that those who build and organize the collection should also be classified with the instructional staff. Excluding librarians would seem to be an admission that the librarian, and by extension the library, has no impact on the college program."²⁾

Die grootste bate sou miskien in onderlinge aanvaarding en erkenning geleë wees wat biblioteek en fakulteit net ten goede kan kom. In die woorde van W.W. Parker, bibliotekaris

1. Downs, R.B., op. cit., p. 379.

2. Massman, V.F.: Faculty status for libraries, p. 30.

van die Cincinnati Universiteit:

"Fortunately, college presidents now realize that the librarian must have faculty rank, thus granting official sanction to his campus standing."¹⁾

Dat die universiteitsbibliotekaris lid van die Senaat van die universiteit moet wees, behoort as 'n sine qua non aanvaar te word, omdat

"The resources and services of the library affect every phase of the university's program."²⁾

In Suid-Afrika is daar byvoorbeeld nog gevalle waar die universiteitsbibliotekaris nie lid van die Senaat is nie, en dit is jammer, want geen universiteitsbibliotekaris kan sy rol met reg vervul as hy uitgesluit is van die liggaam waar die akademiese program van die universiteit bespreek en bepaal word nie.

In die Senaat moet hy alle sake wat die biblioteek raak, behartig, bly hy in kontak met alle akademiese aktiwiteite en word hy in staat gestel om die aktiwiteite van die biblioteek hiermee in ooreenstemming te bring. Vir dieselfde rede sou dit vrugbaar wees as hy genooi sou word om vergaderings van fakulteitskomitees by te woon as sake wat die biblioteek raak, bespreek word.

Dit kan nie ontken word dat die eise wat in die jongste tyd aan universiteitsbiblioteke gestel word geweldig toegeneem het nie, en om die biblioteek so te organiseer en te administreer dat dit in der waarheid 'n onmisbare deel uitmaak van die op=

-
1. Parker, W.W.: College-library personnel in Fussler, H.H.: The function of the library in the modern college, p. 75.
 2. Wilson, L.R. & Tauber, M.F.: The university library; its organization, administration and functions, p. 29.

voedkundige proses aan die universiteit, is beslis nie 'n taak vir klerke nie, maar

"a full-time teaching responsibility of a special kind."¹⁾

Geen bibliotekaris wat sy beroep met erns bejeën kan verkwalik word as hy gesteld is op die status wat hy geniet nie. In die woorde van L.C. de Weese

"a librarian with high status aspirations will probably be more professionally oriented and concerned with the professionalization of librarianship than a librarian with low status aspirations",

en vervolg hy

"Similar by the degree to which an academic librarian is professionally oriented is directly related to his desire for professional recognition and autonomy."²⁾

Akademiese status is nie 'n ydele strewe nie, maar sal vir universiteitsbibliotekarisse 'n beloning vir hul bydrae en 'n erkenning van hul akademiese verantwoordelikhede wees.³⁾

g. Die eise van akademiese status

Bibliotekarisse moet besef dat akademiese status verpligtinge en verantwoordelikhede meebring wat nie ontduik kan word nie. Opvoedkundige kwalifikasies, navorsing, publikasies, ensovoorts, is die maat waarmee die akademiese gemeenskap meet,

-
1. McAnally, A.M.: Privileges and obligations of academic status. College and research libraries, vol. 24, no. 2, March 1963, p. 105.
 2. De Weese, L.C.: Status concerns and library professionalism. College and research libraries, vol. 33, no. 1, January 1972, p. 32 - 33.
 3. Massman, V.F., op. cit., p. 27.

en bibliotekarisse wat aan hierdie eise voldoen, sal sonder meer as kollegas aanvaar word.

Lede van die fakulteit sit hul studies voort in 'n besondere rigting en bereik 'n besondere bekwaamheid ten opsigte van navorsing en publikasies op hul vakgebiede. Hierdie voortgesette professionele groei as leermeester, maar ook as student moet ewe-eens die strewe van die bibliotekaris wees. Hy moet 'n lewendige belangstelling in die intellektuele lewe van die hele kampus hê en in besonder 'n intellektuele kameraadskap met die fakulteite handhaaf. Dit is hy wat hoofsaaklik verantwoordelik gehou word vir die selfstandige studie en voortgesette intellektuele groei van die student, en daarom is sy aandeel in die onderwys van studente ontsaglik groot.

Die bibliotekaris verrig 'n opvoedkundige funksie en moet aktief in navorsing en publiseer van resultate geïnteresseerd wees, en ook sy personeel hiertoe inspireer, maar hom dan ook beywer om die nodige erkenning te kry vir professionele personeel.

Dit is noodsaaklik dat bibliotekarisse hulself as lede van hul professie handhaaf as hul aanspraak wil maak op akademiese status. Hul tyd en talente moet aan professionele take gewy word sonder om begaan te wees oor bepaalde ure. Immers, dit plaas 'n vraagteken oor die akademiese meelewendheid van die bibliotekaris as alle professionele aktiwiteite in die universiteitsbiblioteek ten einde loop op 'n bepaalde uur van die dag, terwyl honderde aandstudente ewe-eens 'n behoefte het aan professionele hulp en bystand.

Elke bibliotekaris moet toesien dat sy biblioteek so

opgebou, ingerig en bestuur word dat dit aan sy besondere doel beantwoord hetsy voorgraads, nagraads of op die vlak van spesiale navorsing. Daar moet tred gehou word met die ontwikkeling op alle gebiede, en die samewerking van alle fakulteite moet in so 'n mate verkry word dat almal in die groei en ontwikkeling van die biblioteek belangstel. Dit vereis 'n besondere mate van samewerking en doelgerigte leiding aan die kante van die bibliotekaris as hy 'n wesenlike bydrae wil lewer in die intellektuele lewe van die universiteit. Dit word nie betoog dat akademiese status sonder meer aan alle bibliotekarisse toegeken word nie, maar senior bibliotekarisse wat wesenlik bydra om die opvoedkundige program van die universiteit ten uitvoer te bring, het seker ook die reg om aanspraak te maak op die voorregte en status wat die akademiese korps geniet.

HOOFSTUK V

DIE BIBLIOTEEK IN DIE ADMINISTRATIEWE
STRUKTUUR VAN DIE UNIVERSITEIT

1. DIE BIBLIOTEEK VANUIT DIE OOGPUNT VAN DIE SENTRALE
ADMINISTRASIE

a. Inleiding

In die statute van die meeste Suid-Afrikaanse universiteite word weinig of geen melding van die biblioteek gemaak nie, en bibliotekarisse maak normaalweg nie deel uit van die binnekring van die universiteitsadministrasie nie. Dit het tot gevolg dat hulle in menige opsig uitgelaat word van die boonste bestuursvlak waar besluite rakende die administrasie van die universiteit as geheel geneem word, en gevolglik ook waar besluite soms geneem word wat 'n direkte uitwerking op die biblioteek het.

Die rede hiervoor kan daarin te vind wees dat die hoof-uitvoerende beamptes van die universiteit geneig is om die universiteit te sien as die akademie aan die een kant en die administrasie aan die ander kant, en dat die biblioteek wat hom tussen beide hierdie komponente bevind oor die hoof gesien word.

b. Die biblioteek as 'n diensorganisasie

Dit biblioteek is daar om diens te lewer, en om dit te kan doen, moet hy oor 'n omvangryke voorraad beskik wat op geen stadium ooit 'n versadigingspunt sal bereik nie. Nie alleen neem die voorraad met rasse skrede toe nie, maar ook die koste om dit te bekom, te ontsluit, te bewaar en beskikbaar te stel, styg met rasse skrede omhoog, en dit is juis as gevolg

hiervan dat die biblioteek homself menigmaal die misnoeë van die universiteitsadministrasie op die hals haal.

Dit kan nie ontken word dat daar soms 'n algemene gebrek aan kennis betreffende die funksies en aktiwiteite, maar ook die behoeftes en probleme van die biblioteek by menige universiteitsadministrasie aanwesig is nie.

Vir die universiteitsadministrasie gaan dit heel te reg om inkomstes en uitgawes wat in ooreenstemming gebring moet word, en nou is dit ongelukkig so dat die dienste van die biblioteek nie gemeet kan word in terme van geld nie. Om 'n doeltreffende diens te lewer en aan al die eise van studie en navorsing te voldoen, dwing die biblioteek om dié steeds stygende koste aan te gaan of so nie totaal in sy doel te misluk. In hierdie opsig word daar byvoorbeeld gedink aan die toenemende spesialisasie in navorsing wat op sy beurt lei tot 'n toename in gespesialiseerde voorraad, metodes, opleiding van personeel, beskikbaarstelling, berging, ensovoorts, wat alles daartoe bydra dat die kosteaspek 'n bedreiging word.

Die biblioteek is in die ongelukkige posisie dat hy weinig of niks kan doen om homself 'n meer winsgewende eenheid van die universiteitstruktuur te maak nie. Hy kan sy diens nie verkoop nie, en die bibliotekaris kan met geen ander verweervorendag kom as dat 'n doeltreffende biblioteek indirek daartoe bydra dat die universiteit in geheel so aan sy doel kan beantwoord dat sy voortbestaan deur stygende studentegetalle gewaarborg word nie.

By hoë uitsondering beskik die biblioteek oor enige inkomste anders as dit wat uit die begroting van die universiteit

aan hom toegeken word. Persentasiegewys verteenwoordig dit nie juis 'n indrukwekkende gedeelte van die begroting nie, en is menige bibliotekaris en sy komitee genoodsaak om met periodieke versoeke om addisionele toekennings na vore te kom ten einde die biblioteek op standaard te hou. Hierdie optrede kan daartoe lei dat die biblioteek as 'n bodemlose put gesien word wat nouliks tevrede gestel kan word.

'n Meer realistiese toekenning uit die begroting, en 'n groter begrip vir die probleme van die biblioteek sal veel daartoe bydra dat hierdie ongunstige beeld uit die weg geruim word.

c. Enkele redes waarom die biblioteek as 'n administratiewe eenheid gesien kan word

(i) Bestuur

Vanuit 'n administratiewe oogpunt vertoon die biblioteek die karakter van 'n bestuursonderneming. In die eerste plek word die werk in die biblioteek so georganiseer en verdeel dat dit deur 'n groot aantal persone uitgevoer kan word, en in die tweede plek word take aan afdelings en onderafdelings opgedra wat elk 'n funksionele eenheid van die geheel vorm met die oog op die bereiking van een gemeenskaplike doel.

Die biblioteek het geen ander bestaansgrond as die ondersteuning van die opvoedkundige oogmerke van die universiteit nie, maar om aan hierdie doel te beantwoord moet hy op 'n bepaalde wyse georganiseer en bestuur word, en hier kan nóg die fakulteit nóg die

administrasie vir hom tot voorbeeld dien. Hy beskik oor 'n eiesoortige departementele verdeling en onderverdeling, met uitvoerende, tegniese en administratiewe personeel wat 'n veelheid van take tot een geheel moet saamsnoer ten einde die biblioteek in sy doel te laat slaag.

Vanuit 'n administratiewe oogpunt kan die biblioteek maklik as nog 'n afdeling van die universiteitsadministrasie gesien word. Immers, dit beskik oor 'n hoof-amptenaar, senior amptenare, en ondergeskikte amptenare, dit word op 'n bepaalde wyse georganiseer en beheer, en dit moet bepaalde take uitvoer. Met ander woorde dieselfde eise ten opsigte van organisasie en bestuur as die van die universiteitsadministrasie. Maar, daar mag nooit uit die oog verloor word dat die administratiewe funksies van die biblioteek nie 'n primêre vereiste vir die bestaan van die biblioteek is nie. Die uitvoering van sy bibliotekale funksie is die enigste grond vir sy bestaan, en sy administratiewe funksies word slegs met die oog hierop verrig.

(ii) Personeel

Die biblioteek beskik oor 'n redelike groot personeel wat ten opsigte van diensure en diensvoorwaardes oor dieselfde kam geskeer word as die administratiewe personeel van die universiteit. Omdat die biblioteekpersoneel meestal nie direk met die opleiding gemoeid is nie, en daar nie te alle tye 'n definitiewe skeiding tussen teg=

niese en administratiewe take moontlik is nie, kan hulle baie maklik as administratief gesien word. Die bibliotekale funksies soos ontsluiting, beskikbaarstelling en hulp ten opsigte van studie en navorsing is nie noodwendig ooglopend waarneembaar nie. Die feit dat die oorgrote meerderheid van die personeel van die biblioteek oor gespesialiseerde opleiding beskik, maak vir die buitestaander ook nie juis sin nie. Soms kan daar selfs nie begryp word waarom 'n gegradueerde B.A. of B.Com.-aplikant nie ewe goed die boeke in die biblioteek kan orden en beskikbaarstel nie.

Uit 'n administratiewe oogpunt val die personeel van die biblioteek menigmaal in die kategorie van hoof, onderhoof, senior en junior en nie noodwendig wetenskaplik, tegnies of gespesialiseerd nie.

(iii) Finansies

Nog 'n rede waarom die biblioteek soms as 'n administratiewe eenheid gesien word is die feit dat hy oor 'n begroting van sy eie beskik wat na eie oordeel gespandeer word deur die universiteitsbibliotekaris in oorleg met die biblioteekkomitee. Hierdie fondse word by wyse van 'n bepaalde formule aan die biblioteek toegeken en dit word van hom verwag om soos enige ander departement nie hierdie toekenning te oorskry nie.

Soos voorheen gestel, beskik die biblioteek oor geen inkomste van sy eie waarmee hy onafhanklik kan handel nie. Hy is in alle opsigte teenoor die universiteitsadministrasie verantwoordelik vir die besteding van fondse, en dit

kan verwag word dat die biblioteek ook in hierdie opsig gesien kan word as 'n onderafdeling van die universiteitsadministrasie.

2. DIE BIBLIOTEEK AS 'N ADMINISTRATIEWE EENHEID

(a) Die administratiewe struktuur van die biblioteek

Universiteite word deur die Staat beheer wat op sy beurt weer hierdie gesag aan die universiteitsraad oordra. By wyse van wetgewing word die magte en pligte van die universiteitsraad omskryf in die statute wat op elke universiteit van toepassing is. As beherende liggaam oefen hy gesag uit oor die beleid, personeel, finansies en eiendom van die universiteit en by implikasie dus ook oor die van die biblioteek.

Die Rektor is die hoofuitvoerende beampste van die Raad en Senaat wat moet toesien dat die universiteit op so 'n wyse beheer en geadministreer word dat die beleid van die Raad ten uitvoer gebring word. Dit geld ook vir die universiteitsbibliotheek wat daargestel is om 'n akademiese by-funksie te verrig. Hierin word die Rektor bygestaan deur die Registrateur(s) wat verantwoordelik is vir die administratiewe funksies wat verbonde mag wees aan alle afdelings van die universiteit insluitende die van die biblioteek. Vanselfsprekend sal daar noue kontak moet wees tussen die universiteitsbibliotekaris en die Registrateur in sy hoedanigheid as beampste van die Raad wat moet toesien dat raadsbesluite aan alle afdelings van die universiteit oorgedra en uitgevoer word. As beampste in beheer van die finansies van die universiteit moet die Registrateur ook toesien dat die biblioteek die fondse wat aan hom toegeken word nie oorskry nie, en na

behore vir die besteding daarvan verantwoording doen.

Die hoofuitvoerende beampte van die biblioteek is die universiteitsbibliotekaris wat moet toesien dat die biblioteek sy volwaardige bydrae lewer ten einde die beleid en funksies van die universiteit ten uitvoer te bring.

McAnally wys daarop dat die administrasie van universiteitsbiblioteke tot ongeveer 1940 meestal nog op 'n departementele grondslag georganiseer was.¹⁾ Hiervolgens is die werk van die biblioteek verdeel tussen soveel departemente as wat nodig is, elk onder beheer van 'n departementshoof wat aan die bibliotekaris verslag moes doen. Die koördinasie en toesig van hierdie departemente was gevolglik die verantwoordelikheid van die bibliotekaris alleen.

Namate die biblioteek gegroei het, het hierdie taak vir die bibliotekaris té veeleisend geword, aangesien hy uiteindelik in soveel operatiewe funksies betrokke geraak het dat daar van sy professionele funksie nie veel tereg gekom het nie. Geleidelik is daartoe oorgegaan om die werk van die biblioteek te verdeel in twee of meer hoofafdelings of -departemente of sub-departemente elk met soveel onderafdelings as wat nodig mag wees. Nou was dit moontlik om take en aktiwiteite volgens eie aard te groepeer en te koördineer. Senior bibliotekarisse is aan die hoof van die afdelings geplaas, wat dit na goeddunke kon administreer, en slegs hierdie afdelingshoofde moes aan die bibliotekaris verslag doen en namens elke afdeling se personeel met hom onderhandel.

Die diagram in Bylaag I gee 'n aanduiding van hierdie benadering.

1. McAnally, A.M.: Organization of college and university libraries. Library trends, vol. 1, no. 1, July 1952, p. 21.

Die werksaamhede van 'n universiteitsbiblioteek word normaalweg volgens funksie georganiseer, met die een verskil dat sommige byfunksies soos byvoorbeeld personeel, begrotings, ensovoorts, meestal onder beheer van die universiteitsbibliotekaris geplaas word.

Namate die biblioteek groei, vertoon dit ook die tendens dat aktiwiteite nie net uitbrei nie, maar ook in gekompliseerdheid toeneem wat op sy beurt tot spesialisasie van aktiwiteite en dienste lei. Nie alleen het dit 'n onderverdeling van departmente tot gevolg nie, maar menigmaal het dit ook 'n hergroepering van take genoodsaak. Dit is tewens so dat die groepering van take mag verskil van biblioteek tot biblioteek. Dit hoef nie noodwendig 'n eenderse patroon te volg nie. Dit hang meestal af van die grootte van die biblioteek, asook die omvang en verskeidenheid van aktiwiteite. So kan dit byvoorbeeld ook gevind word dat die benamings van die departemente in die biblioteke onderling mag verskil.

b. Akademieese of fakulteitsbeheer

Dit is nodig om ook kortliks te wys op hierdie vorm van beheer wat in sommige biblioteke oorsig aangevat word. Die statuut van die Universiteit van Miami, byvoorbeeld, bepaal onder andere

"the library should have status equivalent to that of a school and its director shall be considered to be the dean."¹⁾

-
1. Holley, E.G.: Organization and administration of urban university libraries. College and research libraries, vol. 33, no. 3, May 1972, p. 181.

Die benadering is hier dat 'n 'fakulteit Biblioteek' tot stand moet kom soortgelyk aan die fakulteite in die akademiese geleedere van die universiteit. Dit impliseer dat bibliotekaris ook lid kan word van die Senaat van die universiteit.

As rede vir so 'n stap word aangevoer dat die taak van die akademiese bibliotekaris van vandag hoogs gespesialiseerd en veeleisend geword het en dat hy op alle vlakke by die akademiese lewe van die universiteit ingeskakel behoort te wees ten einde die biblioteek sy taak in die regte perspektief te laat sien.

Die akademiese bibliotekaris lewer dan ook inderdaad 'n besondere bydrae in die opvoedkundige proses aan die universiteit. Hulle is verantwoordelik vir die instandhouding en uitbouing van die voorraad waaroor die universiteitsbiblioteek beskik, om dit doeltreffend beskikbaar te stel en om onderrig aan studente te gee in die gebruik van die versamelings, op informele wyse in die biblioteek, maar ook op formele wyse in die klaskamer indien nodig. Dit is hulle wat inligtingsdienste aan die universiteitsgemeenskap moet verskaf, en meestal ook aan die gemeenskap buite die kampus. Deur hul eie studie en navorsing lewer hulle 'n daadwerklike bydrae tot die gesamentlike som van kennis op die gebied van die biblioteekwetenskap en inligtingsdienste.

Sonder die bibliotekaris sou die gehalte van onderwys en navorsing aan die universiteit nouliks aan die standaard of vereistes kon voldoen. Sy bydrae is intellektueel en akademies op 'n vlak gelykstaande aan die van die dosent, en daarom behoort hy erken te word as die ewe-knie van die akademiese korps met regte en voorregte wat hul bydrae waardig is.

Vandaar dan die regverdiging om 'n akademiese vorm van beheer deur middel waarvan die biblioteek geadministreer sou word op dieselfde grondslag as die akademiese fakulteit of departement aan die universiteit.

Ingevolge hierdie benadering is die hoofbibliotekaris dekaan van die 'fakulteit Biblioteek', en soos ander dekane in hoofsaak met die administrasie van sy fakulteit belas.

Die fakulteit Biblioteek sal onder andere vir die volgende take verantwoordelik gehou kan word:

- (i) Aanbevelings ten opsigte van die aanstelling, vergoeding en bevordering van personeel.
- (ii) Bepaling van die opvoedkundige en navorsingsbeleid van die biblioteek.
- (iii) Koördinasie en inskakeling van die biblioteek by die opvoedkundige program van die universiteit.

Soos in die geval van ander fakulteite sal bogenoemde aktiwiteite onderhewig wees aan die goedkeuring van die Senaat en by implikasie beteken dit ook dat die biblioteek teenoor die Senaat verantwoording verskuldig sou wees.

'n Vraag wat by hierdie vorm van beheer na vore tree, is of 'n fakulteit wat net uit professionele bibliotekarisse bestaan, besluite sal kan neem en 'n beleid sal kan bepaal wat te alle tye in belang van alle fakulteite sal wees. Daar word byvoorbeeld gedink aan aspekte soos die uitbouing van die voorraad, die toewysing van fondse of selfs die bepaling van biblioteekure.

Dit val te betwyfel of ander fakulteite daarmee genoë sal neem dat die één fakulteit uitgesonder word, en by magte is om besluite te neem wat hulle direk raak. Dit mag wel so wees dat die besluite van dié fakulteit ook aan die goedkeuring van die Senaat onderworpe is, maar die feit bly dat probleme wat uit sodanige besluite mag voortspruit vooraf uitgestryk behoort te word.

'n Vooraf goedgekeurde beleid wat deur alle fakulteite aanvaar is, kan ewe-eens probleme lewer. Ten opsigte van finansies moet die posisie byvoorbeeld van jaar tot jaar in oënskou geneem en aangepas word.

Dit bly 'n vraag of hierdie vorm van beheer met vrug in belang van die biblioteek aangewend sal kan word.

c. Die biblioteek as 'n akademiese instituut

Aan verskeie Suid-Afrikaanse universiteite bestaan daar institute wat tot stand gebring is met die uitsluitlike doel om 'n navorsingsfunksie te verrig. Hierdie institute maak soos die biblioteek 'n integrale deel uit van die akademiese opset van die universiteit, maar toon wat hul doelstellinge en interne organisasie betref wesenlike verskille met dié van die biblioteek.

Hierdie institute word normaalweg beheer deur 'n bestuur wat saamgestel word uit dosente van verskeie studierigtings aan die universiteit en verteenwoordigers van verskillende openbare of navorsingsinstansies wat saam met die Rektor en die direkteur van die instituut 'n raad van beheer vorm. Hierdie raad bestaan in werklikheid uit 'n paneel van deskundiges wat op hoogs gespe-

sialiseerde vlak leiding en rigting aan die navorsingsprogramme kan gee.

Teenoor die biblioteek toon dié institute die verskil dat dit by laasgenoemde gaan om die koördinering en ten uitvoer bring van spesifieke navorsingsprojekte wat deur die universiteit self of op versoek van openbare of privaat instansies onderneem word. Die biblioteek daarenteen stel hom ten doel om die akademiese en navorsingsprogram van die universiteit in sy geheel te ondersteun en te help ten uitvoer bring.

Ten opsigte van finansies is daar ook die groot verskil dat die instituut benewens 'n toekenning van die kant van die Raad by magte is om gelde te verkry van organisasies wat by spesifieke navorsingsprojekte belang mag hê. Dit het tot gevolg dat die navorsing wat onderneem kan word baie minder gebonde is, of aan bande gelê word weens 'n gebrek aan fondse. Die biblioteek is aangewys op 'n bepaalde toekenning van die Raad en het weinig of geen ander bron van inkomste nie.

Dit is duidelik dat die biblioteek en die institute wesenlik verskil sover dit hul taak en funksies betref. Die vorm van beheer is aangepas by die besondere omstandighede van elke instansie, en kan nie sonder meer op beide van toepassing gemaak word nie.

d. Die biblioteekkomitee

Die biblioteekkomitee word deur die Senaat saamgestel, en bestaan gewoonlik uit senior professore van die universiteit met die bibliotekaris as ex officio lid van die komitee. Dit is

'n komitee wat aan die Senaat verslag moet doen. Dit moet dien as 'n skakel tussen die fakulteite en die biblioteek, en mag nooit gesien word as 'n komitee wat veronderstel is om toesig te hou oor die doen en late van die biblioteek nie. Die beginsel van onderlinge vertroue wat vir die doserende korps geld behoort ook ten opsigte van die biblioteek streng gehandhaaf te word.

(i) Adviserende of beherende komitee

Oor hierdie onderwerp is daar al veel geredeneer, en seker ook veel meningsverskil aanwesig, dog bibliotekaris is dit eens, en die praktyk het tewens ook reeds bewys dat daar ernstige besware en probleme na vore tree as hierdie komitee oor uitvoerende magte beskik wat dit die reg veroorloof om in te meng met die bestuur en administrasie van die biblioteek. Goeie dosente is nie noodwendig goeie administrateurs nie, en die moontlikheid bestaan dat onderlinge wrywing en meningsverskil le die gesonde funksionering van so 'n komitee hopeloos kan verongeluk. Sommige biblioteekkundiges het dan ook geen vertroue in 'n sisteem van hierdie aard

"which in the past has led to more bitterness than joy and more abuse than use."¹⁾

Die besware wat ingebring kan word teen 'n komitee wat met beherende magte bekleed is, kan as volg opgesom word:

-
1. De Vleeschauwer, H.J.: The university library: its nature and function. Moussaion, no. 61, p. 176.

- (a) Die biblioteek is 'n inrigting met 'n eiesoortige funksionering waarvan meeste dosente en studente slegs beperkte kennis dra en gevolglik sal hulle besluite nie altyd in die beste belang van die biblioteek wees nie.
- (b) Komiteelede is soms geneig om die wense van die doserende personeel as so oorheersend van aard te beskou, dat alle praktiese implikasies aan die kant van die biblioteek as onbelangrik afgemaak word.
- (c) Die wense van komiteelede is menigmaal so uiteenlopend van aard dat die gesamentlike doel van die biblioteek in belang van die universiteit as geheel nie bereik kan word nie.
- (d) Komiteelede is slegs verteenwoordigend van die doserende personeel en toon 'n gebrek aan insig in die administratiewe probleme van die universiteit as geheel waarmee die biblioteek wel deeglik rekening moet hou.
- (e) Onkunde met betrekking tot biblioteektegniek, -beheer en -beleid laat die komitee die biblioteek sien as 'n administratiewe eenheid wat slegs volgens die normale beginsels van administratiewe beheer hanteer behoort te word, terwyl

"the central area of operation is that concerned with improving the library's effectiveness in teaching."1)

1. Lyle, G.R.: The administration of the college library; 3rd ed., p. 41.

Dit word allerweë aanvaar dat hierdie komitee 'n adviserende komitee behoort te wees met slegs één basiese funksie, naamlik om deur middel van kragdadige leiding en insig by te dra om die biblioteek as 'n akademiese eenheid in belang van die hele universiteit te laat fungeer.

Nou moet daar geredelik erken word dat die aandeel van die bibliotekaris in die verband van deurslaggewende belang is. Waar die bibliotekaris homself as 'n suksesvolle administrateur bewys het, kan daar verwag word dat die komitee se rol met min huiwering aanvaar sal word as adviserend en ondersteunend eerder as beherend.

Aan die ander kant moet hierdie komitee nooit gesien word as 'n "rubberstempel" van die bibliotekaris nie. Die vertroue tussen komitee en bibliotekaris moet weder= syds wees. Die komitee moet die bibliotekaris bystaan in die uitvoering van sy taak, maar moet hulself ook in der mate vergewis van die interne organisasie en aktiwiteite van die biblioteek dat hul in staat is om die biblioteek by hul kollegas bekend te stel en optredes te verduidelik waar nodig. In hierdie verband sê Lyle:

"the library also needs an adviser and interpreter to explain its inner workings because without being aware of it the library may separate itself from the faculty by decisions reached at the level of day-to-day operations which are not understood or which are frequently misunderstood."¹⁾

1. Lyle, G.R., op. cit., p. 40.

Nooit mag persoonlike belange vooropgestel word nie, dog steeds die belange van die universiteit as geheel, en 'n opregte begeerte om die biblioteek aan sy doel te laat beantwoord.

Hulle moet deeglik kennis neem van die behoeftes van die doserende korps en steeds poog om die diens van die biblioteek hiermee in ooreenstemming te bring sodat die aktiwiteite van die biblioteek doeltreffend geïntegreer kan word by die opvoedkundige program van die universiteit.

(ii) Die samestelling van die komitee

- (a) Die komitee behoort uit senior professore van die universiteit en die universiteitsbibliotekaris te bestaan.
- (b) Die lede van die komitee behoort nie meer as twaalf tot vyftien te wees nie. Tê groot komitees lei menigmaal tot onnodig uitgerekte besprekings wat geen waarborg vir beter beslissings is nie. Daarbenewens lewer dit probleme wanneer vergaderings gereël moet word.
- (c) Lede van die komitee behoort verteenwoordigend te wees van verskillende fakulteite. Persoonlike bekwaamhede en belangstelling in die biblioteek behoort egter voorkeur te geniet bo departementele verteenwoordiging.

- (d) Waar moontlik behoort daar 'n mate van kontinuïteit te wees wanneer die komitee opnuut saamgestel word.
- (e) Oorweging kan daaraan gegee word om 'n senior verteenwoordiger van die studentegemeenskap op te neem, hetsy as gekoöpteerde lid van die komitee (met of sonder stemreg), of by wyse van spesiale uitnodiging wanneer sake wat die studente raak, bespreek word.
- (f) Normaalweg is die universiteitsbibliotekaris die sekretaris van die komitee, maar omdat hy aktief by alle besprekings betrokke is, is dit wenslik dat die adjunk-bibliotekaris die sekretarisskap op hom neem. Laasgenoemde is ook baie nouer verbonde aan die daaglikse roetine-aktiwiteite van die biblioteek en in staat om inligting in dié verband onmiddellik te verskaf.
- (g) Die hoof van die departement Biblioteekkunde behoort vanweë sy besondere kennis van biblioteeksake en die verbintenis tussen sy departement en die biblioteek ex officio sitting op die komitee te hê.

(iii) Die funksies van die komitee

Die volgende sake behoort voor die komitee te dien:

- (a) Die formulering van die beleid waardeur die doelstellinge van die biblioteek bereik kan word.
- (b) Die goedkeuring van reëls en regulasies in belang van die biblioteek en al sy gebruikers.

- (c) Behandeling van die biblioteekbegroting soos deur die bibliotekaris voorgelê, en by implikasie ook die aanvaarding van medeverantwoordelikheid vir die jaarlikse toewysing van fondse aan departemente vir die aankoop van biblioteekmateriaal.
- (d) Behandeling van die jaarverslag met kennisname van alle aktiwiteite van die biblioteek en verduideliking of opheldering daarvan by die Senaat.
- (e) Ondersoek van moontlike weë waardeur die doeltreffendheid van die biblioteek verhoog kan word.
- (f) Opstel van memoranda met die oog op meer fondse, uitbreiding van dienste, geboue, ensovoorts.
- (g) Die verskaffing van deskundige advies in geval van gespesialiseerde aankope.
- (h) Voorstelle in verband met die status van personeel.

Vanselfsprekend kan 'n verskeidenheid van sake voor die komitee dien, dog in geval van 'n adviserende komitee val aangeleenthede soos die interne organisasie en beheer van die biblioteek en sy personeel buite die jurisdiksie van die biblioteekkomitee.

e. Die rol van die universiteitsbibliotekaris

Die universiteitsbibliotekaris bevind hom in die sonderlinge situasie dat hy naas sy verbintenis met die doserende personeel en sy aandeel in die akademiese funksie van die universiteit ook in 'n uitvoerende hoedanigheid gemoed is met die

administrasie van die universiteit. Dit is tewens hierdie tweeslagtige aard van sy posisie wat die twisvraag na vore laat tree of hierdie besondere amp by die administratiewe of by die akademiese struktuur van die universiteit ingeskakel behoort te wees.

Benewens sy akademiese rol is die bibliotekaris 'n senior amptenaar van die universiteitsadministrasie met volle verantwoordelikheid en lojaliteit teenoor die Rektor en die administratiewe bestuur van die universiteit.

Die bibliotekaris word deur die besturende liggaam, naamlik die Raad van die universiteit aangestel. Die Raad oefen dan ook gesag uit oor die diens van die biblioteek deur middel van die Rektor as hoofuitvoerende beampste van die Raad. In hierdie opsig word die Rektor bygestaan deur die biblioteekkomitee wat as 'n Senaatskomitee in 'n adviserende hoedanigheid gemoeid is met die uitvoering van die beleid van die universiteit sover die biblioteek daarby betrokke is.

Die Raad is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die biblioteek, sy finansies en sy beleid, en die bibliotekaris is daar om toe te sien dat die beleid uitgevoer word. Hy beplan en organiseer die diens binne die raamwerk van die neergelegde beleid en die voorsiende finansies.

Die beheer van die biblioteek is 'n dinamiese aktiwiteit en vereis van die bibliotekaris:

- (i) Die verantwoordelikheid om toe te sien dat die biblioteek oor 'n konstante toevloei van kennis en inligting beskik waarop gesonde oordeel gebaseer kan word.
- (ii) Die vermoë om die behoeftes van die biblioteek in sy volle omvang te sien en nie slegs vanuit 'n administra=

tiewe oogpunt nie.

- (iii) Voldoende geloof en selfvertroue om opdragte te gee en te weet dat dit uitgevoer sal word.

Die bibliotekaris is die bestuurder van die biblioteek en een van sy uitstaande eienskappe behoort die van leierskap te wees. Hy moet vertroue kan inboesem en persoonlike respek afdwing, en te alle tye en onder alle omstandighede in staat en bereid wees om verantwoordelikheid te aanvaar. Hy moet in staat wees om beleid te formuleer en om belangrike besluite te neem wanneer nodig.

Hoe groter die biblioteek word, hoe ingewikkelder sal die organisasie daarvan word, en die bibliotekaris moet in staat wees om al die aktiwiteite te koördineer met slegs een doel voor oë, naamlik 'n doeltreffende diens. Vir hierdie diens kan hy alleen nie verantwoordelik gehou word nie. Dit is die verantwoordelikheid van die hele personeel en daarom moet hy sy personeel en hul vermoëns ken en erken, maar hy moet ook die vertroue van sy personeel geniet. Daar moet ten nouste saamgewerk word met hoofde van departemente en toegesien word dat uitvoering gegee word aan die verantwoordelikhede wat aan hul opgedra is.

Daar moet kontrole uitgeoefen word oor die aktiwiteite aan die personeel om toe te sien dat alle organisatoriese funksies verrig word met die maksimum doeltreffendheid, en daar moet kontrole uitgeoefen word oor die aktiwiteite van departemente om toe te sien dat elke taak uitgevoer word met die minste beslommernis.

Dit is verder baie belangrik dat die bibliotekaris oor die vermoë beskik om goed met mense oor die weg te kom. Hy kry te doen met gebruikers en owerhede, en van sy persoonlike optrede in die verband hang baie af. Die beeld wat hy skep teenoor diegene met wie hy in aanraking kom, kan onteenseglik baie vir die biblioteek beteken.

Die bibliotekaris is verantwoordelik vir die organisasie van al die biblioteekdienste van die universiteit en sy funksies bestaan uit die volgende:

- (a) Om in samewerking met die biblioteekkomitee die beleid van die biblioteek te formuleer en toe te sien dat dit uitgevoer word.
- (b) Beplanning van die biblioteekorganisasie sodat daar uitvoering gegee kan word aan die beleid van die biblioteek.
- (c) Toesig oor die keuse van biblioteekmateriaal wat in die behoeftes van die gebruikers moet voorsien.
- (d) Die plasing, ordening en beskikbaarstelling van alle versamelings op die beste plek en wyse na die behoefte van gebruikers.
- (e) Die beplanning van nuwe dienste en die verbetering van bestaandes.
- (f) Die beplanning van geboue in samewerking met argitekte en administratiewe personeel.
- (g) Voorstelle in verband met begrotings by die administrasie in te dien wat in die behoeftes van die biblioteekdienste voorsien.

- (h) Korrekte besteding van die fondse van die biblioteek vir die doel waarvoor dit beskikbaar gestel is.
- (i) Omskrywing van die magte en pligte van personeel.
- (j) Aanbevelings in verband met die aanstelling van geskikte personeel en hul vergoeding.
- (k) Korrekte plasing van personeel en die voorsiening van behoorlike indiensopleiding.
- (l) In samewerking met senior personeel en die biblioteek=komitee verantwoordelik vir die reëls en regulasies van die biblioteek.
- (m) Voorlegging van 'n jaarverslag aan die Raad en Senaat.
- (n) Optree as verteenwoordiger van die biblioteek by nasionale en internasionale kongresse en vergaderings.

f. Die verhouding Rektor - Bibliotekaris

Die verhouding tussen die universiteitsbibliotekaris en die Rektor as hoof van die universiteit is van besondere belang vir die biblioteek.

Die Rektor is direk gemoeid met die aanstelling van die bibliotekaris en sy aandeel in hierdie aanstelling word van soveel belang geag dat daar beweer word

"The president of a college may well be judged by the librarian he appoints, for this selection may reveal a basic educational policy of his administration."¹⁾

1. Benjamin, P.M.: The relation between the librarian and the college administration. College and research libraries, vol. 16, no. 4, October 1955, p. 350.

Die daaglikse roetine van biblioteekadministrasie is noodsaaklik vir goeie huishouding en 'n geordende prosedure, maar slegs as 'n middel tot 'n veel belangriker doel, naamlik om die biblioteek te integreer by die opvoedkundige program van die universiteit. As die universiteitsbibliotekaris eerder 'n bewaarder as 'n beskikbaarsteller van boeke is, kan die biblioteek geen dinamiese rol in die opvoedkundige program van die universiteit speel nie. Dan word die rykdomme van die biblioteek nie ontgin nie. Een van die belangrikste kenmerke van die universiteitsbibliotekaris is dat hy "a leader and a reader" moet wees.

Ten opsigte van die regte keuse van personeel kan die Rektor veel bydra as sy gesindheid teenoor die biblioteek en die bibliotekaris op 'n gesonde voet is.

Nie alleen is die Rektor direk gemoeid met die aanstelling van die bibliotekaris nie, maar die bibliotekaris is aan die Rektor verantwoording verskuldig vir sy doen en late.

Soos in geval van die universiteitsadministrasie sal die Rektor hom nie bemoei met die interne bestuur van die biblioteek nie, maar dit is noodsaaklik dat hy hom op hoogte stel met die aktiwiteite van die biblioteek in soverre dit die bereiking van die doel en funksies van die biblioteek aanbetref. Vanselfsprekend sal aangeleenthede soos die besteding van fondse, die totstandkoming van nuwe dienste, bouprogramme, ensovoorts, die aandag van die Rektor geniet. Geen uitbreiding van bestaande dienste of die instelling van nuwe dienste behoort oorweeg te word sonder die medewete van die Rektor nie, veral nie as dit finansiële implikasies inhou nie, en die bibliotekaris het ook reg om te aanvaar dat die Rektor nie sy goedkeuring sal heg aan

vergunnings wat addisionele werk of finansiële verpligtinge van die biblioteek verg sonder vooraf raadpleging met die bibliotekaris nie.

Daar moet egter in ag geneem word dat die tyd van die Rektor baie beperk is en dat daar nie van hom verwag kan word om informasie van die biblioteek te bekom anders as deur die bibliotekaris nie. G.R. Lyle stel dit baie goed as hy sê:

"If the library is either brilliantly or poorly managed, the president will learn about it from the faculty, students and even alumni. But if the library needs new equipment or additional staff, he will hear nothing about it except from the librarian."¹⁾

Vir hierdie rede moet die bibliotekaris hom ten doel stel om die Rektor ten volle in te lig oor die werksaamhede van die biblioteek. Hy kan nie verwag dat die Rektor hom moet ondersteun as hy nie ten volle op hoogte is met die sake van die biblioteek nie.

As dit enigsins moontlik is, sou gereelde besoeke van die Rektor aan die biblioteek nie net vir die biblioteek baie beteken nie, maar ook 'n heilsame invloed uitoefen op studente sover dit hul benadering teenoor die biblioteek betref. Hierdeur kan die Rektor ook eerstehandse kennis opdoen van die probleme en werksaamhede van die biblioteek, veral in hierdie tyd waar steeds groeiende studentegetalle ongekende eise aan die biblioteek stel. In dié verband sê Lyle

"the president is more likely to be influenced in his final decision if he sees the library need as a sound educational investment."²⁾

Dit sou voorts ook goed wees as die Rektor sou toesien

1. Lyle, G.R., op. cit., p. 352.
2. Lyle, G.R., ibid., p. 353

dat die bibliotekaris meer betrek word by komitees wat met akademiese en administratiewe beplanning te doen het. Vertoë van die kant van dosente of studente moet oorweeg word in oorleg met die bibliotekaris sodat die bydrae van die biblioteek betyds hierby aangepas kan word.

Een van die basiese vereistes om die betrekkinge tussen die Rektor en die bibliotekaris te bevorder is om toe te sien dat die gesag en verantwoordelikhede van die bibliotekaris duidelik omskryf is. Die bibliotekaris moet weet teenoor wie hy verantwoordig is, wat die funksies van die biblioteekkomitee is, wat sy magte is ten opsigte van die interne organisasie van die biblioteek, ook ten opsigte van personeel, finansies, ensovoorts. Laaste, maar nie die minste nie, moet hy weet wat sy posisie ten opsigte van departementshoofde, dekane en registreurs is. Hieroor sê Lyle:

"the librarian will be most grateful to the college president who defines the major issues so that the librarian may assess his own position and plan a program of library development."¹⁾

Goeie samewerking tussen die Rektor, die administratiewe personeel en die bibliotekaris kan die biblioteek net ten goede kom. Dit sal tot gevolg hê dat die doelstellinge van die universiteit as geheel verhoog word, maar dit kan ook daartoe lei dat die biblioteek 'n besondere plek in die lewe van dosente en studente bekom en behou wat op sy beurt 'n invloed uitoefen op dinge soos skenkings, bydraes, ensovoorts. As die goedgesindheid van die Rektor verkry is sal die biblioteek nie buite rekening

1. Lyle, G.R.: The president, the professor and the college library, p. 25.

gelaat word by enige finansiële of toekomsbeplanning nie.

3. DIE BIBLIOTEEK EN DIE BESTUURSPROSES

a. Algemeen

In 'n artikel waar professor P.C. Coetzee enkele gedagtes oor die biblioteekwetenskap uitgespreek het, veral soos dit betrekking het op toestande in Suid-Afrika, het hy onder andere gesê

"Daar word nie genoeg besef nie dat die bibliotekaris behalwe tegnikus ook nog bedryfsleier is, en in die meeste opsigte dieselfde posisie beklee as die bestuurder van 'n handelsfirma of 'n fabriek."¹),

en doen hy 'n ernstige beroep op bibliotekarisse om hulself te vergewis van die beginsels van die bedryfsleer wat die wese en doel van elke soort arbeid wil ken en ontleed.

In die eerste dekades van hierdie eeu was dit inderdaad so dat die gehalte van biblioteke menigmaal gemeet is aan aspekte soos indrukwekkende voorkoms, goeie interne rangskikking van meublement en boekevoorraad, en die grootte van die versameling. Die beginsels van wetenskaplike bestuur het soms heeltemal ontbreek. Die geweldige groei van biblioteke in die jongste tye het die behoefte aan doeltreffende bestuur en administrasie 'n dwingende vereiste gemaak. Universiteitsbiblioteke in besonder, word vandag gedwing om die tegnieke van moderne bestuur op die mees effektiewe wyse toe te pas.

1. Coetzee, P.C.: Nuwe rigting in die biblioteekwese. Suid-Afrikaanse biblioteke, deel 3, no. 2, Oktober 1935, p. 42.

Dit is nie altyd maklik om 'n presiese omskrywing te gee van wat biblioteekbestuur alles behels nie, maar vir die doel van hierdie studie vind dit aansluiting met die uitspraak van Paul Howard as hy sê

"management will be considered to mean those activities which give direction to the group effort and which are intended to facilitate the union of the forces of cooperative enterprise."¹⁾

Dit is so dat die volgende funksies van bestuur en administrasie, naamlik leiding, beheer, beplanning, organisasie en koördinasie soos wat dit in enige onderneming aangetref word, ook van toepassing gemaak kan word op die biblioteek.

b. Leiding

Professor H.J.J. Reynders beweer dat die noodsaak vir leiding universeel is, en so oud soos die mensdom self.²⁾ Die sukses van enige saak waar menslike aktiwiteite by betrokke is, berus op die toepassing van gesonde beginsels van beheer en bestuur, en hierdie beginsels kan slegs doeltreffend ten uitvoer gebring word as menslike kragte effektief saamgesnoer word.

Leiding is 'n doelbewuste aksie wat daarop ingestel is om menslike kragte te organiseer en saam te snoer met die oog op die bereiking van 'n vooropgestelde doel. In ander woorde die vermoë om mense sover te kry dat hul doen wat jy wil hê hulle moet doen, en om hulle te oortuig dat die bereiking van die bepaalde doel van hul samewerking afhanklik is.

-
1. Howard, P.: The functions of library management. Library quarterly, vol.10, no. 3, July 1940, p. 315.
 2. Reynders, H.J.J.: Die taak van die bedryfsleier, p. 32.

Hiervoor is 'n besliste plan van aksie noodsaaklik. Niemand sal sy samewerking gee as hy nie geloof het in die doel waarna gestreef word nie, en self oortuig is dat dit direk of indirek ook tot sy eie voordeel is nie.

'n Basiese vereiste vir leiding is die vermoë om selfstandige besluite te neem met soveel geloof en oortuiging in die doel waarna gestreef word dat dit ook andere kan beweeg om kragte en talente ter bereiking daarvan aan te wend.

Daar mag nooit aan diegene wat leiding gee getwyfel word nie. Doelgerigte leiding is die saambindende krag wat die sukses van die onderneming verseker. Om egter leiding te kan gee moet die leier oor besondere eienskappe van leierskap beskik en hierdie eienskappe bestaan daarin om aan die pogings en neigings van individue rigting te gee en dit saam te bind.¹⁾

Om goeie leiding te gee is om mense te laat glo in wat jy glo, om hulle te laat dink soos jy dink, om hulle te inspireer, te motiveer en te aktiveer met die oog op die bereiking van 'n bepaalde doel. Louis Allen sê:

"it is the ability to get other people to work with you and for you to accomplish common objects."²⁾

Motivering is een van die belangrikste eienskappe van leierskap. Mense moet sonder dwang beweeg word om as 'n span saam te werk in die volle besef dat die sukses van die onderneming slegs verseker kan word as elkeen sy deel bydra. Tereg beweër

1. Reynders, H.J.J., op. cit., p. 34.

2. Allen, L.A.: Professional management: new concepts and proven practices, p. 26.

Allen:

"Leadership is most effective when people can be encouraged and inspired to work because they want to, not because they are forced."¹⁾

Hiertoe is nie alle leiers in staat nie. Daar is diegene wat die betekenis van samewerking nie ten volle begryp nie, en eerder domineer as motiveer. Daar is andere wat onder die indruk verkeer dat niemand iets so goed kan doen as hulself nie, en gevolglik bang is om verantwoordelikheid te deleger. Daar is gelukkig ook die wat leierskap sien as 'n koöperatiewe aktiwiteit en wat beseft dat die samewerking van almal die enigste waarborg vir sukses is.

Vanselfsprekend moet 'n leier 'n besondere magposisie beklee, maar dit moet gesag wees wat nooit in meerderwaardigheid ontaard nie. Veel eerder moet dit berus op faktore soos bekwaamheid, kennis, persoonlikheid en gekultiveerdheid wat niks anders as ontsag en eerbied afdwing nie.

Oor die posisie van die bibliotekaris as leier het professor Coetzee in 1962 die vraag gevra

"Moet ons hom sien as 'n burokratiese leier, as 'n lid van die tegniese organisatoriese intelligentsia of hoort hy tuis by die kultuurdraende en kultuuroordraende intellektuele elite?"²⁾

Vir professor Coetzee gaan dit dan veral om die intellektuele leierskap van die bibliotekaris wat hy as behorende tot die tegniese-organisatoriese intelligentsia tuisbring. Die bibliotekaris moet as organiseerder van die literatuur in diens van

-
1. Allen, L.A., op. cit., p. 32.
 2. Coetzee, P.C.: Die bibliotekaris as leier. Suid-Afrikaanse biblioteke, vol. 39, no. 4, Januarie 1972, p. 260.

die wetenskap en die tegnologie staan en langs hierdie weg sy heerskappy oor mens en natuur uitbrei. Die bibliotekaris is dus in staat om deur middel van sy beroep en sy professionele kennis en vaardigheid 'n leidende rol te speel sover dit die intellektuele en kulturele afronding van die mens aangaan. Dit is dan ook sy plig om sy kennis en vaardigheid voortdurend aan te wend in belang van hierdie taak.

In die ontsluiting en beskikbaarstelling van kennis en inligting bevind die bibliotekaris hom in 'n soortgelyke posisie as 'n arts wat voorskrifte voorsien aan diegene wat dit nodig het. In hierdie opsig moet die bibliotekaris leiding gee, en besef dat hy besig is om andere te lei. 'n Taak wat nie ligtelik opgeneem mag word nie. Dit gaan nie om pligte wat ampshalwe volgens reël uitgevoer moet word nie, dit gaan om die kulturele en geestelike welsyn van die medemens.

Dit word van die bibliotekaris verwag om kragte en talente vir die doel aan te wend. Daar word na hom opgesien as 'n voorganger op die gebied van inligtingsontsluiting, as 'n leier wat die oningewyde moet lei tot geestelike en kulturele volwassenheid. Die biblioteek en bibliotekaris mag nie net gebruik word op die weg van stoflike welvaart nie. Die bibliotekaris moet naas intellektuele tegnikus ook kulturele leier wees wat die geestelike erfenis moet bewaar en bekendstel.

In die jongste tyd waar die eise van gespesialiseerde opleiding dreig om weinig ruimte te laat vir kulturele aspekte, is dit die bibliotekaris wat deur middel van die biblioteek en sy voorraad doelgerigte leiding moet gee.

Treffend stel professor Coetzee dit as hy sê

"Die bibliotekaris moet dus meer word as die burokra= tiese organiseerder van 'n boekery; hy moet veel meer as tans 'n kenner word van die inhoud van sy biblioteek of wat die inhoud behoort te wees. Hy moet sorg dat hyself georiënteer is in die geestelike erfenis van die Weste."1)

Slegs die bibliotekaris wat oor persoonlike leiershoedanighede beskik, sal in staat wees om die geestelike erfenis na waarde te skat, dit te bewaar en beskikbaar te stel tot voordeel van die mensdom.

c. Beheer

Positiewe leiding is noodsaaklik vir die sukses van enige onderneming. Om egter doeltreffend te kan lei moet gesag en verantwoordelikheid aan ondergeskiktes gedelegeer word, en waar dit gebeur, moet beheer uitgeoefen word om seker te maak dat planne en prestasies in ooreenstemming is. Sodanige beheer dien dan ook om tekortkominge aan die lig te bring en betyds uit te skakel. Louis Allen sê

"The objective of the controlling functions is to ensure that the predetermined course of action is carried out and subsequently improved."2)

Beheer is daarop ingestel om die werkverrigting van die hele biblioteek te rig en om te verseker dat werk volgens plan verrig word. Dit is nie net daarop ingestel om gebreke aan die lig te bring met die oog op regstellende stappe nie, maar ook sodat voorkomende stappe geneem kan word om 'n herhaling van die

-
1. Coetzee, P.C., op. cit., p. 263.
 2. Allen, L.A., op. cit., p. 53.

afwyking te voorkom.

'n Eerste stap in beheer is om standarde daar te stel sodat die werkverrigting in alle afdelings gemeet kan word om te sien of 'n bepaalde mikpunt bereik word. Die tweede stap is om 'n verslag van die werklike werkverrigting te verkry en te bestudeer om te sien in hoeverre die standaard gehandhaaf is, of hoe ver daarvan afgewyk is, byvoorbeeld verslag van hoeveel boeke gekatalogiseer is vir 'n spesifieke maand.

Laastens word 'n studie van die oorsake van verskille gemaak met die oog op korrektiewe of regstellende stappe.

Beheer kan op tweërlei wyse uitgeoefen word, naamlik beheer deur persoonlike waarneming, en beheer by uitsondering.

(i) Tipes beheer

(a) Beheer deur persoonlike waarneming

Beheer deur persoonlike waarneming is van tyd tot tyd nodig om te sien of werk na wense verrig word. Sodanige kontrole berus op die persoonlike waarneming deur byvoorbeeld departementshoofde wat hulself vergewis van wat gedoen word, hoe dit gedoen word en watter resultate bereik word. Dit is nie altyd moontlik om die uitvoering van alle take te toets aan die hand van bepaalde standarde nie, en die aangewese weg skyn te wees dat departementshoofde hulself tevrede moet stel dat werk gedoen word soos hulle dit graag gedoen wil hê, of soos hulle dit self sou gedoen het. Die situasie vereis soms dat vinnig opgetree moet word en dan

is beheer deur persoonlike waarneming die geskikste.

Hierdie kontrole moet deur bekwame departements=hoofde wat die vertrouwe van die werkers geniet, gedoen word, en dit moet deeglik gedoen word, sodat haakplekke betyds opgespoor en uitgeskakel kan word. Dit moet op 'n grondslag van onderlinge samewerking geskied sodat wenke ter verbetering in 'n gees van waardering aanvaar en uitgevoer word. Kontrole word nie uitgeoefen met die oog op negatiewe kri=tiek of noodwendig om veranderings aan te bring nie. Dit moet ingestel wees op verbeterings. Selfs vermanings moet so geskied dat werkers besef dat dit in hul eie belang gedoen word.

Indien beheer deur persoonlike waarneming nie in die regte gees en gesindheid geskied nie, hou dit die gevaar in dat dit werkers subjektief kan beïnvloed en die werkproses kan belemmer. Indien dit egter op die regte wyse geskied is die voordele wat daaruit kan voortspruit groot, byvoorbeeld besluite wat dringende aandag moet geniet kan gouer geskied en sodoende laat dit die werkproses vlot.

Beheer deur persoonlike waarneming word meestal gebruik deur laervlakbestuur, aangesien hulle daar is waar die werk verrig word, byvoorbeeld departe=mentshoofde, hoofkatalogiseerders en senior depar=tementele personeel.

(b) Beheer by uitsondering

Beheer by uitsondering geskied aan die hand van 'n spesifieke stelsel, byvoorbeeld woordelikse

verslagdoening vanaf die verskillende departemente. Dit geskied wanneer een of ander ongerymdheid aan die lig kom as resultate bestudeer en aan die neergelegde standarde getoets word, byvoorbeeld as die statistiek ten opsigte van ontsluiting skielik 'n aanmerklike afname toon sal so 'n ondersoek gedoen word om die oorsaak te bepaal sodat regstellende stappe geneem kan word.

Hierdie tipe van beheer hou die voordeel in dat hoofde nie voortdurend met die werkproses self gemoeid hoef te wees nie, en gevolglik veel meer tyd aan beplanning en organisasie kan bestee. Dit laat werkers ook vry om eie inisiatief aan die dag te lê ter verbetering van die werkproses. Hoofde moet egter besef dat resultate gereeld bestudeer moet word sodat afwykings betyds ondersoek kan word.

Die verskil tussen die twee tipes van beheer is dat beheer deur persoonlike waarneming meer suksesvol skyn te wees op die laer vlakke waar departementshoofde direkte kontak met die werkers en die uitvoering van die werkprogram het. In die hoër vlakke is hoofde nie self met die werkprogram gemoeid nie, en kan gebreke slegs aan die lig kom deur resultate te vergelyk.

Beheer moet egter op alle vlakke uitgeoefen word hetsy deur persoonlike waarneming of met behulp van administratiewe hulpmiddele.

(ii) Stappe in beheer

(a) Die stel van standarde

Beheer bestaan daaruit dat die werkverrigting van die hele organisasie gemeet word aan prestasie=standaarde wat as 'n aanvaarde norm gebruik word vir die uitvoering van bepaalde take, en dat regstellende stappe geneem word wanneer daarvan afgewyk word. Beheer sou inderdaad nutteloos gewees het as daar nie 'n maatstaf was waarmee werkverrigting gemeet kon word nie, en as daar nie 'n standaard was waarna gestreef kon word nie.

Elizabeth Stone praat van 'n standaard as

"A specific criterion against which adequacy and quality can be tested or measured."¹⁾

Dit word van enige hoof of leier verwag om homself van tyd tot tyd te vergewis dat werk volgens plan verrig word, en om dit te bepaal moet 'n sekere waardebeplanning uitgevoer word, of soos Allen dit stel:

"It must provide a test of performance."²⁾

Dit is egter belangrik dat die standaard waarmee gemeet word vir diegene wat die taak moet uitvoer

-
1. Stone, E.: Training for the improvement of library administration, p. 61.
 2. Allen, L.A.: The management profession, p. 325.

duidelik moet wees. Diegene wat die werk moet doen moet weet wat van hulle verwag word, en waarna hulle behoort te streef. Dit dien as 'n aansporing vir werkers en verminder die noodwendigheid om voortdurend 'n oog oor die werksaamhede te hou.

Dit hou verder die voordeel in dat die tempo van werk nie opnuut aangepas hoef te word na die eis of benadering van individuele leiers of hoofde nie.

Vir die universiteitsbiblioteek gaan dit egter nie net om die toepassing van standarde met die oog op 'n doeltreffende diens in die biblioteek nie. Die bibliotekaris moet ook 'n duidelike beeld hê van die aandeel van die biblioteek sover dit betrokke is by die verwesenliking van die oogmerke van die universiteit as geheel. Die biblioteek moet getoets word aan die effektiwiteit van sy diens in belang van die universiteit as sulks.

Die biblioteek moet die karakter en gees van die universiteit self vertolk. Die biblioteek is daar om die akademiese program van die universiteit te ondersteun en aan te vul, en mag in hierdie opsig nie tekortskiet nie. Vir hierdie doel moet hy oor 'n verteenwoordige voorraad beskik, wat doeltreffend ontsluit en beskikbaar gestel word. Sodra hy hiertoe nie in staat is nie moet daar aanvaar word dat hy nie aan die nodige standaard voldoen nie.

Dit moet egter nooit vergeet word dat die nakoming van standarde afhanklik is van sekere voorwaardes soos byvoorbeeld voldoende fondse, bekwame personeel, doeltreffende geboue, gesonde organisasie en flink diens. Geeneen van hierdie oogmerke kan doeltreffend ten uitvoer gebring word as die biblioteek se finansiële vermoë nie op standaard is nie.

(b) Evaluering

Evaluering vind plaas as die biblioteek homself toets aan die vereistes van 'n bepaalde standaard. Die bibliotekaris poog dus om vas te stel in hoeverre hy aan die vereiste standarde voldoen het. Soos hierbo gestel, sal die waarde van so 'n evaluasie afhang van die betrokkenheid van die hele universiteit en nie net van die biblioteek alleen nie.

Evaluering vind plaas na voltooiing van 'n spesifieke taak. Dit is 'n meting, of 'n waardebeoordeling van dit wat gedoen is. Kontrole word gedoen gedurende die proses met die oog op regstelling; evaluering vind plaas na voltooiing van dié proses met die oog op die meting van die hoeveelheid en gehalte van werk. Soos Paul Howard dit sien:

"Evaluating seeks to measure library accomplishments in comparison with library objectives and to determine the efficiency and

effectiveness of specific items and procedures in the library's program."¹⁾

Evaluering kan op tweërlei wyse geskied, naamlik deur middel van ondersoek of deur middel van verslaggewing. Eersgenoemde, naamlik ondersoek of opname word gewoonlik gedoen deur persone wat nie noodwendig aan die biblioteek verbonde is nie. Dit moet egter persone wees wat 'n grondige kennis van die biblioteek en sy aktiwiteite het en wat in staat is om 'n onpartydige oordeel oor die aangeleenthede te kan vel. Vir die biblioteek kan dit veral voordele inhou as dit gedoen word deur mense wat 'n gesagsposisie beklee, en wie se uitspraak gewig dra.

So 'n ondersoek kan byvoorbeeld daarop gemik wees om vas te stel wat die omvang is van die opvoedkundige vereistes van die universiteit, en in hoeverre die biblioteek in die vereiste kan voorsien, of hoe die dienste verbeter of uitgebrei kan word. Vanselfsprekend sal so 'n ondersoek nie deur een persoon alleen gedoen kan word nie.

Evaluering kan ook deur middel van verslaggewing geskied, naamlik waar daar voortdurend verslag gedoen word van die werksaamhede van die biblioteek. Dit vorm eintlik deel van die normale biblioteekroetine, en word gedoen deur persone wat ten volle op hoogte is met die verskillende prosesse in die

1. Howard, P., op. cit., p. 340.

biblioteek, en wat met die nodige insig en perspektief daarvoor verslag kan doen. Die evaluering word in hierdie geval meestal deur die bibliotekaris self gedoen.

(c) Korrektiewe stappe

Dit is een van die finale stappe in die beheerproses, en is daarop gemik om gebreke en ongerymdhede uit die weg te ruim. Dit is iets wat net deur persone wat in beheerposisies is, uitgevoer kan word, dus persone wat oor die nodige gesag beskik om opdragte te gee en wysigings aan te bring.

Dit is noodsaaklik dat diegene wat hiermee belas is, volkome op hoogte is met die proses, die standarde en presies weet waarom 'n verandering of verbetering verlang word, en wat daarbenewens in staat is om die volle verantwoordelikheid vir die beoogde verandering te aanvaar. Sulke stappe is altyd makliker uitvoerbaar as hoofde die vertroue van ondergeskiktes geniet. Dit is verder ewe belangrik dat die redes vir die verandering verstaan en begryp word deur diegene wat dit moet uitvoer. Dan alleen kan samewerking verwag word.

Een baie belangrike aspek wat in hierdie opsig nooit uit die oog verloor moet word nie, is die menslike aspek. Om foute of gebreke aan te toon, is miskien nie so 'n groot probleem nie, maar om mense te oorreed om dit uit die weg te ruim, eis insig, oorleg en oortuiging. Dit is veral moeilik waar dit gaan om die persoon self of sy werk. In

hierdie opsig moet daar volkome eerlike kommunikasie tussen werkgewer en werknemer wees. Enige misverstande moet onmiddellik uit die weg geruim word. Daar moet egter rekening gehou word met die persoonlikheid, vermoë en bekwaamheid van die werknemer self ten einde te kan bepaal of hy in staat is om te kan verbeter of hervorm. Daar moet ook met insig en verstand geoordeel kan word of dit raad en leiding is wat nodig is, of miskien vermaning of selfs dreigement in uiterste gevalle. Wat ookal die optrede, dit moet in absolute regverdigheid en sonder vooroordeel geskied.

Dit is voorts nodig dat enige korrektiewe optrede met belangstellende aandag opgevolg en dopgehou word. Indien die beoogde resultaat nie verkry word nie, moet daar sonder versuim opgetree word.

Dit is absoluut noodsaaklik dat hoofde besef dat hulle ook mense is wat foute kan maak en daarom is die beste pad die van onderhandeling en openhartige samespreking. Mense moet besef waarom die stap nodig is, en dat die verlangde resultate van hul samewerking afhanklik is en ook in hul eie belang is. Baie onnodige kritiek kan uitgeskakel word as mense presies weet waar die fout lê en wat nodig is om dit uit te skakel.

Miskien een van die moeilike vereistes is dat hoofde bereid moet wees om te erken en betyds te

besef as hulle verkeerd opgetree het. Niks is meer skadelik as om in eiegeregtigheid te volhard op 'n verkeerde weg nie. Dit is geen probleem om wysigings aan te bring as daar van die begin af 'n weg van openhartige samewerking gevolg is nie.

Laaste maar nie die minste nie, moet werkers nie van alle inisiatief ontnem word nie. Hulle moet nie in alle opsigte voorgeskryf en geregimenteer word nie, maar moet die beoogde resultate as 'n uitdaging sien wat die moeite werd is om voor te werk en op te offer.

d. Beplanning

Professor Reynders omskryf beplanning as

"daardie deel van die taak van leiding gee wat vooruit bepaal wat 'n groep of 'n individu tot stand moet bring en hoe opgetree moet word om dit te verwesenlik."1)

E.C. Bolton vat dit passend saam as hy sê:

"Planning is the orderly means used by an organization to establish effective control over its own future."2)

Dit gaan by beplanning dus om 'n uitstippeling van die pad wat gevolg moet word, en 'n uiteensetting van die metodes wat aengewend moet word om die biblioteek aan sy doel te laat beantwoord.

Dat bepaalde oogmerke bereik sal word, is nooit vanselfsprekend nie. Biblioteke is by uitstek onderhewig aan 'n voortdurende proses van vooruitgang en ontwikkeling, en beplanning is een van die primêre verantwoordelikhede van die biblio-

-
1. Reynders, H.J.J., op. cit., p. 75.
 2. Bolton, E.C.: Response of university library management to changing modes of university governance and control. College and research libraries, vol. 33, no. 4, July 1972, p. 309.

teek. Dit beteken dat beplanning sover dit die biblioteek aangaan ook 'n voortdurende proses is. Die hele biblioteekproses moet gedurig bestudeer en ge-evalueer word in die lig van beslissings wat reeds geneem is om te sien of alles nog volgens plan verloop, en of die beoogde resultate wel verkry word. Beplanning is dus veel meer as om informasie te analiseer of ideale te visualiseer. Dit is albei hierdie aspekte saam met een doel voor oë, naamlik die neem van positiewe besluite betreffende die weg wat gevolg moet word, wat die belangrikheid van beplanning aandui.

Beplanning behels die volgende aktiwiteite:

(i) Vooruitskatting

Dit is die verantwoordelikheid van die bibliotekaris, en die hoofde van departemente. Dit gaan hier om 'n bepaling van toekomsverwagtinge en die probleme wat daaromheen mag opduik. Dit kom eintlik neer op 'n voorstelling van die toekoms van die biblioteek.

(ii) Die stel van doelwitte

Die oogmerke van die biblioteek moet duidelik omlyn wees. Elkeen in die biblioteek moet weet waarna gestreef word, en wat die doel en funksies van die biblioteek is. Daar kan van niemand verwag word om hom te beywer vir 'n saak waarvan die eindresultaat vir hom duister is nie.

(iii) Programmering

Hier gaan dit om die bepaling van die stappe wat

gevolg moet word om 'n vooropgestelde doel te bereik. Dit gaan nie net om die weg wat gevolg moet word nie, maar ook die volgorde van die verskillende stappe op daardie weg. Vanselfsprekend sal die bibliotekaris die voor- en nadele van elke stap deeglik moet oordink en 'n waardebeoordeling van elkeen vorm. Daar moet doelgerig oor elke stap geoordeel word sodat die risiko vir verkeerde optrede tot 'n minimum beperk word.

(iv) Skedulering

Werk moet volgens 'n bepaalde skedule verrig word en daar moet 'n tydsbeperking opgestel word waarbinne elke stap ten uitvoer gebring moet word. Dit is noodsaaklik met die oog op die koördinasie van die hele proses in die biblioteek. As een deel van die proses vertraag word, kan dit die hele proses benadeel en die oogmerke van die biblioteek verongeluk.

(v) Begroting

Dit is 'n uiters belangrike aspek. Dit is tevens een van die beslissende faktore in die beplanningsproses. In geen onderneming van watter aard ookal kan daar met geld onverskillig gewerk word nie, en die bibliotekaris wat 'n gebrek aan hierdie vermoë toon, sal helaas ook nie die ideale van sy biblioteek verwesenlik sien nie. Die bibliotekaris moet vooraf weet hoe hy die oogmerke van sy biblioteek kan bereik deur middel van die beskikbare fondse. Dit is die een terrein waar daar werklik

besin moet word voordat daar begin word. Daar is geen korrektiewe stappe moontlik as fondse uitgeput is nie. As dit die verantwoordelikheid van die bibliotekaris is om vooraf 'n begroting op te stel van die behoeftes van die biblioteek, dan moet dit met groot omsigtigheid geskied, en met groot sorg moet daar dan binne die perke van die begroting gebly word.

(vi) Bepaling van prosedures

Hier gaan dit om die uitvoering van ooreenstemmende take volgens 'n neergelegde patroon. As dieselfde taak in die onderskeie afdelings van die biblioteek op verskillende wyses gedoen word, kan dit nadelig inwerk op die eindresultaat. Daar behoort gestandaardiseerde metodes van optrede te wees sover dit die take van elke afdeling aangaan.

(vii) Die vorming van beleid

Louis Allen omskryf die ontwikkeling van beleid as

"the work a manager performs to develop and interpret standing decisions that apply to repetitive questions and problems of significance to the enterprise as a whole."¹⁾

Die doel waarvoor enige onderneming tot stand gebring word, word weerspieël in sy beleid, en die beleid dien as gids vir die bestuur by die neem van besluite waardeur doelstellinge verwesenlik kan word.

1. Allen, L.A., op. cit., p. 154.

Beleid word geformuleer wanneer die onderneming tot stand kom, of geherformuleer wanneer veranderings nodig geag word. Dit raak die funksie van elke afdeling maar is in 'n sekere sin ook 'n oorkoepeling van al die funksies van die onderneming. So word daar byvoorbeeld gepraat van 'n breë beleid wat op die hele onderneming betrekking het, en 'n ondergeskikte beleid wat op afdelings betrekking het.

As beleid eenmaal geformuleer is moet dit nie te maklik gewysig word nie, maar dit moet ook nie onaantasbaar wees as verandering wel nodig geword het nie. Die omstandighede van enige onderneming kan van tyd tot tyd wissel.

Soos enige onderneming is die universiteitsbibliotheek ook afhanklik van 'n vooruitbeplande gedragslyn, of 'n beleidsformulering wat die pad moet uitstippel waardeur die doel en funksie van die biblioteek ten uitvoer gebring kan word. Dit is 'n rigtingwyser waardeur optredes en handeling bepaal word.

'n Gesonde beleid het 'n positiewe uitwerking op die doelgerigtheid van die biblioteek en verseker 'n eenheid van optrede by personeel omdat doelstellinge vir almal duidelik is.

Die bibliotekaris moet duidelik onderskei tussen kort- en langtermynbeplanning. In eersgenoemde geval gaan dit om die onmiddellike behoeftes van die biblioteek en hoe daarin voorsien moet word. By langtermynbeplan-

ning gaan dit om die bereiking van doelwitte wat die biblioteek in sy geheel aan sy doel kan laat beantwoord, wanneer toegesien word

"that policies adopted are in harmony with basic objectives."¹⁾

e. Organisasie

Organisasie is nie 'n doel opsigself nie. Dit moet rondom die oogmerke van die onderneming gebou word en kom in hoofsaak daarop neer dat aktiwiteite volgens eie aard gegroepeer word, sodat orde, sisteem en doel as 'n gesamentlike poging aangewend kan word ter bereiking van bepaalde oogmerke.²⁾

R.F.M. Immelman beskryf organisasie as

"the establishment of the formal structure of authority through which work sub-divisions are arranged, defined and co-ordinated for the defined objective."³⁾

Waar twee of meer mense hul beywer vir 'n gemeenskaplike doel, is organisasie 'n noodwendigheid. Dit is 'n vereiste vir doelmatige samewerking, en behels 'n koördinasie van alle faktore wat bydra om 'n bepaalde doel te bereik.

Sover dit die biblioteek aangaan, is organisasie in die eerste plek daarop gerig om te bepaal hoe dat gelyksoortige

-
1. Stone, E., op. cit., p. 36.
 2. Mumford, L.Q. & Rogers, R.D.: Library administration in its current development. Library trends, vol. 7, no. 3, January 1959, p. 359.
 3. Immelman, R.F.M.: The foundations of library management; organization from the administrative angle, p. 23.

take in die biblioteek gegroeper moet word, tweedens wie vir die verskillende take verantwoordelik gehou word, en derdens die aard van verwantskap wat tussen die verskillende afdelings en werkers sal bestaan.

(i) Departementering

Departementering is een van die belangrikste eienskappe van organisasie. Dit gebeur wanneer aktiwiteite in beheerbare afdelings gegroeper word sodat dit moontlik is vir een hoof om daarvoor goed toesig te hou en dit effektief te beheer.

Die eerste stap by departementering is dat 'n ontleding gemaak moet word van al die take wat nodig is om 'n sekere doel te bereik, en dat homogene take dan sover moontlik in een afdeling saamgegroepeer word. Slegs take wat werklik 'n bydrae lewer tot die bereiking van die uiteindelijke doel word hier in aanmerking geneem.

Verder moet daar ag gegee word op die wyse waarop die afdeling werk om seker te maak dat verdeelde beheer uitgeskakel word, en dat die spanwydte van beheer nie té groot is nie. 'n Laaste vereiste is dat sodra die afdelingstaak behoorlik onderskei en omskryf is, alle personeel daarvan kennis moet neem sodat enige onsekerheid uit die weg geruim word.

Dit is wenslik dat departementering langs funksionele lyne georganiseer word sodat verskillende funksies selfstandig bly onder eie bevel, onderhewig aan die hoofleier.¹⁾

1. Reynders, H.J.J., op. cit., p. 161.

Dit hou die voordeel van differensiasie in, en lei tot doeltreffende samewerking as mense met dieselfde agtergrond verwante take verrig. By die klein biblioteek is departementering nie nodig nie, want al die bedrywig= hede kan desnoods deur die bibliotekaris self waargeneem word, maar namate die biblioteek groei neem interne differensiasie en spesialisasie in omvang toe, en ontstaan die behoefte aan afsonderlike afdelings waar bedrywig= hede volgens aard gegroeper kan word, met die oog op groter doelmatigheid.

In die universiteitsbiblioteek volg hierdie departementering min of meer 'n logiese patroon. In die algemeen word aktiwiteite gegroeper in 'n paar hoofgroepe byvoorbeeld administratief, ontsluiting, beskikbaarstelling, tegniese dienste en takbiblioteke.

Elke hoofdepartement vertoon op sy beurt sekere eienskappe, naamlik:

- (a) Dit vorm 'n onmisbare deel van die aktiwiteite waardeur die doel van die biblioteek bereik kan word.
- (b) Dit behels 'n sekere aantal persone wat as 'n gespesialiseerde groep hul kragte en talente aanwend ter bereiking van 'n bepaalde doel.
- (c) Elke aktiwiteit word uitgevoer in belang van die gebruikers en hul gespesialiseerde behoeftes byvoorbeeld ten opsigte van dosente, studente of navorsers.

Vir gesonde funksionering van die biblioteek, is departementele onderverdeling 'n vereiste, maar dit is noodsaaklik dat afdelings en onderafdelings in sy organisatoriese verdeling 'n piramiedvormige verwantskap met die universiteitsbibliotekaris vorm.

Alhoewel elke departement of sub-departement funksioneel outonoom is, is hulle in hul onderlinge verwantskap tot mekaar basies tot 'n eenheid saamgesnoer ter bereiking van die doel en funksie van die biblioteek as geheel.

Die volgende faktore sal in 'n universiteitsbiblioteek 'n wesenlike invloed op departementering uitoefen:

- (a) Aard van diens wat gelewer moet word (byvoorbeeld voorgraadse of nagraadse studente, dosente, navorsers, ensovoorts).
- (b) Vorm van materiaal (byvoorbeeld boeke, tydskrifte, audiovisuele materiaal, ensovoorts).
- (c) Vakgebiede (byvoorbeeld geesteswetenskappe, suiwer wetenskappe, musiek, medies, ensovoorts).
- (d) Volgens funksie (byvoorbeeld katalogisering, klassifikasie, naslaan, ensovoorts).
- (e) Geografiese verspreiding (byvoorbeeld hoofbiblioteek, departementele biblioteke, ensovoorts).

Departementalisasie is nie moontlik sonder dat gesag en verantwoordelikhede gedelegeer word nie. Dit bly 'n noodsaaklike vereiste dat die lyne van kommunika-

sie, gesag en verantwoordelikhede vertikaal sowel as horisontaal duidelik moet wees en te alle tye erken word ten einde wrywing en oorvleueling van aktiwiteite te voorkom. Dit is noodsaaklik dat die verskillende take in die biblioteek geïdentifiseer en gegroepeer word in die spesifieke afdeling of onderafdeling waar dit tuishoort.

Die hoof van elke afdeling moet oor die vryheid van optrede binne die perke van sy bevoegdhede en verantwoordelikhede beskik.

Waar magte en pligte gedelegeer word is goeie samewerking 'n vereiste. 'n Samewerking wat gerugsteun word deur 'n onderlinge vertrouwe en lojaliteit wat deur hoof, onderhoof en werker gehandhaaf word, en wat berus op 'n eerlike strewe om die belange van elke personeellid in ag te neem.

K.A. Stockham het gesê dat 'n lewendige biblioteek gekenmerk word deur veranderings en wysigings met die oog op beter en flinker diens, en dat personeel aangemoedig moet word om met aanbevelings vorendag te kom wat op beter doeltreffendheid gerig is, maar dat hul ook vry moet wees om konstruktief te kritiseer as dit nodig is.¹⁾

Vanselfsprekend is so iets net moontlik waar 'n hoof aktief in sy personeel en hul werk belangstel, en op sy beurt hul volle vertrouwe en ondersteuning geniet. Alhoewel die universiteitsbibliotekaris verantwoordelik

1. Stockham, K.A.: The government and control of libraries, p. 33.

bly vir die finale beslissings, moet hy ten nouste saamwerk met afdelingshoofde en senior bibliotekarisse aan wie magte en pligte gedelegeer is. Hy moet inspireer en lei, vermaan en onderrig, dog nooit vergeet dat hy in die laaste instansie soos iemand by geleentheid dit uitgedruk het, verantwoordelik bly

"for fortune and failure, from top to bottom of the organization."

(ii) Personeeladministrasie

Oor hierdie aangeleentheid sê professor E.B. Flipppo:

"The personnel function is concerned with the procurement, development, compensation, integration and maintenance of the personnel of an organization for the purpose of contributing toward the accomplishment of that organization's major goals or objectives. Therefore, personnel management is the planning, organizing, directing and controlling of the performance of those operative functions."¹⁾

Soos in die besigheidswêreld is ook die biblioteek vir sy doeltreffende voortbestaan afhanklik van sy personeel. Die bekwaamheid en toewyding van personeel bepaal die sukses van die biblioteek, en daar mag nooit uit die oog verloor word dat die beste resultate slegs bereik kan word met 'n tevrede personeel waar goeie onderlinge samewerking 'n vanselfsprekendheid is, in die volle besef dat

"The library is the common responsibility of

1. Flipppo, E.B.: Principles of personnel management, p. 4.

all and not that of a few individual staff members."1)

Die biblioteek is daar om diens te lewer en sodra die omvang van die dienste bepaal is moet die personeel so georganiseer word, en hul kragte so aangewend word dat die maksimum resultate bereik kan word.

In die biblioteek soos in enige ander organisasie behoort daar 'n deeglike werkanalise gemaak te word, sodat die beskikbare personeel daarby aangepas kan word. Dit is noodsaaklik dat elke personeellid van 'n duidelike pligstaat voorsien word, en dat daar verseker word dat hy die inhoud daarvan ten volle begryp. Vir dié doel dan moet elke taak duidelik omskryf word, sodat personeel presies weet wat hulle moet doen en hoe hulle dit moet doen. Soos Stockham dit uitdruk:

"The purpose of sound staff management can be defined as ensuring that everyone in the library, the staff at every level knows beyond question who serves whom, who instructs whom, and who does what."2)

Die doeltreffendheid van 'n biblioteek hang van die hele personeel af, en elkeen moet bewus wees daarvan dat hy of sy 'n persoonlike aandeel het in die sukses van die biblioteek. Daarom moet die doel en funksies van die biblioteek by almal bekend wees. Vir elkeen

-
1. De Vleeschauer, H.J.: The librarian and the library authority. Mouaion, no. 49, p. 121.
 2. Stockham, K.A., op. cit., p. 53.

moet dit 'n saak van erns en trots wees, en hulle moet die vrymoedigheid hê om aanbevelings te maak ter verbetering van die diens of om konstruktief te kritiseer wanneer nodig. Hoofde moet in elkeen se taak geïnteresseerd wees en weet wat elkeen doen, sodat hulle die agtergrond van elke aanbeveling kan ken, en weet wat dit behels.

Personeel is 'n duur item op die begroting van elke biblioteek, en daarom moet hulle so produktief as moontlik gebruik word. Dit is noodsaaklik dat personeel behoorlik opgelei en ingelei word in die werk wat hulle moet doen, en in hierdie opsig kan die waarde van deeglike indiensopleiding nooit genoeg beklemtoon word nie.

Die volgende aspekte behoort besondere aandag te geniet:

(a) Evaluasie van personeel

Personeel behoort ten opsigte van spesifieke take beoordeel te word, en nie noodwendig ten opsigte van 'n veelheid van take nie. Dit is net so dat die aanpasbaarheid en persoonlike voorkeure van mense grootliks verskil. Die taak waaruit die een groot genoegdoening put, mag die ander grootliks frustreer of selfs irriteer. Sinvolle evaluering is slegs moontlik as personeel geplaas is waar hul 'n maksimum bydrae kan lewer.

Biblioteekpersoneel moet behoorlik opgewasse wees vir hul taak, en dit met toewyding en trots

verrig. Die moraal van professionele en nie-professionele personeel moet hoog wees. Niemand in die biblioteekprofessie hoef minder belangrik of minderwaardig te voel nie, tewens, biblioteekpersoneel moet hulself onderskei op alle vlakke van die samelewing en 'n beeld uitdra wat die belangrikheid van hul professie beklemtoon.

(b) Oriëntering van personeel

Elkeen wat tot die diens toetree moet in die eerste plek kennis maak met die doel en funksies van die biblioteek, en weet welke aandeel hy presies in daardie opsig het. In die universiteitsbiblioteek val die klem in die eerste plek op die opvoedkundige funksie van die biblioteek en gevolglik die verantwoordelikheid van personeel ten opsigte van die hulp en leiding aan studente en ander gebruikers. Personeel wat nie in staat blyk te wees om hiertoe 'n bydrae te lewer nie, kan nouliks in die geledere van die universiteitsbiblioteek opgeneem word.

Hier, meer as in enige ander biblioteek, moet personeel hul verantwoordelikheid besef en bereid wees om dit ten volle te aanvaar en suksesvol uit te voer. Daar moet toegesien word dat elkeen behoorlik in sy taak ingelei word, en veral dat hy behoorlik daarin pas.

(c) Die status van personeel

Vir die suksesvolle uitvoering van sy taak is dit vir die universiteitsbiblioteek van belang dat sy professionele personeel dieselfde status geniet as die akademiese personeel. Die onderrig waarmee die dosent in die klaskamer besig is moet in die biblioteek voortgesit en afgerond word, en diegene wat die student in dié opsig in die biblioteek moet bystaan en leiding gee, moet in die oë van die student nie minder belangrik geag word nie. Vanselfsprekend plaas dit 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die biblioteekpersoneel. Diegene wat behoorlik onderleg en ten volle opgewasse is vir hul taak sal die agting en respek van studente geniet.

(d) Indiensopleiding van personeel

Hieraan moet besondere aandag gegee word, want om te verwag dat mense na voltooiing van hul opleiding onmiddellik in staat behoort te wees om die taak waarvoor hul opgelei is suksesvol uit te voer, is van alle realiteit ontbloot. Die opleiding word eers afgerond wanneer teorie en praktyk bymekaar gebring word en juis in daardie stadium is geïnspireerde en begripvolle hulp en leiding 'n vereiste. Tewens, dit is van soveel belang dat dit beslissend kan wees vir die wen of verloor van 'n rekrut vir die professie.

Die potensiaal van menige werker kom eers werklik tot uiting onder die simpatieke en bekwame leiding van hoofde en seniors wat met indiensopleiding gemoeid is. Dit geld nie net vir die jong rekrute nie, maar ook vir die nuweling wat tot die diens van 'n bepaalde biblioteek toetree.

Vir die ervare persoon gaan 'n verwisseling van werk meestal met min ontwrigting gepaard, en is dit meer 'n kwessie van hulself op hoogte stel met nuwe werkwyses of benaderings. Minder ervare werkers daarenteen moet met insig en begrip in die nuwe werkkring ingelei en opgelei word.

Indiensopleiding is iets wat vir 'n mens se leeftyd geld en 'n mens word nooit te oud om te leer nie. Cyril Houle vat dit goed saam in die volgende uitlating:

"Every profession, it would seem, must be concerned with the education which occurs during the total lifespan of its members; preservice training is only the first stage of this process. The lengthened line of learning covers fifty years, not just one to ten."¹⁾

By die vele aspekte wat ter sprake kom by doeltreffende indiensopleiding gaan dit basies om twee oorheersende eienskappe, naamlik:

Diegene wat in staat is om ander te leer; en
Diegene wat in staat is om van ander te leer.

1. Houle, C.D.: The role of continuing education in current professional development. American library association. Bulletin, vol.61, no. 3, March 1967, p. 260.

Sonder hierdie eienskappe sal daar van indiens=opleiding hoe goed bedoel of beplan ookal niks tereg kom nie.

(iii) Die skep van 'n organisasiestruktuur

Dit beteken die groepering van soortgelyke werk, of soos ook gestel kan word, die ordening van handeling binne die biblioteek. Naas die groepering van werk, gee dit ook 'n aanduiding van die gesag en verantwoordelikheid van elke lid van die personeel.

Om werk effektief te doen moet 'n mens presies weet hoe om dit te doen. As dit om 'n enkele taak gaan, is dit geen probleem nie, maar as 'n verskeidenheid take verrig moet word, om een gesamentlike doel te bereik dan is 'n organisasiestruktuur 'n vereiste.

Die eerste vereiste vir 'n organisasiestruktuur is dat dit handeling moet groepeer en koördineer sodat dit in volgorde van belangrikheid verrig kan word deur diegene wat daarvoor afgesonder is. Dit sal verhoed dat take verrig word deur persone wat nie daartoe bevoeg is of daarvoor verantwoordelik is nie. Dit sal ook die plek en gesag van elke werker in organisatoriese verband duidelik aandui.

Die groepering van aktiwiteite is egter nie altyd so voor die hand liggend nie, en vereis van hoofde besondere kennis en insig. Dit is so dat die sukses wat hoofde in die opsig sal hê, sal afhang van hulle persoonlike kennis van die take wat onder hul toesig verrig

moet word. Dit is goed dat die beheer wat deur hoofde en senior personeel uitgeoefen word nie te beperk sal wees nie, maar aan die ander kant is dit ook goed dat vertikale organisasie nie oordoene word nie, aangesien dit hoofde te ver verwyder van diegene wat die werk op die produksievlak moet verrig.

Wanneer take gegroepeer moet word, moet die volgende faktore in ag geneem word, naamlik die tyd wat nodig is om elke taak uit te voer, die metode of werkwyse waardeur dit uitgevoer word, die voorwaardes waaronder dit uitgevoer word, die mate van bekwaamheid wat vereis word om dit uit te voer, en ten slotte die belangrikheid van die taak vir die biblioteek as geheel. Met inagneming van hierdie aspekte kan die belangrikheid van 'n taak bepaal word en 'n regmatige plek in die organisasiestruktuur daaraan toegeken word.

Dit kom dus daarop neer dat elke taak onder die soeklig geplaas word en die waarde daarvan in belang van die biblioteek as geheel oorweeg word. Hierdeur kan dan ook bepaal word of 'n bepaalde funksie noodsaaklik is, en indien wel of die uitvoering daarvan miskien verbeter kan word. Voorts dan ook of dit op die regte plek binne die organisasiestruktuur geplaas is, en of dit miskien elders beter tuisgebring kan word waar dit moontlik 'n nuttiger bydrae kan lewer.

Langs hierdie weg sal 'n lys van biblioteekaktiwiteite opgestel kan word wat nodig is om die doelstellings van die biblioteek ten uitvoer te bring, en nadat dit

gegroepeer is in volgorde van gelangrikheid en gelyksoortigheid sal personeel effektief geplaas kan word. Die volgende organisasiestelsels kan in biblioteke toegepas word:

(a) Die lynorganisasie (Sien Bylaag I)

Dit is een van die oudste organisasievorms en bestaan daaruit dat werk van bo af in afdelings en onderafdelings verdeel word elk met sy eie hoof aan wie gesag en verantwoordelikheid gedelegeer word. Elke afdeling beskik oor sy eie hoof wat op sy beurt aan hoër gesag onderworpe is. Dit kom neer op 'n direkte lyn van gesag van bo na onder, byvoorbeeld universiteitsbibliotekaris, adjunkte, departementshoofde en afdelingshoofde. In hierdie geval dan 'n vertikale lyn, gedelegeer van bo na onder, maar ook horisontaal tussen leiers op dieselfde vlakke.

In so 'n organisasie is dit noodsaaklik dat opdragte aan ondergeskiktes slegs deur die onmiddellike hoof gegee word, en geen skakel in die lyn van kommunikasie en gesag mag oorgeslaan word nie. Daarbenewens is net een persoon vir die opdragte verantwoordelik wat aan 'n bepaalde groep mense gegee kan word.

Die voordele van so 'n lynorganisasie is dat dit eenvoudig is en dat die werking daarvan maklik begryp word. Elke werker het net één direkte hoof, en elke hoof kan net aan sy eie groep ondergeskiktes

bevele gee. Tog is samevattende toesig oor al die elemente van die uitvoering moontlik omdat elke onderdeel en ook die hele organisasie uiteindelik onder die bestuur van slegs een persoon staan.¹⁾

Vir die universiteitsbibliotekaris hou dit die voordeel in dat dit sy direkte beheer grootliks verminder. In stede van 'n groot aantal afdelingshoofde wat aan hom verslag doen, is dit beperk tot 'n paar departementshoofde. Hy het dus meer tyd beskikbaar vir sake soos beplanning, uitbouing van dienste, skakeling met dosente en studente, en onderhandelinge met owerhede.

Die sukses van so 'n stelsel rus egter op die skouers van bekwame hoofde wat behoorlik leiding kan gee en wat in staat is om werksaamhede te organiseer, te koördineer en te inisieer.

(b) Die lyn- en staforganisasie (Sien Bylaag II)

Namate die onderneming groei, vind bibliotekaris en departementshoofde in toenemende mate dat hulle ten spyte van die delegering van gesag nie aandag aan alle aspekte van hul taak kan gee nie, en ontstaan daar die behoefte aan 'n hulpdiens wat in een of ander gespesialiseerde behoefte moet

1. Viljoen, A.J.: 'n Fundering van die interne organisasie van die universiteitsbiblioteek op teoretiese grondslae. M.-verhandeling, p. 56.

voorsien.

'n Goeie voorbeeld van die aard van so 'n diens word deur Ernest Dale aangehaal uit 'n verslag van General Motors in 1921 waar hierdie funksie as volg opgesom word:

"To advise the chief executive ... concerning the problems of technical and commercial nature which are themselves so broad and require so much study as to be outside the scope of a single operation and which will be, when developed, of importance in the guidance of all operations."¹)

Dit is die taak van hierdie mense om hoofde van deskundige advies te voorsien betreffende die uitvoering van een of ander funksie. In die biblioteek is sodanige hulpdienste menigmaal 'n noodsaaklike vereiste, veral namate die werkzaamhede van die biblioteek in omvang en gespesialiseerdheid toeneem. By groot biblioteke word hierdie dienste reeds aangetref in die persoon van byvoorbeeld 'n personeelbeampte, rekenmeester, aankoopdeskundige, lesersadviseur en vakspesialiste.

Hierdie dienste het dikwels geen direkte kontak met die gebruikers van die biblioteek nie, maar lewer 'n indirekte diens tot hul voordeel as hul daartoe bydra dat alle afdelings van die biblioteek meer effektief funksioneer.

1. Dale, E.: Management: theory and practice, p. 238.

Van werklike nadele is daar by hierdie tipe van organisasie nie juis sprake nie. Dit het slegs een doel voor oë, naamlik om deskundigheid aan die organisasiesistelsel te verleen wat nouliks langs ander weë bereik kan word.

(c) Funksionele organisasie (Sien Bylaag III)

By funksionele organisasie vind daar 'n skeiding plaas tussen die beplanning en die uitvoering van 'n taak. Dit het sy oorsprong daarin dat in die lynorganisasie daar soms té veel verwag word van hoofde sover dit die uitvoering van 'n veelheid van take betref, en word daar langs hierdie weg gekonsentreer op 'n streng taakverdeling en gespesialiseerde taakvolvoering.

In die biblioteek sal elke taak dus na sy aard verrig word met deskundiges in beheer van elke funksie, byvoorbeeld katalogisering, klassifikasie en naslaandienste. Hierdie deskundiges sal ook gesag oor personeel uitoefen, maar sal op hul beurt weer onder beheer van 'n afdelingshoof staan.

Die voordeel van hierdie stelsel is dat spesialisasie toegepas kan word sover dit die uitvoering van elke afsonderlike taak betref, en dat hoofde nie noodwendig deskundiges op elke afsonderlike terrein hoef te wees nie.

Die nadele van die stelsel daarenteen is dat werkers opdragte van meer as een hoof kan ontvang,

en dat dit 'n gebrek aan koördinasie tot gevolg kan hê as aktiwiteite geskei word wat baie nou aan mekaar verbonde is, maar as 'n gesonde beginsel van onderlinge samewerking gehandhaaf word behoort dié probleme tot 'n minimum beperk te kan word.

f. Koördinasie

Elizabeth Stone sê dat koördinasie as 'n bestuurs=
proses

"refers to the interrelating of all parts of an organization to ensure harmonious operation."¹⁾

Louis Allen laat hom hieroor as volg uit:

"Therefore, we can conclude that coordination is the act of timing, integrating, and unifying by performance some, or all, the work of management."²⁾

Hieruit kan afgelei word dat koördinasie daarop gerig is om 'n bepaalde doel te bereik deur middel van 'n verenigde optrede. Koördinasie is 'n vereiste vir die voortbestaan van elke onderneming omdat dit die samewerking van die onderskeie dele verseker.

Koördinasie is in die eerste plek nie 'n eenmalige handeling nie. Dit is onderhewig aan voortdurende wysigings. In die tweede plek word optredes en handelinge daardeur tot 'n eenheid saamgesnoer, en derdens word 'n gemeenskaplike ondernemingsdoel daardeur verwesenlik.

1. Stone, E., op. cit., p. 55.

2. Allen, L.A.: Professional management, p. 51.

Koördinasie is 'n oorkoepelende bestuursfunksie wat heenstrek oor alle fasette van die bestuursproses soos uiteengesit, naamlik die van leiding, beheer, beplanning en organisasie. Reynders som dit goed op as hy sê

"Koördinasie is 'n draad wat deur die hele onderneming loop en die bestuur moet poog om die belange van werkers, verbruikers, beleggers en die gemeenskap as geheel te integreer. Dit strek dus na binne en na buite."¹⁾

Deur koördinasie word die samewerking van individue verkry met die oog op 'n verenigde optrede sodat die oogmerke van die onderneming bereik kan word. Dit is 'n wesenlike vereiste vir die sukses van enige onderneming, want hierdeur word kragte en optredes gesinchroniseer tot 'n eenheid waardeur 'n gemeenskaplike doel verwesenlik kan word. Koördinasie is die proses wat moet verseker dat die doel en beleid van 'n onderneming eenvormig aanvaar, vertolk en toegepas word sodat optredes eensgesind kan wees.

Namate die onderneming groei neem die taakverdeling toe, en word die eise van koördinasie steeds groter.

Koördinasie word op drie verskillende vlakke aangetref, naamlik op hoë vlak tussen die verskillende funksies, dan tussen hoofde en ondergeskiktes binne 'n bepaalde funksie, en laastens in die laer range tussen mense in verskillende afdelings. Op die eerste vlak gaan dit eintlik om die koördinering van kragte in belang van die hele onderneming, op die tweede vlak om die koördinasie van kragte binne een funksie, en laastens 'n koördinasie wat die daaglikse werk met mekaar in verband bring

1. Reynders, H.J.J., op. cit., p. 112.

en bymekaar moet laat aanpas.

Ook in die biblioteek hang sukses af van die samewerking tussen die verskillende werkkragte. Dit vereis 'n voortdurende aanpassing om te verseker dat alle aktiwiteite en prosedures 'n sinvolle bydrae lewer in belang van die biblioteek as sulks. Die taak van die biblioteek word ten uitvoer gebring deur 'n veelheid van aktiwiteite en die bibliotekaris moet in staat wees om al hierdie aktiwiteite saam te snoer tot 'n eenheid. Elke afdeling moet weet wat om te doen, hoe om dit te doen en wanneer om dit te doen. 'n Oorvleueling van werksaamhede of die nalaat daarvan kan net dien om die biblioteek in die uitvoering van sy taak te strem.

Vir elke proses in die biblioteek behoort 'n bepaalde tyd afgesonder te word. Daar behoort volgens 'n vasgestelde rooster of tydtafel gewerk te word sodat prosesse wat opmekaar volg of bymekaar aansluit nie vertraag word as take nie volgens rooster afgehandel word nie. Sodra 'n tydstudie van 'n bepaalde taak gedoen is behoort die aktiwiteite vir die uitvoering daarvan op elke stadium gekontroleer te word om seker te maak dat werk volgens skedule verrig word, maar ook om te bepaal of mense en middele vir die uitvoering daarvan voldoende is.

Hoe groter die biblioteek word hoe noodsaakliker word die behoefte aan effektiewe koördinasie, want slegs deur 'n eenheid van optrede kan die biblioteek sy taak na behore vervul. Daar moet toegesien word dat werk op alle vlakke van die biblioteekorganisasie gekoördineer word volgens 'n erkende en beproefde patroon. Vir hierdie doel is samewerking wat op goeie onderlinge verhoudinge berus 'n vereiste. Dit gaan gepaard met 'n wedersydse

vertroue in mekaar se optrede en 'n deelname in mekaar se kennis en ervaring, asook die mees effektiewe aanwending van elkeen se vermoëns en kragte.

g. Die belangrikheid van die korrekte toepassing van die bestuursproses in die universiteitsbiblioteek

Geen universiteitsbiblioteek sal sy ware rol in die universitêre opset ten uitvoer kan bring as sy interne organisasie gebreke vertoon nie.

Die probleme waarmee die universiteitsbiblioteek van die toekoms gekonfronteer sal word raak steeds meer gekompliseerd. Die toenemende vraag na gespesialiseerde dienste en gepaardgaande stygende kostes sal universiteitsbibliotekarisse se bestuursvernuf tot die uiterste toe beproef.

Soos die bestuurder van 'n onderneming sal universiteitsbibliotekarisse moet beseft dat praktyke en tegnieke van die verlede miskien drasties gewysig sal moet word om aan die nuwe eise te voldoen. Dit geld in besonder vir die bestuursproses van die biblioteek. Daar sal in ruime mate gesteun moet word op die beginsels van wetenskaplike bestuur soos dit in die bedryf toegepas word, en daarom is daar in die voorafgaande gedeelte aandag gegee aan die bestuursproses en die biblioteek.

Uit 'n organisatoriese oogpunt kan die biblioteek in meer as een opsig met 'n bedryf vergelyk word. Dit ontvang groot hoeveelhede boeke, tydskrifte, pamflette, manuskripte, plate, partiture, films en bande, en onderwerp dit aan sekere prosesse waardeur 'n verskeidenheid van dienste voorsien kan word. Die onderneming op sy beurt ontvang ru-materiaal en onderwerp dit

aan sekere prosesse waardeur sekere artikels vervaardig word, en stel dit weer beskikbaar.

Die voortbestaan van die onderneming is van sy omset afhanklik, en deur middel van besondere bestuursbekwaamhede en tegnieke word die omset en enige wysigings of toevoegings tot die bestuursproses, of die beoogde resultaat, beheer. By die biblioteek is die omset nie 'n produk wat vervaardig word nie, maar bepaalde dienste wat gelewer word.

Die onderneming kan die toevoer van ru-materiaal wat verwerk moet word beheer terwyl die biblioteek genoodsaak word om sover as moontlik tred te hou met die hoeveelheid literatuur wat gepubliseer word. Die omvang van die materiaal en die gekompliseerdheid van die beskikbaarstelling daarvan, noodsaak die biblioteek om die beste gebruik te maak van die middele en mannekrag tot sy beskikking, en hiervoor is 'n doeltreffende organisasieproses 'n vereiste.

In die onderneming is dit verder noodsaaklik dat 'n studie gemaak moet word van die plan en struktuur van verskillende organisasiestelsels en die uitwerking daarvan op die bestuursproses. Sodoende word die gaping oorbrug tussen teorie en praktyk.

By die biblioteek gaan dit om die beskikbaarstelling van kennis, en die hele bestuursproses moet met die oog hierop aangepas word. Die aktiwiteite van die biblioteek mag nie deur 'n tradisionele struktuur belemmer word nie. Universiteitsbibliotekarisse moet 'n baie duidelike beeld van die doelstellings van hul biblioteke kry en toesien dat dit deur 'n aanpasbare organisasiestruktuur verwesenlik word.

Die universiteitsbiblioteek het in die jongste tyd ontwikkel tot 'n omvangryke en ingewikkelde organisasie wat deur professionele bibliotekarisse bestuur word, en wat die mees effektiewe gebruik van menslike, finansiële en fisiese bronne vereis. Dit op sigself stel hoë eise aan die bestuursvernuf.

Die bestuur en administrasie van die biblioteek moet voorsiening maak vir sisteme en prosedures waardeur bestuursfunksies soos leiding, beheer, beplanning, organisasie en koördinasie ten uitvoer gebring kan word.

Hierdie proses sal, indien korrek uitgevoer, verseker dat die bestuur van die biblioteek binne die administratiewe opset van die universiteit, nie onnodige koste en verspilling van kragte en middele meebring nie. Sodoende word die grondslag vir samewerking en 'n harmonieuse naasbestaan verseker.

HOOFSTUK VI

OPSOMMINGS EN AANBEVELINGS

1. OPSOMMING VAN VRAELYS

Deur middel van 'n vraelys is gegewens ingewin van die twaalf Blanke universiteite in Suid-Afrika, en was dit moontlik om 'n oorsig te kry van die benaderings en gebruike wat vir universiteitsbiblioteke in die Republiek geld.

a. Die universiteitsbiblioteek

In die loop van hierdie studie is daarop gewys dat die universiteit sy onderrigtaak nie ten uitvoer kan bring sonder die biblioteek nie, en het dit ook duidelik geword dat die biblioteek nie 'n hulp-instrument is nie, maar die kragbron waaruit die akademiese lewe van die universiteit gevoed word. Dit het ook aan die lig gekom dat biblioteek en fakulteit in doel en strewe so nou aan mekaar verbonde is, dat daar geen twyfel kan bestaan dat hulle in die universitêre struktuur tot dieselfde kategorie tuishoort nie.

In die oortuiging dat so 'n stelling nie net 'n individuele beskouing is nie, maar as 'n algemeen aanvaarde beginsel behoort te geld, was die eerste vrae van die vraelys daarop gemik om te bepaal in hoeverre die beleid by Suid-Afrikaanse universiteite die waarheid van so 'n stelling sal weerspieël.

Met vrae 1. a. en b. van die vraelys is gepoog om vas te stel wat die benadering by die universiteite is ten opsigte van die plasing van die biblioteek in die universitêre opset. Met ander woorde, of die biblioteek deel van die akade=

miese struktuur uitmaak, en of dit as deel van die administratiewe afdeling van die universiteit gereken word.

Die gegewens wat verstrek is, het aan die lig gebring dat die biblioteek in ses gevalle deel is van die akademiese opset van die universiteit, terwyl drie biblioteke hulself klassifiseer as deel van die akademiese en ook van die administratiewe struktuur van die universiteit. Slegs in drie gevalle ressorteer die biblioteek onder die administratiewe afdeling.

Die feit dat 75% van die universiteitsbiblioteke deel uitmaak van die akademiese struktuur van die universiteit is 'n erkenning van die betrokkenheid van die biblioteek by die opvoedkundige program van die universiteit. Dit word met reg betwyfel of die biblioteek as deel van die administratiewe afdeling van die universiteit in staat sal wees om sy akademiese funksie ten uitvoer te bring.

'n Vraag wat ook gevra kan word, is of die gebrek aan 'n positiewe en eenvormige beleid nie 'n element van onverskilligheid of frustrasie kan kweek omdat nie alleen oogmerke en ideale mag verskil nie, maar ook optredes waardeur dit bereik kan word. Dit kan 'n nadelige uitwerking hê op die onderlinge samewerking tussen universiteitsbiblioteke.

Die biblioteek se rol as 'n akademiese komponent van die universiteit kan nooit misken word nie en sy plasing in die universitêre opset behoort hierdie waarheid te bevestig.

b. Die biblioteekkomitee

Die biblioteekkomitee is 'n Senaatskomitee wat met 'n baie belangrike funksie belas is. Dit is die taak van dié komitee

om die universiteitsbibliotekaris met raad en daad by te staan in sy strewe om die biblioteek sy regmatige bydrae te laat lewer in die uitvoering van die taak van die universiteit.

Om egter te kan bepaal of hierdie benadering geldend is vir alle biblioteekkomitees was dit nodig om gegewens betreffende die samestelling, en die doel en funksies van die verskillende komitees te bekom. Vanselfsprekend sou dit grootliks daarvan afhang of die komitees in 'n adviserende of beherende hoedanigheid optree. Die antwoorde op vraag 2. van die vraelys het hierdie gegewens aan die lig gebring.

Die volgende tabel gee 'n aanduiding van die samestelling van die biblioteekkomitee by die verskillende universiteite.

Universiteite	Deur wie saamgestel	Fakulteitsverteening	Rektor	Vise-Rektor	Registrateur	Universiteitsbibliotekaris	Adjunk-Bibliotekaris	Hoof: Dept. Biblioteekkunde	Senior Lektore	Junior Lektore	Studente	Lede van die Raad	Lede van die Senaat
A.	Senaat	x	x			x	x				x		x
B.	"	x	x			x	x	x					x
C.	"	x	x			x							x
D.	"	x	x			x		x	x		x		x
E.	"		x	x		x	x					x	x
F.	"		x	x	x	x	x	x					x
G.	"	x	x	x		x					x		
H.	"	x				x						x	x
I.	Rektor	x			x	x	x	x					x
J.	Senaat		x	x	x	x			x	x	x	x	x
K.	"					x	x						x
L.	Fakulteitsrade	x	x	x		x	x				x		

Op een ná dien die komitee by alle universiteitsbiblioteke in 'n adviserende hoedanigheid. Soos uit bostaande tabel afgelei kan word, word dit in tien gevalle deur die Senaat saamgestel, in een geval deur die Rektor en in een geval deur die fakulteitsrade.

Die feit dat daar by die samestelling van nege komitees gestreef word na fakulteitsverteenvoording bevestig die gedagte wat reeds uitgespreek is dat lede van die komitee verteenwoordigend behoort te wees van verskillende fakulteite.

Dat die Rektor op soveel as nege van die komitees dien, en die Vise-Rektor op vyf, word as uiters gewens beskou, omdat die biblioteek sodoende op hoë vlak in berekening gebring kan word by alle aktiwiteite van die kampus. Ook die feit dat die Registrateur op sommige komitees dien is 'n voorbeeld wat nagevolg kan word. Dit kan veel daartoe bydra dat die probleme van die biblioteek rondom finansies en administrasie beter begryp en duidelik gestel kan word aan die universiteitsraad.

Dit het ook aan die lig gekom dat die pos van universiteitsbibliotekaris in sommige gevalle omskep is tot die van Direkteur van biblioteekdienste. So 'n stap kan begryp word in die lig van die feit dat boekversamelings nie noodwendig meer in een lokaal gehuisves word nie, maar ook in takbiblioteke wat oor die kampus versprei of in verskillende kampusse geleë mag wees.

In hoofstuk V is daar ook gewys op die wenslikheid dat die hoof van die departement Biblioteekkunde op die komitee dien. Dit was insiggewend om te sien dat hierdie gebruik reeds in vier gevalle toegepas word.

Die rede waarom senior en/of junior lektore in twee gevalle op die komitee dien, is nie heeltemal duidelik nie, tensy hul fakulteite nie daarop verteenwoordig word nie. Dat studente in die komitee opgeneem word, kan tot groot nut dien. Op dié wyse kan 'n beter skakeling bewerkstellig word tussen die studentegemeenskap en die biblioteek.

Die feit dat lede van die Raad in drie gevalle op die komitee dien, beklemtoon die belangrikheid van die biblioteekkomitee, en kan besondere voordele vir die biblioteek inhou, veral as die Rektor nie op die komitee verteenwoordig word nie. Dit kan op sy beurt 'n skakeling tussen die komitee en die universiteitsraad teweegbring wat die biblioteek net ten goede kan kom.

Die grootte van die komitees wissel van sewe to soveel as dertig lede. Hieroor word geen besondere menings uitgespreek nie, behalwe as om opnuut te beklemtoon dat doeltreffende funksionering in die reël daaronder ly as komitees té groot is.

Die feit dat die dienstermyn van lede van die komitees wissel van een jaar tot onbepaald, behoort geen nadelige gevolge in te hou nie, mits lede herkiesbaar is ten einde kontinuïteit te bewerkstellig.

Wat die betrokkenheid van die komitee betref by die aanstelling van die universiteitsbibliotekaris is gevind dat die komitee in sewe gevalle medeseggenskap daarby het. Dit word as 'n gesonde beginsel beskou, en behoort te geskied in die vorm van 'n aanbeveling aan die personeelvoorsieningskomitee van die universiteitsraad.

Dieselfde aantal komitees was gemoeid met die aanstelling van ander biblioteekpersoneel, alhoewel vier van die sewe

uitdruklik te kenne gegee het dat dit net vir senior personeel geld, en nie die res van die personeel nie. Dit was nie altyd duidelik wat met senior personeel bedoel word nie, maar oor die algemeen skyn dit te geld vir personeel met die rang van bibliotekaris en hoër. Dat die komitee in drie gevalle skynbaar gemoeid is met die aanstelling van alle biblioteekpersoneel, word as 'n onnodige beslommernis beskou. Dit word geoordeel dat diegene wat nie as senior personeel geklassifiseer word nie op aanbeveling van die universiteitsbibliotekaris en sy adjunkte aangestel behoort te word.

Die aangeleentede waarmee die komitee gemoeid is kan as volg opgesom word:

Universiteite	Beleidsbepaling	Geboue: Beplanning, ensovoorts	Begroting	Personeel	Dienstye	Uitbou van voorraad	Reëls en regulasies	Jaarverslag
A.	x							
B.	x	x	x	x				
C.	x		x		x			
D.	x		x			x		
E.	x	x	x		x	x		
F.	x			x				x
G.	x							
H.		x		x			x	
I.	x						x	
J.	x							
K.	x	x				x	x	x
L.	x							

Dit is duidelik dat die komitee in hoofsaak gemoed is met die beleidsake. Bogenoemde opsomming gee 'n aanduiding van die verskillende take wat spesifiek vermeld is, maar daar kon duidelik uit die antwoorde op die vraelyste afgelei word dat daar nie noodwendig 'n lys verskaf is van al die funksies van die komitees nie, maar dat slegs enkeles aangestip is. 'n Belangrike gevolgtrekking wat wel gemaak kon word, was dat die komitees hul nie bemoei met die interne organisasie en administrasie van die biblioteek nie. Dit is spesifiek in sommige gevalle genoem.

c. Die universiteitsbibliotekaris

Die vrae wat op die universiteitsbibliotekaris betrekking het, was daarop gemik om te bepaal of sy posisie as hoof van so 'n belangrike opvoedkundige instelling die erkenning geniet wat hierdie amp waardig is, en of sy betrokkenheid by die aktiwiteite van die Senaat of komitees van die Raad en Senaat sy aandeel in die akademiese funksie van die universiteit weerspieël.

Die pos van universiteitsbibliotekaris word in alle gevalle geadverteer en aansoeke word as volg behandel vir aanbeveling by die Universiteitsraad.

In vyf gevalle word die aansoek deur 'n keurkomitee van of die Senaat, of die Raad en Senaat, of albei plus lede van die Dagbestuur behandel. In twee gevalle dien die Rektor op die keurkomitee. In een geval word die aansoeke oorweeg deur 'n ad-hoc aanstellingskomitee waarop die Rektor, 'n lid van die Raad en die Voorsitter van die biblioteekkomitee dien. In een geval word die aansoeke deur die biblioteekkomitee oorweeg met die oog

op 'n aanbeveling by die akademiese personeelkomitee, en in 'n ander geval doen die biblioteekkomitee 'n aanbeveling by die aanstellingskomitee van die Raad. By twee biblioteke word die universiteitsbibliotekaris direk deur die Raad aangestel.

Die universiteitsbibliotekaris is in vier gevalle direk verantwoordig verskuldig aan die Rektor, in twee gevalle aan die Vise-Rektor, in een geval aan die Dagbestuur, in drie gevalle aan die Senaat deur die biblioteekkomitee, en in twee gevalle deur die Registrateur aan die Rektor. Die feit dat hier geen eenvormige benadering is nie dui andermaal daarop dat die plek van die universiteitsbibliotekaris in die universitêre struktuur nog nie bo alle twyfel vasgestel is nie. Dit is noodsaaklik dat hierdie onsekere benadering uit die weg geruim word.

By alle universiteite is die salaris van die universiteitsbibliotekaris minstens gelykstaande aan die van 'n professor, maar slegs in drie gevalle is die titel van "professor" toegeken. Dit was insiggewend om te sien dat in een van dié gevalle die salaris selfs hoër is as die van 'n professor, en dat die universiteitsbibliotekaris saam met die Rektor, Vise-Rektor, Registrateurs en die Skakelbestuur een van die hoofamptenare van die betrokke universiteit is. Dat dit getuig van die persoonlike bekwaamheid van die bibliotekaris is seker, maar dit getuig ook daarvan dat die belangrikheid van hierdie pos erken word, en dat 'n regmatige plek sodoende daaraan toegeken word.

In slegs twee gevalle is universiteitsbibliotekarisse ook met klasonderrig gemoed. In een van die gevalle is die universiteitsbibliotekaris ook hoof van die departement Biblioteekkunde, alhoewel daar twyfel uitgespreek is of die reëling in die

toekoms sal bly voortbestaan. Dit dui daarop dat 'n skeiding tussen die biblioteek en die departement skynbaar as die aangewese weg aanvaar word. Die omvang en verantwoordelikheid van dié twee posisies maak dit teweens moeilik om te glo dat dit deur een persoon tegelyk behartig kan word.

Dit blyk verder dat daar slegs twee gevalle is waar die universiteitsbibliotekaris nie lid van die Senaat is nie. Enkele gedagtes oor die nadeel hiervan is in hoofstuk IV paragraaf 5 (f) uitgespreek. In dié twee gevalle dien die universiteitsbibliotekaris ook net op die biblioteekkomitee, terwyl alle ander bibliotekaris se op meer komitees van die Raad of Senaat dien. Die betrokkenheid van die biblioteek by soveel aktiwiteite van die kampus is seker rede genoeg om te beweer dat die universiteitsbibliotekaris nie net by die biblioteekkomitee belang het nie.

2. ENKELE AANBEVELINGS

a. Algemene beleid ten opsigte van die universiteitsbiblioteek

'n Steeds veranderende wêreld met nuwe benaderings en toenemende eise sal ook die universiteitsbiblioteek van die toekoms dwing tot 'n grondige selfondersoek om te bepaal of hy met die veranderde omstandighede tred hou en steeds 'n effektiewe bydrae lewer aan die gemeenskap in wie se diens hy staan.

Die beleid vir die toekoms sal veel meer ontvanklik moet wees vir verandering en vernuwing. Tegnologiese ontwikkeling en nuwe tegnieke bring vir die biblioteek nie net nuwe aspekte waarmee rekening gehou moet word nie, dit bring ook nuwe moontlikhede ten opsigte van die ontsluiting van inligting en die oordrag van kennis.

Dat dit alles geweldige finansiële implikasies inhou is seker, maar die biblioteek sal hiermee in sy beplanning rekening moet hou, en in besonder daarteen waak dat hy nooit so vasgevang word in probleme rondom finansies, geboue en administrasie dat hy uit voeling raak met die fundamentele doel en funksie van die universiteit as sulks nie, want hierin moet ook die doel en funksie van die biblioteek tot verwesenliking kom.

Die biblioteek se bestaansreg is daarin geleë dat hy die werk van die lesingkamer daadwerklik moet aanvul en ondersteun, en dat hy die opvoedingsfunksie van die universiteit moet help ten uitvoer bring.

In die oortuiging dat dit ten beste bereik kan word as die biblioteek deel is van die akademiese opset van die universiteit, word die volgende aanbevelings gedoen:

1. Dat die universiteitsbiblioteek as 'n selfstandige akademiese eenheid onder direkte beheer van die Rektor geplaas word en derhalwe deel uitmaak van die akademiese struktuur van die universiteit.
2. Dat daar vir die universiteitsbiblioteek 'n reglement van orde opgestel word, wat in die statuut van die universiteit opgeneem word.
3. Dat die nodige erkenning gegee word aan die professionele dienste wat in die biblioteek deur opgeleide bibliotekarisse gelewer word, en dat hul status gelykwaardig sal wees aan die van die akademiese personeel.

4. Dat die interne organisasie en administrasie van die biblioteek die volle verantwoordelikheid van die universiteitsbibliotekaris sal wees.
5. Dat die universiteitsbibliotekaris jaarliks 'n begroting van die behoeftes van die biblioteek aan die Raad sal voorlê, en dat die Registrateur (Finansies) sal toesien dat fondse in ooreenstemming met raadsbesluite bestee word.

b. Die biblioteekkomitee

Vir die gesonde funksionering van die biblioteek en sy behoorlike inskakeling by die akademiese program van die universiteit is die biblioteekkomitee 'n basiese vereiste. Die feit dat lede van die komitee grotendeels uit die geledere van die fakulteite kom, het tot gevolg dat die biblioteek in direkte kontak gebring word met die wense en behoeftes van diegene wie se taak die biblioteek moet help ten uitvoer bring. Nie alleen lei dit tot 'n beter begrip vir die probleme van die doserende korps nie, maar dit hou ook die voordeel in dat die probleme van die biblioteek in die regte lig gestel kan word by die fakulteite.

Dit is in belang van die hele universiteit dat die werksaamhede van die biblioteekkomitee die nodige erkenning geniet, omdat die doel en funksies van die universiteit nie ten uitvoer gebring kan word sonder die biblioteek nie.

Die belangrikste funksie van die biblioteekkomitee is om toe te sien dat die beleid van die biblioteek soos deur die Raad en Senaat bepaal ten uitvoer gebring word, en dit word van lede verwag om 'n studie te maak van die biblioteek en sy dienste,

en om die bibliotekaris met raad en leiding by te staan, sodat die biblioteek na behore by die onderrigprogram geïntegreer kan word.

In aansluiting by die gedagtes wat reeds in hoofstuk V uitgespreek is, word die volgende aanbevelings beklemtoon:

1. Dat die biblioteekkomitee 'n adviserende en nie 'n beherende komitee sal wees nie.
2. Dat die taak en funksies van die biblioteekkomitee by wyse van 'n reglement van orde in die statuut van die universiteit opgeneem word.
3. Dat daar by die samestelling van die komitee na fakulteitsverteenwoordiging gestreef sal word.
4. Dat die universiteitsbibliotekaris en die adjunk-universiteitsbibliotekaris ex officio lede van die komitee sal wees.
5. Dat die Rektor of Vise-Rektor op die komitee dien.
6. Dat die hoof van die departement Biblioteekkunde ex officio lid van die komitee sal wees.
7. Dat 'n lid van die studentegemeenskap in die komitee opgeneem word.

c. Die universiteitsbibliotekaris

Die sukses van die universiteitsbiblioteek van die toekoms sal afhanklik wees van 'n logiese, omvattende en aanpasbare plan van aksie, en die universiteitsbibliotekaris sal soveel eerder

'n goeie beplanner as 'n goeie bestuurder moet wees. Hy behoort te dien in die beplanningskomitee van die universiteit waar hy in voeling kan bly met die polsslag van alle aktiwiteite van die kampus, sodat die biblioteek na behore ingelyf kan word by elke faset van die akademiese lewe van die universiteit om sodoende sy ware rol te vervul.

Die bibliotekaris sal heel waarskynlik nie hoof van één sentrale biblioteek wees nie, maar van verskeie biblioteke wat nie net op die kampus van die universiteit geleë is nie, maar miskien ook in ander stede of dorpe. Dit sal meebring dat hy veel eerder die rol van direkteur van biblioteke sal vervul as die van universiteitsbibliotekaris. Hy sal genoodsaak word om af te sien van sy huidige verpligting om belas te wees met die administrasie van die biblioteek.

Dit is die verantwoordelikheid van universiteitsbibliotekaris om hulself nou reeds te vergewis van die aandeel wat hulle behoort te hê, en die rol wat hulle behoort te speel in so 'n veranderde situasie. Hulle moet bereid wees om aktief by hierdie veranderings betrokke te raak en in belang van die biblioteek deeglik van hulself rekenskap te gee.

Verandering sal deel van die lewenspatroon van die universiteitsbiblioteek word en die beleidsbepalings en toekomstbeplanning van bibliotekaris sal in dié gees daarby moet aanpas. Dit bevat 'n element van onsekerheid waarmee bibliotekaris sal moet leer om saam te leef, en om die toekoms met kalme beheersing en ewewigtigheid tegemoet te gaan. Daar kan verwag word dat die druk uit vele oorde sal toeneem, en alhoewel die bibliotekaris vatbaar moet wees vir oortuiging, sal hy in 'n gees van verdraag-

saamheid, maar ook met 'n sin van regverdigheid, aandag moet gee aan die eise van gebruikers, van fakulteite en van die administrasie. Iets wat besondere eienskappe van emosionele stabiliteit en leierskap sal verg.

Om dit vir die universiteitsbibliotekaris moontlik te maak om sy rol na behore te vervul, word as volg aanbeveel:

1. Dat erkenning verleen word aan die dienste van die bibliotekaris as professionele biblioteekkundige en as administrateur wat 'n primêre vereiste is vir die doeltreffende beheer van die biblioteek.
2. Dat die universiteitsbibliotekaris deur die Raad self benoem word.
3. Dat hy teenoor die Rektor verantwoording verskuldig sal wees.
4. Dat professorale status en titel aan universiteitsbibliotekarisse toegeken word.
5. Dat biblioteekpersoneel aangestel word op aanbeveling van die universiteitsbibliotekaris en sy adjunkte.
6. Dat die universiteitsbibliotekaris lid sal wees van die Senaat.

d. Bepanning

Meer as ooit tevore sal die voortbestaan van die universiteitsbiblioteek van deeglike beplanning afhanklik wees. Hierdie aspek is tewens van soveel belang dat dit wenslik is dat 'n spesiale beplanningskomitee uit die geledere van die biblioteekkomitee

met die taak belas word. Indien die universiteitsbibliotekaris nie die tyd sou vind om genoeg aandag aan dié saak te gee nie, behoort 'n senior lid van die personeel vir die doel afgesonder te word.

Enige toekomsbeplanning moet die volgende faktore in ag neem, naamlik:

1. Verwagte uitbreiding van die universiteit en die betrokkenheid van die biblioteek daarby.
2. Toekomsbeplanning van die biblioteek self ter uitbreiding van dienste waardeur oogmerke bereik kan word.
3. Deeglike opname van middele waaroor die biblioteek beskik en 'n beraming van wat benodig word om sodanige program van aksie ten uitvoer te bring.

Dit behoort die beleid van die universiteitsadministrasie te wees om die bibliotekaris op hoogte te hou met enige toekomstige beplanning wat die universiteit mag beoog. Daar is baie goeie rede voor dat die universiteitsbibliotekaris op die beplanningskomitee van die universiteit moet dien. Daar is inderdaad min aktiwiteite op die kampus waarby die biblioteek nie in een of ander opsig betrokke is nie. Met hoeveel probleme het menige universiteit byvoorbeeld nie al te kampe gehad as gevolg van die onoordeelkundige plasing van die biblioteek nie, of weens die feit dat daar nie rekening gehou is met die toekomstige uitbreiding van die gebou nie.

So het die biblioteek belang by enige wysigings of toevoegings tot die leerplan, enige klemverskuiwing ten opsigte van akademiese dissiplines, alle navorsingsprojekte wat beoog word,

die verwagte toename in studentetalle, die aantal voorgraadse en nagraadse studente, en indien moontlik die verhouding tussen dag en aand kursusse wat gevolg sal word. Dit kan die biblioteek groot verleentheid en sy gebruikers groot ongerief spaar as al hierdie aspekte tydig onder die aandag van die bibliotekaris kan kom.

Een van die belangrikste aspekte van beplanning sal daarin geleë wees dat die universiteitsbibliotekaris moet toesien dat die rol van die biblioteek en sy aandeel in die akademiese program van die universiteit baie duidelik uiteengesit en deeglik bekend gestel word. Daar moet by niemand enige twyfel gelaat word oor wat van die biblioteek verwag kan word nie. Dit kan die biblioteek net ten goede kom as nie net die gebruikers nie, maar ook die owerhede en die administrasie van sodanige feite kennis neem. So belangrik is dié aspek, dat die bibliotekaris hierdie gegewens in die vorm van 'n geskrewe stuk beskikbaar behoort te stel.

Dit word daarom baie sterk aanbeveel:

1. Dat die universiteitsbibliotekaris lid sal wees van die beplanningskomitee van die universiteit.
2. Dat daar uit die geledere van die biblioteekkomitee 'n subkomitee benoem word wat spesiale aandag sal gee aan alle aspekte van beplanning waarby die biblioteek betrokke is.

e. Finansies

Dat die universiteitsbiblioteek alles moet voorsien wat vir studie en navorsing nodig is, is makliker gesê as gedaan, en om te beweer dat die universiteitsadministrasie net eenvoudig met die behoeftes van die biblioteek gekonfronteer moet word, is

'n benadering wat van alle realiteit ontbloom is. Toenemende finansiële eise geld nie net vir die biblioteek nie, maar vir die hele kampus en al sy aktiwiteite, en die biblioteek kan nouliks verwag om op meer as sy regmatige aandeel aanspraak te maak.

Nou kom die vraag tog na vore of dit nie tyd geword het dat die biblioteek self iets aan die saak moet probeer doen nie.

In die lig van die reeds hoë koste verbonde aan universitêre opleiding sal dit onredelik wees om 'n lidmaatskapfooi van studente te verwag, maar dit is tog 'n vraag of navorsers en instansies wat nie aan die universiteit verbonde is nie, en tog van die dienste van die biblioteek gebruik wil maak nie as lede toegelaat kan word teen betaling van 'n toepaslike ledegeld nie. Hierdie mense het meestal behoefte aan gespesialiseerde materiaal en die gebruik daarvan sal nie noodwendig ten koste van die universiteitsgemeenskap wees nie.

'n Ander aspek wat oorweeg kan word is dat die biblioteek hom doelbewus beywer om fondse van buite te bekom. Hierteen kan weliswaar beswaar ingebring word in die lig van die reedsbestaande fondsinsamelingsprogramme wat deur universiteite geïnlods word, maar is dit nie tog so dat menige individu of instansie wat nie noodwendig die huidige pogings ondersteun nie, tog bereid sal wees om by te dra as hul weet dat die fondse spesifiek in belang van die biblioteek aangewend word. Die welwillendheid van vele uit die geledere van die Alma Mater is menigmaal spesifiek op die biblioteek gerig wat hom in sy studiejare so getrou bygestaan het.

As daar beswaar ingebring word teen 'n individuele poging van die kant van die biblioteek, kan dit desnoods gekombineer word met die reedsbestaande insamelingsveldtog van die universiteit. Met ander woorde deur dieselfde kanale maar spesifiek in belang van die biblioteek.

Die biblioteek moet hom doelbewus beywer om sy aandeel in belang van die onderwysprogram so bekend te stel en te beklemtoon dat daar geen twyfel by universiteitsowerhede kan bestaan oor die belangrikheid van die biblioteek nie. Hierdie oortuiging moet gedeel word deur die hoof-uitvoerende beamptes van die universiteitsadministrasie. Dit kan veel daartoe bydra dat die versoeke van die universiteitsbibliotekaris die nodige aandag geniet.

Die bibliotekaris sal veel meer bereik as versoeke om addisionele fondse vergesel kan word van 'n behoorlike kostestudie van uitgawes vir die aankoop van biblioteekmateriaal en die noodwendige daling in die aantal wat gekoop kan word. Met so 'n studie kan universiteitsowerhede oortuig word dat versoeke om 'n verhoging van die biblioteektoelaag geregverdig is. Vir die huidige is 'n styging van 15% per jaar byvoorbeeld nouliks voldoende om met die stygende koste tred te hou. Dit is verder noodsaaklik dat owerhede oortuig word dat koste vir die gebruik van 'n rekenaar en deelname aan 'n gerekenariseerde netwerk van inligtingsdienste of selfs die ingebruikneming van gemeganiseerde stelsels hoegenaamd nie uit die normale biblioteektoelaag gedek kan word nie.

Dit word aanbeveel:

1. Dat daadwerklike stappe oorweeg word waardeur die biblioteek in staat gestel kan word om fondse tot sy eie voordeel te bekom.

2. Dat 'n behoorlike ledegeld gevra word van instansies en navorsers van buite wat van die dienste van die biblioteek gebruik wil maak.

f. Vakreferente

Die universiteitsbiblioteek sal as gevolg van finansiële druk al meer probleme ondervind om in die behoeftes van sy gebruikers te voorsien, wat nie alleen in getalle geweldig toeneem nie, maar wie se behoeftes al meer gespesialiseerd en duur raak. Die biblioteek sal gedwing word om die voorraad waaroor hy beskik so intensief as moontlik te benut, en om toe te sien dat aanbevelings vir nuwe aankope aan streng keuring onderwerp word.

Om beide hierdie oogmerke te bereik kan daar met groot nut van die dienste van vakreferente gebruik gemaak word, mits daar toegesien word dat hierdie mense benewens hul vakkundige bekwaamheid ook opgeleide biblioteekkundiges is. Dit is in besonder hul taak om navorsers by te staan in die gebruik van die biblioteek en sy bronne, en vir die doel moet hulle nie net kennis dra van die behoeftes van die navorsers nie, maar ook op hoogte wees met die volle potensiaal van die biblioteek; iets wat net moontlik is as hulle oor die nodige biblioteekkundige opleiding beskik.

Dit word aanbeveel dat universiteitsbiblioteke hul sal beywer om in toenemende mate gebruik te maak van die dienste van vakreferente wat aan die bogenoemde vereistes voldoen.

g. Gerekenariseerde stelsels


In hoofstuk III is daar gewys op die voordele wat die gebruik van 'n rekenaar vir die biblioteek sal inhou. In aan=


sluiting by die gedagtes wat daar uitgespreek is, word dit aanbeveel dat universiteitsbiblioteke gunstige oorweging skenk aan die ingebruikneming van die rekenaar, en dat die volgende stappe met die oog hierop gedoen word.


1. Dat 'n verantwoordelike persoon wat ten volle op hoogte is met al die werksaamhede van die biblioteek, en wat oor 'n redelike kennis van gerekenariseerde stelsels beskik, in die biblioteek vir die doel afgesonder word. Dit is nie 'n taak wat net as nog 'n las op die skouers van een of ander gewillige bibliotekaris afgelaai kan word nie.
2. Dat daar baie deeglik ingegaan word op die hoedanighede en die vermoëns van die verskillende rekenaars en die tyd wat aan die biblioteek afgestaan sal kan word. Dit moet 'n besliste ooreenkoms wees dat die biblioteek nie ten koste van enige ander taak afgeskeep sal word nie, en dat geen taak nagelaat of half-klaar gelaat sal word nie.
3. Dat die biblioteek 'n baie duidelike aanduiding kry van sy aanspraak op die rekenaar, asook 'n versekering dat die rekenaar sy deel van die ooreenkoms sal nakom. Die werk van die biblioteek moet nie as 'n rookskerm deur die rekenaar gebruik word om sy eie saak te sterk nie.
4. Dat 'n duidelike en definitiewe aanduiding gegee word van die koste wat aan so 'n projek verbonde is, en dat die versekering gegee word dat sodanige uitgawe nie ten koste van die uitbreiding van die biblioteek sal geskied nie.

5. Dat 'n baie duidelike aanduiding gegee word van die permanentheid van die stelsel wat beoog word. Dit is onmoontlik vir die biblioteek om terug te draai op 'n weg wat eenmaal ingeslaan is.

6. Dat universiteitsowerhede bewus gemaak word van die feit dat die rekenaar in geen jare 'n besparing kan meebring nie, en dat die aanvanklike koste aansienlik hoër sal wees as die huidige.







DIE UNIVERSITEITSBIBLIOTEK

1. Die universiteitsbiblioteek

- a. Is die universiteitsbiblioteek deel van die akademiese opset van die universiteit?
.....
- b. Is dit deel van die administratiewe opset?
.....

2. Die biblioteekkomitee

- a. Is dit 'n beherende of adviserende komitee?
.....
- b. Deur wie word die komitee saamgestel?
.....
- c. Hoe is die komitee saamgestel?
.....
- d. Uit hoeveel lede bestaan die komitee?
.....
- e. Wat is die dienstermyn van lede?
.....
- f. Het die komitee medeseggenskap by die aanstelling van:
 - i. Universiteitsbibliotekaris
 - ii. Ander biblioteekpersoneel
- g. Met welke biblioteekaangeleenthede is die komitee gemoeid (bv. reëls, regulasies, interne organisasie)?
.....

3. Die universiteitsbibliotekaris

- a. Wat is die aanstellingsprosedures ten opsigte van die universiteitsbibliotekaris?
.....
- b. Aan wie is hy direk verantwoordelik?
.....
- c. Is sy status en vergoeding vergelykbaar met die van akademiese personeel? Verstrek asseblief besonderhede
.....
- d. Is klasonderrig deel van sy normale werkprogram, en indien wel, welke persentasie?
.....
- e. Is hy lid van die Senaat, en of enige komitees van die Raad of Senaat?
.....

BIBLIOGRAFIE

- ALLEN, L.A.: The management profession. New York, McGraw-Hill, 1964.
- ALLEN, L.A.: Professional management: new concepts and proven practices. London, McGraw-Hill, c1973.
- ANDERSON, J.F.: In the national interest. Library journal, vol. 97, no. 10, May 15, 1972, p. 1774.
- ASHWORTH, W.: The information officer in the university library. Library association record, vol. 41, no. 12, December 1939, p. 583 - 584.
- AUCAMP, P.: Biblioteekvoorligting aan studente en navorsers. Suid-Afrikaanse biblioteke, vol. 39, no. 4, Januarie 1972, p. 273 - 281.
- BAUER, H.C.: Circulation service and public relations. Library trends, vol. 6, no. 1, July 1957, p. 52 - 65.
- BENJAMIN, P.M.: The relation between the librarian and the college administration. College and research libraries, vol. 16, no. 4, October 1955, p. 350 - 352.
- BINGLE, H.J.J.: Die beroepstaak van die universiteit. Koers, jrg. 37, no. 5, April 1970, p. 332 - 348.
- BISSELL, C.T.: The strength of the university. Toronto, University of Toronto press, 1968.
- BOLTON, E.C.: Response of university library management to changing modes of university governance and control. College and research libraries, vol. 33, no. 4, July 1972, p. 305 - 311.
- BRANSCOMB, L.C. ed.: The case for faculty status for academic librarians. Chicago, A.L.A., 1970.
- BROADFIELD, A.: A philosophy of librarianship. London, Grafton, 1949.
- BROWN, J.E.: The CAN/SDI project. Special libraries, vol. 60, no. 8, October 1969, p. 501 - 509.
- BRYAN, H.: The explosion in published information - myth or reality. Australian library journal, vol. 17, no. 11, December 1968, p. 389 - 401.
- BUCK, P.: Libraries and universities. Cambridge, Harvard university press, 1964.

- BYRD, C.K.: Subject specialist in a university library. College and research libraries, vol. 27, no. 3, May 1966, p. 191 - 193.
- COETZEE, J.C.: Na-graadse studie aan ons universiteite. Koers, jrg. 22, no's 5 en 6, April - Junie 1955, p. 268 - 275.
- COETZEE, J.C. en VAN ROOY, D.J.: Beginnels en metodes van die hoër onderwys. Pretoria, Van Schaik, 1949.
- COETZEE, P.C.: Die bibliotekaris as leier. Suid-Afrikaanse biblioteke, vol. 39, no. 4, Januarie 1972, p. 254 - 263.
- COETZEE, P.C.: Nuwe rigting in die biblioteekwese. Suid-Afrikaanse biblioteke, deel 3, no. 2, Oktober 1935, p. 40 - 45.
- CONNOR, J.H.: Selective dissemination of information; a review of the literature and the issues. Library quarterly, vol. 37, no. 4, October 1967, p. 373 - 391.
- DALE, E.: Management: theory and practice; 2nd ed. New York, McGraw-Hill, 1969.
- DAVIE, T.B.: The university library. South African libraries, vol. 20, no. 2, October 1952, p. 25 - 26.
- DAVINSON, D.: Academic and legal deposit libraries; 2nd ed. London, Clive Bingley, 1969.
- DE VLEESCHAUWER, H.J.: The librarian and the library authority. Mousaion, no. 49, 1961, p. 112 - 131.
- DE VLEESCHAUWER, H.J.: The university library; its nature and function (Part One). Mousaion, no. 59, 1962, p. 1 - 73.
- DE VLEESCHAUWER, H.J.: The university library; its nature and function (Part Three). Mousaion, no. 61, 1963, p. 156 - 206.
- DEALE, H.V.: Public relations of academic libraries. Library trends, vol. 7, no. 2, October 1958, p. 269 - 277.
- DE WEESE, L.C.: Status concerns and library professionalism. College and research libraries, vol. 33, no. 1, January 1972, p. 31 - 38.
- DOWNS, R.B.: The current status of university library staffs. College and research libraries, vol. 18, no. 5, September 1957, p. 375 - 385.
- DU PLESSIS, P.G.W.: Universiteitsopleiding in Suid-Afrika vir die sewentiger jare. Suid-Afrikaanse vereniging vir die bevordering van Christelike wetenskap, no. 29, Augustus 1971, p. 6 - 20.

- DU TOIT, S.: Die navorsingstaak van die universiteit. Koers, jrg. 37, no. 5, April 1970, p. 361 - 372.
- FEHL, N.E.: The idea of a university in East and West. Hong Kong, Chung Chi college, 1962.
- FLETCHER, B.: Universities in the modern world. Oxford, Pergamon press, 1968.
- FLIPPO, E.B.: Principles of personnel management; 2nd ed. New York, McGraw-Hill, 1966.
- FUSSLER, H.H. ed.: The function of the library in the modern college. Chicago, University of Chicago, Graduate library school, 1954.
- GREAT BRITAIN. UNIVERSITY GRANTS COMMITTEE: Report of the committee on libraries. London, H.M.S.O., 1967.
- GREAT BRITAIN. UNIVERSITY GRANTS COMMITTEE: Report of the committee on university teaching methods. London, H.M.S.O., 1964.
- HARVARD-WILLIAMS, P.: The teaching function of the university library. Universities review, February 1958, p. 61 - 64.
- HARWELL, R.B.: Public relations in librarianship. Library trends, vol. 7, no. 2, October 1958, p. 248 - 252.
- HOLLEY, E.G.: Organization and administration of urban university libraries. College and research libraries, vol. 33, no. 3, May 1972, p. 175 - 189.
- HOULE, C.D.: The role of continuing education in current professional development. American library association. Bulletin, vol. 61, no. 3, March 1967, p. 259 - 267.
- HOWARD, P.: The functions of library management. Library quarterly, vol. 10, no. 3, July 1940, p. 313 - 349.
- HUGO, T.J.: Die Afrikaanse universiteit en sy taak in die volkslewe. Bloemfontein, Nasionale pers, 1941.
- HUMPHREYS, K.: The subject specialist in national and university libraries. Libri, vol. 17, no. 1, 1967, p. 29 - 41.
- IMMELMAN, R.F.M.: The foundations of library management; organization from the administrative angle. Cape Town, (R.F.M. Immelman), 1947.
- JOLLEY, L.: The function of the university library. Journal of documentation, vol. 18, no. 3, September 1962, p. 133 - 142.

- KENNEDY, J.R.: Integrated library instruction. Library journal, vol. 15, no. 8, April 15, 1970, p. 1450 - 1453.
- KOLDER, H. and SIMPKINS, I.F.: Selective dissemination of information and the academic science library. College and research libraries, vol. 28, no. 1, January 1967, p. 53 - 57.
- LANCOUR, H.: If librarianship is a learned profession. Library journal, vol. 76, no. 13, July 1951, p. 1074 - 1076.
- LINE, M.B.: Information services in university libraries. Journal of librarianship, vol. 1, no. 4, October 1969, p. 211 - 224.
- LOGSDON, R.H.: The librarian and the scholar; internal enemies. Library journal, vol. 95, no. 16, September 15, 1970, p. 2871 - 2874.
- LUHN, H.P.: Selective dissemination of new scientific information with the aid of electronic processing equipment. American documentation, vol. 12, no. 2, April 1961, p. 131 - 138.
- LYLE, G.R.: The administration of the college library; 3rd ed. New York, Wilson, 1961.
- LYLE, G.R.: The president, the professor and the college library. New York, Wilson, 1963.
- McANALLY, A.M.: Organization of college and university libraries. Library trends, vol. 1, no. 1, July 1952, p. 20 - 35.
- McANALLY, A.M.: Privileges and obligations of academic status. College and research libraries, vol. 24, no. 2, March 1963, p. 102 - 108.
- McKELDIN, T.R. and CLAPP, V.W.: The university library and the wise man. College Park, University of Maryland library, 1958.
- MALAN, S.I.: 'n Nasionale netwerk vir biblioteek- en inligtingsdienste in Suid-Afrika; lesing. Bloemfontein, 16 Augustus 1974.
- MASSMAN, V.F.: Faculty status for libraries. Metuchen, N.J., Scarecrow press, 1972.
- MEWS, H.: Library instruction concerns people. Library association record, vol. 72, no. 1, January 1970, p. 8 - 10.
- MOODY, R.L.: Our academic library leadership: from the faculty? College and research libraries, vol. 21, no. 5, September 1960, p. 362 - 368.
- MUMFORD, L.Q. and ROGERS, R.D.: Library administration in its current development. Library trends, vol. 7, no. 3, January 1959, p. 357 - 367.

- NATIONALE KONFERENSIE VAN BIBLIOTEEKOWERHEDE. PRETORIA, 1962: Program vir verdere biblioteekontwikkeling in die Republiek van Suid-Afrika. Potchefstroom, Suid-Afrikaanse biblioteekvereniging, 1963.
- ORTEGA y GASET, J.: Mission of the university. London, Routledge and Kegan Paul, 1944.
- OVERDUIN, P.G.J.: Die biblioteek in die onderwys. Intreerede uitgespreek by die aanvaarding van die amp van hoogleraar in die Biblioteekkunde. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1973.
- POSTHUMUS, K.: De universiteit; doelstellingen, functies, structuren. 'sGravenhage, Ministerie van onderwijs en wetenschappen, 1972.
- PRELLER, S.J.: Die opvoedingstaak van die universiteit. Koers, jrg. 37, no. 5, April 1970, p. 349 - 360.
- REYNDERS, H.J.J.: Die taak van die bedryfsleier. Pretoria, Van Schaik, 1971.
- RITTER, R.V.: An investigation of classroom-library relationships on a college campus as seen in recorded circulation and GPA's. College and research libraries, vol. 29, no. 1, January 1968, p. 30 - 40.
- ROGERS, R.D. and WEBER, D.C.: University library administration. New York, Wilson, 1971.
- SAUNDERS, W.L. ed.: University and research library studies. Oxford, Pergamon press, 1968.
- SCHNEIDER, J.H.: Selective dissemination and indexing of scientific information. Science, vol. 173, no. 3994, July 1971, p. 300 - 308.
- SCHUTTE, H.J.: Navorsing aan ons universiteite. Koers, jrg. 24, no. 6, Junie 1957, p. 253 - 261.
- STATUTES OF THE CAPE OF GOOD HOPE, vol. 2, 1652 - 1895. Cape Town, Juta, 1895.
- STELLINGWERF, J.J.: Inleiding tot de universiteit; de samenhang der wetenschappelijke biblioteek. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn, 1971.
- STOCKHAM, K.A.: The government and control of libraries. London, Andre Deutsch, 1968.
- STONE, E.: Training for the improvement of library administration. Urbana, University of Illinois, Graduate school of library science, monograph series, 1967.

SUID-AFRIKA (REPUBLIEK) RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.
INSTITUUT VIR INLIGTING EN SPESIALE DIENSTE: University education in the Republic of South Africa. Pretoria, Human science research council, 1972.

SUID-AFRIKAANSE BIBLIOTEEKVERENIGING: Memorandum insake universiteitsbiblioteke aan die kommissie van ondersoek na universiteitswese. Potchefstroom, 1969.

SWANSON, D.R.: On improving communication among scientists.
Library quarterly, vol. 36, no. 2, April 1966, p. 79 - 87.

THOM, H.B.: Die behoud van geestelike waardes in Suid-Afrika; die universiteit en sy taak. Tydskrif vir wetenskap en kuns, vol. 16, no. 2, Oktober 1956, p. 50 - 61.

THOMPSON, J.: An introduction to university library administration. London, Clive Bingley, 1970.

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA. DEPARTEMENT BIBLIOTEEKKUNDE:
Seminaar oor vakreferensiedienste aan universiteitsbiblioteke. Pretoria, Universiteit van Suid-Afrika, 1973.

UNIE-WETTE. Geklassifiseerde en geannoteerde herdruk, 1910 - 1947.
Deel 5. Durban, Butterworth, 1950.

VAN RIESSEN, H.: The university and its basis. Lecture before the Unionville conference. (n.d.)

VAN ROOY, H.C. en VILJOEN, A.J. reds.: Nuwere ontwikkelinge op die gebied van die biblioteekwese en inligtingsvoorsiening. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1969.

VILJOEN, A.J.: 'n Fundering van die interne organisasie van die universiteitsbiblioteek op teoretiese grondslae. M.-verhandeling. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1967.

WHITE, C.M.: The place of the university library in the modern world. American library association. Bulletin, vol. 34, no. 8, September 1940, p. 440 - 445.

WILSON, L.R. ed.: Library trends; papers presented before the library institute at the University of Chicago, August 3 - 15, 1936. Chicago, University of Chicago press, 1937, p. 158 - 185.

WILSON, L.R. and TAUBER, M.F.: The university library; its organization, administration and functions. Chicago, University of Chicago press, 1948.



